

# *Skrede na Christus Bybelstudiegids*

Kopiereg (C) 1998 deur
Merlin Beerman en Revelation Publications.
Alle regte wêreldwyd voorbehou.

***Voorwaardes vir die verspreiding hiervan:***

Ons oortuiging is dat indien u nie hierdie kopïeer en met andere deel nie, u aanspreeklik sal wees voor die Here, daarom moedig ons u aan om dit te deel en laat u toe om dit sonder outeursaandeel te doen op die volgende voorwaardes: Hierdie material mag op ‘n PDF formaat gestoor word of gefotostateer en gedruk word om te deel. Dit mag nie verkoop word of op enige manier verander word nie en hierdie kopiereg- kennisgewing moet in elke opeenvolgende kopie verskyn.

**Bible-Lessons.org**
**PublisherForGod@gmail.com**

Teks is aangepas vanaf *Skrede na Christus* deur E.G. White.
Aangepas na Bybelstudies deur Merlin Beerman
Illustrasies - Kopiereg (C) Justinen Creative
Group Nampa ID www.goodsalt.com

Antwoorde op die vrae is Skrif geneem uit die:
Ou Afrikaanse Bybelvertaling.
Kopiereg © 1957 deur die
Bybelgenootskap van Suid- Afrika.
Alle regte voorbehou.

# Inhoudsopgawe

**God se Liefde vir die Mens – 1**

**Die Sondaar se Behoefte aan Christus - 2**

**Besef ons Behoefte - 3**

**Berou- 4**

**Belydenis van Sonde – 5**

**Toewyding - 6**

**Geloof en Aanneming – 7**

**Die Toets van Dissipelskap – 8**

**Geestelike Groei - 9**

**Die Werk en die Lewe – 10**

**Kennis van God – 11**


**Die Voorreg van Gebed – 12**

**Die Krag van Gebed – 13**

**Wat om met Twyfel te doen – 14**

**Vreugde in die Here! – 15**

**Vreugde Nou en vir Ewig – 16**



# Les 1
# God se Liefde vir die Mens

## (1) HOE TOON GOD SY LIEFDE VIR AL SY SKEPSELS?

***Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae. (Psalm 145:15-16)***

Beide die natuur en die Skrifte getuig van God se liefde vir ons. Ons hemelse Vader is die bron van lewe, wysheid en vreugde. Aanskou die wonderbaarlike en skone dinge van die natuur. Dink daaraan hoedat hulle geskape is, nie alleen vir die behoeftes en geluk van die mens nie, maar vir alle lewende skepsels. Die sonskyn en die reën wat die aarde verbly en verkwik, die berge, die see en die vlaktes

– almal getuig van die liefde van die Skepper. Dit is God wat in die behoeftes van al Sy skepsels voorsien.

## (2) OP WATTER MANIER BESKRYF DIE BYBEL GOD?

***En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom. (1 Johannes 4:16)***

God het die mens volkome heilig en gelukkig geskape; en toe die skone aarde van die Skepper se hand gekom het, het dit geen teken van bederf of van vloek getoon nie. Dit is die oortreding van God se wet – die wet van liefde – wat die ellende en die dood veroorsaak het. Maar selfs te midde van die lyding as gevolg van die sonde, is die liefde van God geopenbaar. Daar staan geskrywe dat God die aarde om die mens se ontwil vervloek het (Genesis 3:17). Die dorings en die distels – die moeilikhede en beproewings wat hierdie lewe 'n lewe van geswoeg en vermoeienis maak – word vir die mens se beswil toegelaat as 'n deel van God se plan vir sy opheffing uit die verwoesting en ellende wat deur die sonde veroorsaak is. Hoewel die wêreld in sonde gedompel is, is die lewe nie enkel verdriet en droefheid nie. In die natuur self is daar vir ons boodskappe van hoop en vertroosting. Die distels dra blomme en daar is rose aan die dorings.

Elke ontluikende knoppie en elke grashalmpie getuig dat God liefde is. Die singende voëltjies, die pragtige blomme wat hulle soete geur in die lug versprei, die groot woudreuse met hulle groen drag – almal getuig van die tere, vaderlike sorg van God, en Sy begeerte om Sy kinders gelukkig te maak.

## (3) WAT IS SOMMIGE VAN GOD SE KARAKTEREIENSKAPPE?

***Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid. Hy sal Hom weer oor ons ontferm; ja U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp. (Miga 7:18-19)***

In Sy Woord openbaar God Sy karakter, en Hy self getuig van Sy oneindige liefde en ontferming. Toe Moses gebid het “Laat my tog U heerlikheid sien,” het die Here geantwoord, “Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan.” Exodus 33:18, 19.

Deur ontelbare tekens in die hemel en op die aarde trek God ons harte tot Hom. Deur die natuur en deur die teerste aardse bande wat die mens ken het Hy getrag om Homself aan ons te openbaar. Maar nogtans stel hierdie dinge Sy liefde maar baie gebrekkig aan ons voor.

## (4) HOE SAL ONS GOD VOORSTEL AS ONS HOM NIE KEN NIE, EN EERDER SATAN SE VALS AANTUIGINGS TEEN SY KARAKTER GLO?

***Hulle sal stof lek soos die slang, hulle sal soos grondkruipers bewende uit hulle vestings te voorskyn kom, hulle sal sidderende kom na die HERE onse God, en hulle sal vir U vrees. (Miga 7:17 NKJV)***

Hoewel al hierdie bewyse aan ons gegee is, het die vyand van alles wat goed is, die mens verblind sodat hy met vrees aan God dink as iemand wat hard en onvergewensgesind is. Satan het God aan die mens voorgestel as iemand van wie die vernaamste karaktertrek strenge geregtigheid is – ‘n onverbiddelike regter en ‘n ongenadige skuldeiser. Hy stel die Skepper voor as iemand wat gedurig op die loer is om die foute van die mens raak te sien sodat Hy hulle kan straf. Dit was om hierdie valse voorstelling uit die weg te ruim dat Jesus onder die mense kom woon en die oneindige liefde van God geopenbaar het.

## (5) WATTER GROOT VOORREG HET DIE MENSDOM VERLOOR NADAT HULLE GEKIES HET OM TE SONDIG?

***Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. (Johannes 1:18.)***

## (6) HOE WEET ONS HOE DIE VADER IS?

***As julle My (Jesus Christus) geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. (Joh. 14:7)***

Die Seun van God het van die hemel gekom om die Vader te openbaar. Toe een van die dissipels met die versoek gekom het, "Toon ons die Vader," het Jesus geantwoord, "Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien, en hoe sê jy: Toon ons die Vader?" Johannes 14:8, 9.

## (7) VIR WATTER ANDER REDE HET JESUS OOK NA DIE AARDE GEKOM?

***Die Here het My gesalf om die evangelie aan die armes te bring; Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig, en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur. (Lukas 4:18, 19)***

Jesus het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was. Daar was dorpe waar daar nie in een enkele huis die versugting van 'n sieke gehoor is nie; want Hy het al daardie dorpe besoek en al hulle siekes genees. Sy werk het getuig van Sy goddelike salwing. Liefde, barmhartigheid en ontferming het uit al Sy dade gestraal; met tere medelyde het Hy die mensekinders bejeën. Hy het die menslike natuur aangeneem sodat Hy die mens se behoeftes kon verstaan. Die armoedigstes en nederigstes was nie bang om Hom te nader nie. Selfs die kindertjies het aangetrokke gevoel tot Hom. Hulle het graag op Sy knie gesit om in Sy peinsende gesig, so vol van liefde te staar.

## (8) HOE HET CHRISTUS HOMSELF EN DIE EVANGELIE-BOODSKAP VOORGESTEL?

***En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. (Johannes 1:14)***

Jesus het nooit een enkele woord van waarheid agtergehou nie, maar Hy het dit altyd in liefde gespreek. Hy het die grootste takt aan die dag gelê, en was altyd bedagsaam en vriendelik in Sy omgang met die mense. Hy was nooit onbeskof, het nooit onnodig 'n harde woord

gesê, en nooit 'n gevoelige hart onnodig seergemaak nie. Hy het nie die menslike swakheid bestraf nie. Hy het die waarheid gespreek, dog altyd in liefde. Hy het geveinsdheid, ongeloof en sonde bestraf, maar Hy het dit met trane gedoen. Hy het oor Jerusalem, die stad wat Hy liefgehad het, maar wat Hom, die weg, die waarheid en die lewe verwerp het, geween. Hulle het Hom, die Verlosser, verwerp, maar Hy het hulle met die grootste ontferming bejeën. Hy het 'n opofferende lewe gelei, en altyd aan ander gedink. Elke siel was kosbaar in Sy oë. Terwyl Hy Homself gedurig met goddelike waardigheid gedra het, het Hy met die grootste liefde neergebuig tot elke lid van die hemelse gesin. In alle mense het Hy gevalle siele gesien wat Hy moes red.

Dit is die karakter wat Christus in Sy lewe geopenbaar het, en dit is die karakter van God. Die strome van goddelike liefde wat in Christus geopenbaar is, en wat vloei na die mensekinders, kom uit die Vader se hart. Jesus, die tere, ontfermende Heiland, was God self, geopenbaar in die vlees (1 Timótheüs 3:16).

## (9) HOE WAS JESUS TER WILLE VAN ONS OP AARDE BEHANDEL?

***Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jesaja 53:3-5)***

Dit was om ons te kan verlos dat Jesus gelewe, gely en gesterf het. Hy het die "Man van Smarte" geword, sodat ons deelgenote kon word van die ewige vreugde. God het Sy geliefde Seun, vol van genade en waarheid, toegelaat om van 'n oord van onbeskryflike heerlikheid te kom na 'n deur sonde besoedelde wêreld, 'n wêreld in die skaduwee van die dood en die vloek. Hy het Hom toegelaat om die skoot van Sy liefde en die aanbidding van die engele te verlaat, om skande, smaad,

vernedering, haat en die dood te verduur. Aanskou Hom in die woestyn, in Getsemane, en aan die kruis! Die vlekkelose Seun van God het die sonde van die wêreld op Hom geneem. Hy wat eers een was met God, het in Sy siel die aaklige skeiding gevoel, wat die sonde tussen God en die mens veroorsaak.

## (10) WATTER WOORDE HET JESUS IN SIELSANGS UITGEROEP TOT DIE VADER?

***En omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: MY GOD, MY GOD, WAAROM HET U MY VERLAAT? (Matthéüs 27:46)***

Dit was die sondelas – die besef van die ontsettende grootheid daarvan, en dat dit die siel van God skei – wat die hart van die Seun van God gebreek het.

## (11) WAT IS DIE BASIESE REDES WAAROM GOD SY SEUN NA DIE AARDE GESTUUR HET?

***Want so lief het God die wêreld gehad , dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16)***
***... naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. (2 Korinthiërs 5:19)***

Maar hierdie groot opoffering was nie gemaak om liefde in die hart van die Vader op te wek vir die mens nie, en nie om Hom gewillig te maak om te verlos nie – glad nie! "So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het." Johannes 3:16. Die Vader het ons lief, nie omdat daar so 'n groot soenoffer gegee is nie, maar Hy het die soenoffer gegee omdat Hy ons liefgehad het. Christus was die kanaal waarlangs Sy oneindige liefde na die gevalle wêreld gevloei het. God het saam met Sy Seun gely. In die sieleangs van Getsemane, die dood op Golgota, het die hart van ewige liefde die prys van ons verlossing betaal.

## (12) HOE HET JESUS SY DEELNAME BESKRYF IN DIE VERLOSSING VAN DIE GEVALLE MENSDOM EN WAT WAS DIE VADER SE REAKSIE?

***Daarom het die Vader My lief omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem. Johannes 10:17***

Dit wil sê: "My Vader het julle so lief, dat Hy My nou nog liewer het omdat Ek My lewe gegee het om julle te verlos. Deur julle Plaasvervanger en Borg te word, deur My lewe op te offer, deur julle skuld en julle sondes op My te neem, het Ek My nog meer bemind gemaak by My Vader; want as gevolg van My soendood kan God terselfdertyd regverdig wees en nogtans diegene regverdig verklaar wat in My glo."

Niemand behalwe die Seun van God kon ons verlos het nie; want alleen Hy wat in die skoot van die Vader was, kon Hom openbaar. Alleen Hy wat die hoogte en diepte van die liefde van God geken het, kon dit aan ons openbaar. Niks minder as die soendood van Christus ten behoewe van die gevalle mens kon uitdrukking gee van die Vader se liefde vir die verlore mensdom nie. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het." Hy het Hom gegee nie alleen om onder die mense te woon nie, hulle sondes te dra en in hulle plek te sterf nie, maar Hy het Hom aan die gevalle mensdom gegee. Christus moes Homself vereenselwig met die belange en behoeftes van die mensheid.

## (13) WAT IS JESUS NIE SKAAM OM ONS TE NOEM NIE?

***Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie. (Hebreërs 2:11)***

Hy wat een met God was, het Homself aan die mensekinders verbind met bande wat nooit verbreek kan word nie. Jesus skaam Hom nie om ons broeders te noem nie. Hy is ons soenoffer, ons Voorspraak, ons Broeder wat in ons gestalte voor die troon van die

Vader staan, en wat vir ewig een geword het met die geslag wat Hy verlos het – Hy het die Seun van die mens geword. En dit alles het Hy gedoen om die mens op te hef uit die verwoesting en verlaging van die sonde, sodat hy die liefde van God kan weerkaats en in Sy heiligheid kan deel.

## (14) IN SY WONDERBARE LIEFDE, WATTER GROOT EER HET DIE VADER AAN ONS BEWYS?

***Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het, DAT ONS KINDERS VAN God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. (1 Johannes 3:1)***

Die prys wat vir ons verlossing betaal is, die oneindige opoffering van die Vader in die gawe van Sy Seun om vir ons te sterf, behoort ons ‘n verhewe begrip te gee van wat ons kan word in Christus. Toe die apostel Johannes die hoogte en diepte en lengte en breedte van die Vader se liefde vir die gevalle mens besef het, was hy oorstelp met ‘n gevoel van eerbied en aanbidding; en toe woorde hom ontbreek het om uitdrukking te gee aan die grootheid van hierdie liefde, het hy ‘n beroep op die wêreld gedoen om dit te aanskou.
“Kyk wat ‘n liefde die Vader aan ons betoon het dat ons kinders van God genoem kan word.”

## (15) HOE WORD ONS KINDERS VAN GOD?

***Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo. (Johannes 1:12)***

Watter waarde gee dit nie aan die mens nie! As gevolg van hulle oortreding het die seuns van die mense die onderdane van Satan geword. Deur geloof in die soendood van Christus, kan die seuns van Adam die seuns van God word. Deur die menslike natuur aan te neem, het Christus die mensdom verhef. Gevalle mense kan, deur verbinding met Christus, inderdaad die benaming: “seuns van God” waardig word.

Sulke liefde is sonder weerga. Kinders van die hemelse Koning! Is dit nie ‘n heerlike belofte nie! Watter verhewe onderwerp vir oorpeinsing! Die weergalose liefde van God vir ‘n wêreld wat Hom nie liefgehad het nie! Daardie gedagte het ‘n versagtende invloed op die siel, en dit neem die hart gevange om die wil van God te doen. Hoe meer ons die goddelike karakter in die lig van die kruis bestudeer, hoe meer besef ons die genade, barmhartigheid en vergifnis wat gemeng is met die reg en geregtigheid, en hoe duideliker sien ons die ontelbare bewyse van ‘n liefde wat oneindig is, en ‘n ontferming wat die van ‘n moederhart vir haar eiesinnige kind ver oortref.

***Ek is dankbaar teenoor my hemelse Vader vir die prag van die natuur en dat Hy voorsien in my behoeftes en in al die behoeftes van alle lewende wesens.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek word met liefde vervul wanneer ek die genade, lankmoedigheid en barmhartigheid besef wat Hy aan my getoon het in die geskenk van Sy Seun.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek staan verbaas by die besef hoe Jesus na hierdie aarde gekom het en sy liefde getoon het deur die siekes te genees, die blindes te laat sien, die gebrokenes van hart te vertroos, en Sy lewe te gee om die gevalle mensdom te verlos.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

***Dit is my begeerte om meer tyd in God se Woord te spandeer sodat ek Sy liefde beter kan verstaan en hoe ek Sy kind kan word.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

______________________________________________



# Les 2
# Die Sondaar se Behoefte aan Christus

**WATTER VERMOëNS VERKRY ONS WANNEER ONS GOD RESPEKTEER EN GEHOORSAAM?**

***Die vrees van die HERE is die beginsel van wysheid; almal wat Sy gebooie doen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid. (Psalm 111:10 NKJV)***

Toe die mens oorspronklik geskape is, het hy edele vermoëns en 'n kragtige verstand gehad. Hy was 'n volmaakte wese en was in ooreenstemming met God. Maar weens ongehoorsaamheid het sy vermoëns ontaard, en selfsug het die plek van liefde ingeneem. As gevolg van oortreding is sy natuur so verswak dat dit vir hom

onmoontlik was om in sy eie krag die bose mag te weestaan. Satan het hom gevange geneem, en hy sou dit vir ewig gebly het as God nie spesiaal tussenbei getree het nie. Dit was die doel van die versoeker om die goddelike plan met die skepping van die mens in die war te stuur en die aarde met ellende en verwoesting te vervul; hy sou dan op al die ellende wys en beweer dat dit gekom het as gevolg van die skepping van die mens.

## (2) WAAROM HET ADAM EN EVA VIR GOD WEGGEKRUIP?

***En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. (Genesis 3:10)***

In sy sondelose staat het die mens blye gemeenskap met God beoefen "in wie al die skatte van wysheid en kennis is." Kolossense 2:3. Maar na hy gesondig het, het hy nie meer behae gehad in heiligheid nie en het hy vir God weggekruip. En dit gaan vandag nog so met diegene wat nie wedergebore is nie. Hulle is nie in harmonie met God nie en gemeenskap met God is vir hulle nie 'n vreugde nie

## (3) WAT SAL DIE REAKSIE VAN DIE ONBEKEERDES WEES TEN OPSIGTE VAN CHRISTUS SE TEENWOORDIGHEID WANNEER HY WEER KOM?

***en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. (Openbaring 6:16)***

Die sondaar kan nie gelukkig wees in die teenwoordigheid van God nie; hy deins terug vir die gemeenskap met heilige wesens. Al sou hy toegelaat word om die hemel binne te gaan, sou dit vir hom geen vreugde wees nie. Die gees van onselfsugtige liefde wat daar heers waar elke hart in harmonie is met die oneindige Liefde, sou geen snaartjie in sy siel aanroer nie. Sy gedagtes, sy belange, sy motiewe – alles sou vreemd wees vergeleke met die van die sondelose hemelbewoners. Hy sou 'n wanklank wees in die melodie van die

hemel. Vir hom sou die hemel ‘n plek van pyniging wees; sy een begeerte sou wees om weg te vlug van die aangesig van Hom wat die lig en die middelpunt van die hemelse vreugde is. Dit is geen arbitrêre beslissing van God wat die sondaar uit die hemel uitsluit nie, hulle word uitgesluit deur hulle eie onbekwaamheid om daar in te gaan. Die heerlikheid van God sou vir hulle soos ‘n verterende vuur wees. Hulle sou vernietiging verwelkom sodat hulle bedek kan wees van die aangesig van Hom wat gesterf het om hulle te verlos.

## (4) WAAROM KAN DIE SONDAAR NIE SY OF HAAR EIE HART REINIG NIE?

***Ag, kon maar ‘n reine voortkom uit ‘n onreine? Nie een nie. Job 14:4.***

Dit is vir ons onmoontlik om van onsself te ontvlug uit die kuil van die sonde waarin ons geval het. Jeremia 13:23 Ons hart is boos en ons kan dit nie verander nie. “Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” Romeine 8:7. Opvoeding, kultuur, die beoefening van die wilskrag, menslike pogings – alles het hulle plek, maar hier is hulle magteloos. Hulle mag ‘n uiterlike verbetering aanbring, maar hulle kan die hart nie verander nie, hulle kan nie die bron van die lewe reinig nie. Daar moet ‘n krag wees wat van binne werk, ‘n nuwe lewe van omhoog, voordat mens van ‘n lewe van sonde gelei kan word tot ‘n lewe van heiligheid. Daardie krag is Christus. Sy genade alleen kan ‘n siel wat dood is, lewendig maak en dit tot God, tot heiligheid trek.

## (5) WAT MOET IN ONS LEWENS GEBEUR OM ONS VOOR TE BEREI OM GOD SE KONINKRYK TE KAN BINNEGAAN?

***Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand nie weer gebore word nie kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (Johannes 3:3)***

Die Heiland sê, as ons nie ‘n nuwe hart, nuwe begeertes, nuwe motiewe ontvang wat tot ‘n nuwe lewe lei nie, ons die koninkryk van

God nie kan sien nie. Die idee dat mens maar net die natuurlike goedheid in jou moet ontwikkel, is ‘n groot dwaling.

## (6) HOE ALLEEN KAN GEESTELIKE SAKE VERSTAAN WORD?

***Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. (1 Korinthiërs 2:10)***

“Die natuurlike mens neem nie die dinge van die Gees van God aan nie. Want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.” 1 Korinthiërs 2:14. “Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.” Johannes 3:7. Van Christus lees ons: “In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.” Johannes 1:4. Sy Naam is die enigste naam “wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word.” Handelinge 4:12.

## (7) WAAROM STRY ONS NOG TEEN DIE SONDE NADAT ONS DIE BETEKENIS VAN GEREGTIGHEID KEN?

***Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. (Romeine 7:14)***

Dit is nie genoeg om die liefde, die goedheid en die vaderlike ontferming van God te sien nie. Dit is nie genoeg om die wysheid en regverdigheid van Sy wet te bespeur en te besef dat dit op ewige liefde gegrondves is nie. Die apostel Paulus het dit alles besef toe hy uitgeroep het, “Ek stem toe dat die wet goed is. Die gebod is heilig en regverdig en goed.” Maar hy het ook in bittere sielswroeging en wanhoop daarby gevoeg, “Ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.” Romeine 7:16, 12, 14. Hy het verlang na reinheid en geregtigheid, maar hy was magteloos om dit te verkry. Hy het uitgeroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” Romeine 7:24. Dit is die noodkreet wat deur die eeue heen van belaste harte in alle lande opgestyg het. Aan almal is daar slegs

een antwoord, naamlik: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” Johannes 1:29.

## (8) WIE IS DIE ENIGSTE MIDDELAAR WAT KOMMUNIKASIE TUSSEN DIE SONDAAR EN GOD KAN HERSTEL?

***Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus. (1 Timótheüs 2:5)***

Die Gees van God gebruik baie beelde om hierdie waarheid te verduidelik aan siele wat verlang om verlos te word van die sondelas. Toe Jakob, na sy bedrog, van die aangesig van Esau weggevlug het, het hy swaar gebuk gegaan onder die besef van sy sonde. Toe hy daar in die eensaamheid rondgeswerf het, geskei van sy geliefdes, was die gedagte soos lood in sy hart dat sy sonde hom geskei het van God en dat hy verlate was. In diepe droefheid het hy hom daar tussen die heuwels op die grond neergegooi, en ver bo hom het die sterretjies geskitter. Terwyl hy so slaap, het ‘n vreemde lig hom bestraal en hy het ‘n reuse leer gesien wat van die grond tot in die hemel gereik het; engele van God het op en af langs die leer gegaan, en uit die heerlikheid daarbo het ‘n goddelike stem gekom met ‘n boodskap van hoop en vertroosting. Op hierdie manier is aan Jakob bekend gestel, dit waarna sy siel verlang het en waaraan hy so ‘n groot behoefte gehad het, naamlik ‘n Verlosser. Met vreugde en dankbaarheid het hy kennis geneem van ‘n weg waarlangs hy, ‘n sondaar, weer sy gemeenskap met God kon herstel. Die mistieke leer wat hy in sy droom gesien het, het Jesus voorgestel, die enigste kanaal van gemeenskap tussen God en die mens.

Christus het na hierdie selfde beeld verwys in Sy gesprek met Natanael toe Hy gesê het, “Van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.” (Johannes 1:52)

## (9) WAT IS DIE ENIGSTE WEG NA GOD?

***Ek is die weg, die waarheid, en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johanes 14:6)***

Toe hy afgedwaal het, het die mens homself van God vervreem; die aarde en die hemel was geskei. Niks kon die kloof oorbrug nie en daar kon geen gemeenskap wees nie. Maar deur Christus is die aarde weer met die hemel verbind. Deur sy eie verdienste het Christus die kloof wat die sonde gemaak het, oorbrug, sodat die dienende engele weer met die mens gemeenskap kon hê. In sy swakke, hulpelose toestand, verbind Christus die gevalle mens met die bron van oneindige krag.

## (10) WAAROM IS AL ONS POGINGS OM ONSSELF TE KAN RED TEVERGEEFS?

***Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:8-9)***

Daar is net een bron van hoop en hulp vir die gevalle mens; en as hy nalaat om daar hulp te gaan soek, sal al sy drome van vooruitgang en al sy pogings vir die opheffing van homself tevergeefs wees. “Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal neer van bo af van die Vader.” Jakobus 1:17. Sonder Hom kan daar geen karaktervorming wees nie. Die enigste weg tot God is deur Christus.

## (11) WATTER GROOT POGING IS DEUR DIE HEMEL GEMAAK VIR ONS VERLOSSING?

***Want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur Sy offer weg te doen. (Hebreërs 9:26)***

Die hart van God verlang na Sy aardse kinders met ‘n liefde sterker as die dood. In die gawe van Sy Seun het Hy die hele hemel leeggemaak vir ons in daardie een gawe. Die Heiland se dood, lyding

en voorbidding, die diens van die engele, die smeking van die Gees, die Vader wat oor alles is en deur alles werk, die onophoudelike belangstelling van die hemelse wesens – al hierdie dinge werk mee vir die redding van die mens.

O, laat ons die oneindige opoffering wat vir ons gemaak is, oorpeins! Laat ons probeer om die werk en die krag te waardeer wat die hemel bestee om die verloregaandes te red en terug te bring na die Vaderhuis. Sterker motiewe en magtiger werktuie kon onmoontlik in werking gestel word; die oneindige loon van 'n regverdige lewe, die heerlikheid van die hemel, die gemeenskap van engele en van die liefde van God en Sy Seun, die veredeling en uitbreiding van ons kragte – is dit nie sterk genoeg aanleiding en bemoediging om ons te beweeg om onsself te gee in liefdesdiens aan ons Skepper en Verlosser nie?

En aan die ander kant word die oordele van God teen die sonde, die onverbiddelike vergelding, die verlaging van ons karakter, en uiteindelike vernietiging aan ons voorgehou as waarskuwing teen die diens van Satan.

Sal ons nie ag slaan op die genade van God nie? Wat meer kon Hy gedoen het? Laat ons onsself in die regte verhouding stel tot die Een wat ons met so 'n onuitspreeklike liefde liefgehad het. Laat ons die voorsiening wat daar vir ons redding gemaak is, te baat neem sodat ons in Sy ewebeeld verander kan word en herstel kan word in gemeenskap met die dienende engele dat ons in harmonie met die Vader en die Seun gebring kan word.

***Ek besef nou dat God die mens volmaak geskape het met edele vermoëns en in harmonie met Homself. Toe het ons, weens ongehoorsaamheid, swak geword en sonder God se intreding is ons Satan se gevangene en nie in staat om die kwaad te weerstaan nie.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat, as gevolg van hierdie afvalligheid, die mens homself van God geskei het en die enigste weg terug na God is deur Jesus Christus.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek sien my hulpeloosheid en besef my groot behoefte aan Jesus Christus my Verlosser.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek is dankbaar vir God se liefde en die plan van verlossing. Dit is my begeerte om die offer wat Hy so vrylik aanbied aan te neem.***

**Omkring: Ja Besluitloos**



# Les 3
# Besef ons Behoefte

## (1) HOE KAN ONS AS SONDAARS GEREINIG WORD VAN SONDE?

***En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38)***

Dit is deur Christus alleen dat ons in harmonie met God gebring en heilig kan word; maar hoe moet ons tot Christus kom? Baie stel dieselfde vraag as die skare op Pinksterdag, toe hulle, oortuig van sonde, uitgeroep het, "Wat moet ons doen?" Die eerste woorde wat oor Petrus se lippe gekom het in antwoord op hulle vraag, was "Bekeer julle." Handelinge 2:38. By 'n ander geleentheid, kort daarna, het hy gesê: "Kom tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word." Handelinge 3:19.

Bekering sluit in berou oor sonde, asook 'n versaking daarvan. Ons sal die sonde nooit versaak tensy ons die sondigheid daarvan besef nie; en aleer ons 'n afkeer daarvan in ons hart kry, sal daar nie 'n ware verandering in die lewe kom nie.

Daar is baie wat nie reg verstaan wat ware bekering is nie. Daar is baie wat jammer is omdat hulle gesondig het, en daar kom slegs uiterlike hervorming omdat hulle bang is dat hulle sonde hulle in die ellende sal dompel. Maar dit is nie bekering in die Bybelse sin nie. Hulle is jammer vir hulleself pleks van bedroef te wees oor die feit dat hulle gesondig het. Sulke droefheid het Esau ook gehad toe hy besef het dat hy sy geboortereg vir ewig verkwansel het. Bileam, bang vir die engel wat in sy weg gestaan het met 'n swaard, het sy skuld erken om sy lewe te behou; maar daar was geen ware berou oor die sonde nie – geen bekering en geen afsku van die daad nie. Nadat Judas Iskariot sy Here verraai het, het hy uitgeroep: "Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai." Matthéüs 27:4.

Hierdie belydenis is van hom afgepers deur die vrees vir die oordeel wat op hom gewag het. Die gevolge van sy daad het hom met vrees vervul, maar daar was nie 'n diepgaande, hartverskeurende berou in sy siel omdat hy die vlekkelose Seun van God verraai en die heilige van Israel verwerp het nie. Toe die plae van God Farao geref het, het hy sy sonde bely, dog net om verdere straf te vermy, want net sodra die plae opgehou het, het hy weer sy uitdagende houding teenoor die hemel aangeneem. Hulle almal het die gevolge van die sonde betreur, maar daar was geen berou oor die sonde self nie.

## (2) WATTER BESKRYWING GEE HIERDIE VERS VAN CHRISTUS WAT, DEUR DIE HEILIGE GEES, DUISTERNIS

## VERDRYF EN DIE GEHEIME PLEKKE VAN DIE SIEL ONTBLOOT?

***Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. (Johannes 1:9)***

Maar as die hart hom egter oorgee aan die werking van die Gees van God, sal die gewete wakker gemaak word en die sondaar sal ‘n besef kry van die heiligheid van God se wet wat die grondslag is van Sy regering in hemel en op aarde. “Die waaragtige lig wat elke mens verlig” Johannes 1:9, verlig die verborge skuilhoeke van die hart en die duistere dinge word dan geopenbaar. Die hart word oortuig van sonde. Die sondaar kry ‘n besef van die geregtigheid van God en is verskrik deur die gedagte dat hy in sy sonde en onreinheid voor die Kenner van harte sal moet verskyn. Hy kry ‘n blik op die liefde van God, en die sieraad van heiligheid; daar ontstaan by hom ‘n verlange na reinheid en gemeenskap met die hemel.

## (3) WAT SAL ONS GEBED WEES AS ONS WERKLIK JAMMER IS VIR ONS SONDES SOOS KONING DAWID?

***Wees my genadig, o God, na U goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van U barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. (Psalm 51:3-6)***

***Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees. (Psalm 51:12)***

Die gebed van Dawid na sy val, gee ons ‘n goeie voorbeeld van wat opregte berou is. Sy berou was diepgaande en opreg. Hy het geen poging gemaak om sy sonde goed te praat en ook wou hy nie die regverdige vergelding ontvlug nie. Dawid het sy ontsettende sonde ingesien; hy het besef hoe dit sy siel besoedel het; hy het dit verafsku. Hy het nie alleen om vergifnis gebid nie, maar ook om ‘n rein hart. Hy het verlang na die vreugde van heiligheid – om herstel te word in sy gemeenskap met God.

‘n Bekering soos hierdie kan nooit uit ons eie krag voortkom nie; dit kom alleen van Christus wat opgevaar het en gawes aan die mense gegee het.

## (4) WAT IS DIE GEVOLG VAN BELYDENIS WAT VOLG OP WARE BEKERING?

***Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. (Psalm 32:1)***

## (5) WATTER LOGIESE STAPPE GAAN BELYDENIS VOORAF?

***Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig. (Matthéüs 11:28-30)***

Net hier maak baie ‘n fout en daarom slaag hulle nie daarin om die hulp te verkry wat Christus hulle graag wil skenk nie. Hulle meen dat hulle nie na Christus mag kom aleer hulle tot bekering gekom het nie, en dat bekering die weg berei vir die vergewing van hulle sondes. Dit is waar dat bekering die vergifnis van sondes moet voorafgaan, want dit is slegs die gebroke en boetvaardige hart wat sy behoefte aan ‘n Verlosser sal besef. Maar moet die sondaar wag totdat hy eers tot bekering gekom het voordat hy na Jesus mag kom? Moet bekering dan die hinderpaal gemaak word tussen die sondaar en die Verlosser?

Die Bybel leer nie dat die sondaar eers tot bekering moet kom voordat hy die uitnodiging van Christus, “Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee,” (Matthéüs 11:28) kan aanneem nie.

## (6) UIT WATTER BRON KOM WARE BEROU VIR SONDE?

***... Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sonde te skenk. (Handelinge 5:31)***

Dit is die krag wat van Christus uitgaan wat tot ware bekering lei. Petrus maak hierdie punt duidelik waar hy sê: “Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sonde te skenk.” Ons kan net so min tot bekering kom sonder die Gees van Christus wat eers ons gewete moet wakker maak, as wat ons sonder Hom vergifnis kan verkry.

Christus is die bron van alle goeie ingewings en voornemens. Hy alleen kan in die hart ‘n afkeer van die sonde verwek. Elke verlange na waarheid en reinheid, elke oortuiging van ons eie sondigheid, is ‘n bewys dat Sy gees in ons hart werk.

## (7) VIR WIE TREK DIE HERE NA HOM TOE MET DIE GAWE VAN BEKERING EN N AANBOD VAN VERLOSSING ?

***En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek. (Johannes 12:32)***

Christus moet aan die sondaar geopenbaar word as die Een wat vir die sondes van die wêreld gesterf het; en namate ons die Lam van God aan die kruis van Golgota aanskou, sal die verborgenheid van die verlossing vir ons begin duidelik word en die goedheid van God sal ons tot bekering lei. Deur vir sondaars te sterf, het Christus ‘n onuitspreeklike liefde geopenbaar; en namate die sondaar hierdie liefde besef, versag dit sy hart en verwek dit berou in sy siel.

Dit is waar dat mense soms skaam word oor hulle sondige weë, en sommige van hulle slegte gewoontes versaak voordat hulle besef dat hulle tot Christus getrek word. Maar wanneer hulle ‘n poging aanwend om te hervorm as gevolg van ‘n opregte begeerte om te doen wat reg is, is dit die krag van Christus wat hulle trek. Hulle word beïnvloed deur ‘n krag waarvan hulle onbewus is; hulle gewete word wakker en hulle lewe verbeter. Namate Christus hulle trek na die kruis om Hom daar te aanskou – die Een wat vir hulle sondes deurboor is – begin hulle dink aan die wet. Hulle sondige lewe en die sonde in hulle hart word aan hulle geopenbaar. Hulle begin dan ‘n floue besef te kry van die geregtigheid van Christus en hulle roep uit: “O, is die sonde tog nie aaklig dat dit so ‘n slagoffer moes eis om ons te verlos nie? Is

al hierdie liefde, al hierdie lyding en al die vernedering nodig sodat ons nie hoef te sterf nie en sodat ons die ewige lewe kan hê?"

Die sondaar mag hierdie liefde weerstaan; hy mag weier om tot Christus te kom; maar as hy nie weier nie sal hy tot Christus getrek word; 'n besef van die verlossingsplan sal hom in diepe berou oor sy sondes na die kruis bring – die sondes waarvoor die geliefde Seun van God so moes ly.

## (8) WATTER WONDERLIKE UITNODIGING BIED DIE HERE AAN DIEGENE WAT DORS NA MEER AS WAT HIERDIE WêRELD KAN AANBIED?

***En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem verniet. (Openbaring 22:17)***

Dieselfe goddelike Gees wat in die natuur daar buite werk, werk ook in die harte van mense en verwek in hulle binneste 'n onuitspreeklike verlange na iets wat hulle nie het nie. Die dinge van die wêreld bevredig hulle nie. Die Gees van God smeek hulle om daardie dinge te soek wat alleen die vreugde en rus kan bring, naamlik die genade van Christus, die vreugde van heiligheid. Deur sigbare en onsigbare invloede werk die Heiland gedurig om die harte van mense af te trek van die genot van die sonde wat nie bevredig nie, na die oneindige seëninge wat hulle in Hom sal vind. Tot al hierdie siele wat trag om hulle dors te les by die gebarste reënbakke van hierdie wêreld, kom die boodskap: "Laat hom wat dors het, kom. En laat hom wat wil, die water van die lewe neem verniet." Openbaring 22:17.

U wat in u hart verlang na iets beter as wat hierdie wêreld kan gee, hoor in hierdie verlange die stem van God wat tot u siel spreek. Vra Hom om u tot bekering te bring, om Christus aan u te openbaar in Sy groot liefde en in Sy volkome reinheid.

## (9) WANNEER ONS DIE KARAKTER VAN CHRISTUS SIEN, WAT BESEF ONS AS SONDAARS DAN?

***En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6)***

Christus het die beginsels van God se wet, naamlik liefde tot God en die mens, uitgeleef. Goedheid, onbaatsugtige liefde, was die asem van Sy siel. Namate ons Hom aanskou en die lig van die Heiland ons bestraal, sal ons die sondigheid, van ons eie hart besef.

Ons mag onsself vlei soos Nikodemus dat ons 'n goeie lewe gelei het, dat ons karakter onbesproke is en dat ons geen behoefte het om onsself voor die aangesig van God te verootmoedig soos 'n gewone sondaar nie; maar wanneer die lig van Christus in ons harte skyn, sal ons sien hoe onrein ons is; ons sal ons selfsug sien en die vyandskap teenoor God wat ons hele lewe besoedel het. Dan sal ons besef dat ons eie geregtigheid soos 'n wegwerplike kleed is, dat die bloed van Christus alleen ons kan reinig van die besoedeling van die sonde en ons harte na Sy ewebeeld kan vernuwe.

Een straal van die heerlikheid van God, een greintjie van die reinheid van Christus sal elke vlek van die sonde in die hart blootstel en die gebreke en mismaaktheid van die menslike karakter aan die lig bring. Dit sal die onheilige begeertes, die ontrouheid van die hart en die onreinheid van die lippe openbaar. Die sondaar se oortreding van God se wet word aan hom getoon en sy gees is verslae onder die deurtastende invloed van die Gees van God. Hy verafsku homself waar hy 'n blik kry op die reine, vlekkelose karakter van Christus.

**(10) WATTER UITWERKING HET DIT OP DANIëL GEHAD TOE HY DIE FOUTE IN SY KARAKTER BESEF?**

***Toe het ek alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien , en geen krag het in my oorgebly nie; want my gesonde kleur het in my verander, en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie. (Daniël 10:8)***

Toe Daniël die heerlikheid gesien het wat die hemelse boodskapper omring het wat na hom gestuur is, was hy oorweldig deur die besef van sy eie swakheid en onvolmaaktheid. Hy beskryf sy ondervinding

in bogenoemde vers. Die siel wat so getref is, sal sy selfsug haat en sy eieliefde verafsku, en hy sal deur die geregtigheid van Christus verlang na ‘n rein hart wat in ooreenstemming is met die wet van God en die karakter van Christus.

**(11) WAT SAL ONS SOOS PAULUS Sê, WANNEER ONS DIE REINHEID VAN CHRISTUS SIEN EN DIE WARE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE BEGINSELS VAN GOD SE WET BESEF?**

***En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe. (Romeine 7:9)***

Paulus sê dat hy “wat die geregtigheid in die wet betref,” dit wil sê wat sy uiterlike dade betref, “onberispelik” was (Filippense 3:6). Maar toe hy egter besef het dat die wet geestelik is, het hy sy sondigheid ingesien. Geoordeel volgens die letter van die wet soos mense dit gewoonlik op die uiterlike lewe toepas, was hy onskuldig; maar toe hy die diepere betekenis van daardie heilige voorskrifte begin besef en homself gesien het soos God hom sien, het hy in ootmoed neergebuig en sy skuld bely. Hy sê: “Sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe, en ek het gesterwe.” Romeine 7:9. Toe hy die geestelike aard van die wet ingesien het, het hy ook die ware afskuwelikheid van die sonde ingesien en die hoe dink van homself was weg.

***Ek is dankbaar dat ek Jesus se uitnodiging aanvaar het om na Hom te kom en van Hom te leer sodat ek rus kan vind vir my siel.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Soos wat Hy my getrek het en ek meer tyd met Hom in Sy Woord spandeer, sien ek Sy geregtigheid en besef ek dat my lewe en karakter onrein en onheilig is.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Hy plaas in my hart 'n begeerte om meer soos Hy te wees, maar ek besef dat ek  nie die krag het om myself  te verander nie.***

**Omkring:    Ja     Besluitloos**

***Ek is dankbaar dat ek net soos ek is, na Hom kan kom–sondig, hulpeloos en afhanklik–en sy belofte kan opeis  om veranderinge in my lewe te maak wat Hom sal verheerlik.***

**Omkring:    Ja     Besluitloos**

–

——



# Les 4
# Berou

**(1) WAT IS DIE EERSTE SONDE WAT IN HIERDIE VERS GENOEM WORD WAT VERAL AANSTOOTLIK IS VIR GOD?**

***Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en ‘n slegte  wandel en ‘n huigelagtige mond haat ek. (Spreuke 8:13)***

Die Here beskou nie alle sondes as ewe groot nie; by Hom is daar, net soos ook by die mens, grade van skuld; maar hoe nietig hierdie of daardie daad ook vir die mens mag skyn, is geen sonde egter gering in die oog van God nie. Die mens se oordeel is partydig en onvolmaak; maar die Here sien alles in die ware lig. Die dronkaard word byvoorbeeld verag, en aan hom word gesê dat sy sonde hom uit die hemel sal uitsluit; terwyl hoogmoed, selfsug en hebsug dikwels onbestraf gelaat word. Maar hierdie is sondes  wat God veral haat, want hulle is teenstrydig met Sy karakter – daardie onselfsugtige liefde wat die ganse hemel deurstraal. Diegene wat hulleself aan die growwe sondes skuldig maak, mag hulle skande en armoede besef, asook hulle behoefte aan die genade van Christus; maar hoogmoed voel geen behoefte nie en sluit sy hart teen Christus en die oneindige seëninge wat Hy kan gee.

**SOOS DIE BEROUVOLLE TOLLENAAR TOE HY OORTUIG WAS VAN SONDE, WAT MOET ONS OPREGTE GEBED WEES?**

***En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! (Lukas 18:13)***

Die boetvaardige tollenaar wat gebid het: “o, God, wees my sondaar genadig,”  het homself as baie sondig beskou, en ander het hom ook so beskou; maar hy het sy  behoefte ingesien, en onder ‘n diepe besef van sy sonde en skande het hy God om genade gesmeek. Sy hart was oop vir die Gees om Sy werk te doen en hom vry te maak van die mag van die sonde. Die Fariseër se vermetele, eiegeregtige gebed het getoon dat sy hart gesluit is vir die invloed van die Heilige Gees. Omdat hy so ver van God afgedwaal het, kon hy geen besef vorm van sy eie onreinheid in teenstelling met die goddelike

heiligheid nie. Hy het geen behoefte gevoel nie, en het dus ook niks ontvang nie.

## (3) NADAT ONS OORTUIG IS VAN SONDE, WAAROM IS ONS NIE IN STAAT OM DIE VRUG VAN HEILIGHEID DEUR ONS EIE POGINGS IN ONS LEWENS TE DRA NIE?

***Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5)***

As u u sondigheid insien, moet dan nie wag om uself eers te verbeter nie. Hoe baie is daar nie wat dink dat hulle nie goed genoeg is om na Chrsitus te kom nie. Dink u dat u uself kan verbeter deur u eie pogings? “Kan ‘n Kusiet sy vel verander, of ‘n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen.” Jeremia 13:23.

Vir ons is daar alleen by God hulp. Ons moet nie wag op sterker oortuigings, op beter geleenthede, op reiner harte nie, want vanuit onsself kan ons niks doen nie. Ons moet na Christus kom net soos ons is.

## (4) WATTER UITWERKING HET SONDE OP ‘N REGVERDIGE MAN WAT GEREGTIGHEID DEUR BEROU GEVIND HET MAAR LATER HOMSELF VAN GOD AFKEER?

***Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen – sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. (Esegiël 18:24)***

Sommige maak ‘n keuse vir verlossing en later, na hul wandel in geregtigheid, maak hulle ‘n keuse om terug te keer na die wêreld. Maar laat niemand homself bedrieg met die gedagte dat God in Sy groot liefde en ontferming uiteindelik selfs diegene sal red wat Sy genade verwerp nie. Die vreeslike sondigheid van die sonde kan alleen in die lig van die kruis reg besef word. Wanneer mense die

argument aanvoer dat God te goed is om die sondaar te verwerp, laat hulle dan ‘n blik op Golgota werp. Dit was omdat daar geen ander manier was om die mens te red nie; omdat die mens sonder hierdie soenoffer onmoontlik kon verlos word uit die mag van die sonde en herstel word in sy gemeenskap met heilige wesens, en ook omdat dit onmoontlik vir hom was om die geestelike lewe deelagtig te word, dat Christus die skuld van die sondaar op Hom geneem en in sy plek gesterf het. Die liefde en lyding en dood van die Seun van God, getuig van die ontsettende grootheid van die sonde, en verklaar dat daar slegs een manier is om van die mag van die sonde verlos te word en ‘n beter lewe te lei, en dit is die oorgawe van die hart aan Christus.

## (5) WIE SE VOORBEELD WORD ONS AANGESê OM TE VOLG?

***Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ‘n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg. (1 Petrus 2:21)***

Die onboetvaardiges verontskuldig hulleself soms deur te wys op die naam-Christene en te sê: “Ek is net so goed as hulle. Hulle is nie onbaatsugtiger, matiger, en versigtiger as ek nie. Hulle het plesier en self net so lief as ek.” Op hierdie manier wil hulle die foute van ander gebruik om hulle eie pligsversuim te regverdig. Maar die sonde en gebreke van ander sal niemand verontskuldig nie; want die Here het nie aan ons ‘n sondige, menslike voorbeeld gestel nie. Die vlekkelose Seun van God is gegee as ons voorbeeld, en diegene wat kla oor die slegte voorbeeld van naam-Christene is juis hulle wat edeler lewens behoort te voer en beter voorbeelde behoort te stel. As hulle dan so goed weet hoe ‘n Christen hom behoort te gedra, is hulle sonde dan nie des te groter nie? Hulle weet wat reg is en tog weier hulle om reg te doen.

## (6) WAT IS DIE GEVOLGLIKE GEVAAR OM NIE TE LUISTER NA DIE PLEITENDE STEM VAN DIE HEILIGE GEES NIE EN DIE VERSAKING VAN SONDE UIT TE STEL?

***Die regskapenheid van die opregtes is vir hulle 'n leier, maar die valsheid van die ontroues vernietig hulle... Die geregtigheid van die regskapene maak sy weg gelyk, maar die goddelose val deur sy goddeloosheid. (Spreuke 11:3, 5
)***

Pas op vir uitstel. Moenie uitstel om u sonde te versaak en u hart deur Christus te laat reinig nie. Dit is juis in hierdie verband waar duisende al 'n fout begaan het tot hul ewige verdriet. Ek sal nie hier wys op die kortstondigheid van die lewe nie; maar daar is 'n groot gevaar – 'n gevaar wat nie reg besef word nie – om na te laat om na die smeekstem van die Heilige Gees te luister en voort te leef in die sonde; want dit is tog wat afstel beteken. Sonde, hoe gering ons dit ook mag ag, stel ons altyd aan die grootste gevaar bloot – die gevaar dat ons vir ewig mag verlore gaan. Die sonde wat ons nie oorwin nie, sal ons oorwin en ons uiteindelike vernietiging veroorsaak.

Adam en Eva het hulleself wysgemaak dat die eet van die vrug van 'n boom tog nie sulke verskriklike gevolge kan hê as wat God verklaar het nie. Maar hierin het hulle juis God se onveranderlike en heilige wet oortree, en dit het skeiding gebring tussen die mens en God, en die sluise geopen wat ongekende ellende en die dood in die wêreld gebring het. Eeu na eeu is die stem van rouklag op die aarde gehoor, en die ganse skepping sug tesame in barensnood as gevolg van die mense se oortreding. Selfs die hemel is aangetas deur die rebellie teen God. Golgota staan as die ewige gedenkteken van die onuitspreeklike offer wat daar nodig was om versoening te doen vir die oortreding van die goddelike wet. Laat ons nooit die sonde geringskat nie.

## (7) WAT IS DIE GEVOLGE DEUR TE KIES OM BEKENDE SONDES IN ONS LEWE TE KOESTER?

***Die goddelose mens se eie sondes maak van hom 'n gevangene. Dit draai hom vas in sy eie sonde (Spreuke 5:22 NLV)***

Elke oortreding, elke veragting of verwerping van die genade van Christus, werk terug op uself; dit verhard die hart, verswak die wilskrag, verstomp die verstand en maak jou nie alleen minder geneig

om jouself oor te gee nie, maar ook magteloser om gehoor te gee aan die sagte smeekstem van God se Heilige Gees.

Baie trag om ‘n lastige gewete stil te maak met die gedagte dat hulle, as hulle maar net wil, ‘n ander weg kan inslaan, en dat hulle, hoewel hulle die roepstem van genade versmaai, later weer geleentheid sal kry om te gehoorsaam. Hulle dink dat hulle, nadat hulle telkens die Heilige Gees bedroef het en hulle die kant van Satan geskaar het, in ‘n tyd van nood tot inkeer sal kom en sal kan verander; maar dit geskied nie so maklik nie. Die ondervinding en opleiding van ‘n leeftyd oefen so ‘n magtige invloed op die hart uit dat maar min dan begerig is om die beeld van Christus te ontvang.

As daar volhard word in selfs een verkeerde karaktertrek, een sondige begeerte, sal die invloed van die evangelie op die hart uiteindelik kragteloos gemaak word. Elke sondige daad laat die siel verder afdwaal van God. Die man wat ongeloof openbaar of onverskillig is teenoor goddelike waarheid, samel maar net die oes in van wat hy vroeër gesaai het. In die hele Bybel is daar nie ‘n ernstiger waarskuwing teen die sonde as die van Salomo nie: “... in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou.”

## (8) WANNEER MOET ONS REAGEER OP CHRISTUS SE UITNODIGING VAN VERLOSSING?

***Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, NOU IS DIT DIE TYD VAN WELBEHAE; KYK, NOU IS DIE DAG VAN HEIL.***
***(2 Korinthiërs 6:2)***

Christus is altyd gereed om ons van die sonde te verlos, maar Hy dwing niemand nie; as ons dan deur volharding in die sonde so verslaaf is daaraan dat ons geen begeerte het om daarvan verlos te word nie, as ons Sy genade nie wil aanneem nie, wat kan Hy dan nog meer doen? Ons het onsself vernietig omdat ons Sy liefde steeds verwerp het. “Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.” Hebreërs 3:7, 8.

## (9) WAT IS DIE ENIGSTE VEILIGE GEBED VIR DIE BEVRYDING VAN DIE MOTIEWE EN VOORNEMENS VAN ‘N BEDRIEGLIKE HART?

***Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ‘n weg is van smart, en lei my op die ewige weg. (Psalm 139:23-24)***

“Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.” 1 Samuel 16:7. Hy sien die vreugde en smart en die afdwalings van die menslike hart waar soveel onreinheid en bedrog in skuil. Hy is bekend met al ons beweegredes en planne. Gaan maar na Hom toe met u hart so vol sonde soos dit is. Maak u hart voor God oop soos die psalmdigter, en bid die volgende gebed: “Deurgrond my, o, God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes en kyk of daar by my ‘n weg is van smart en lei my op die ewige weg.” Psalm 139:23, 24.

Baie het ‘n bloot verstandelike godsdiens, ‘n vorm van godsaligheid, sonder dat die hart gereinig is. Maar ons moet bid: “Skep vir my ‘n rein hart, o, God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees.” Psalm 51:12. Wees eerlik met uself. Wees net so ernstig en volhardend as u sou wees as u lewe op die spel was. Dit is ‘n saak wat u alleen met God moet uitmaak – vir die ewigheid moet uitmaak. As u slegs hoop, en niks meer nie, sal dit u ewige ondergang bewerkstellig.

## (10) WAT IS VYF SPESIFIEKE VOORDELE WAT ONS VERKRY DEUR BIDDEND GOD SE WOORD TE BESTUDEER WAT ONS TOT BEROU SAL LEI?

***...en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.<br>(2 Timótheüs 3:15-16)***

Ondersoek God se Woord biddend. In die Woord en die wet van God en in die lewe van Christus, het u die ewige beginsels van

heiligheid “waarsonder niemand die Here sal sien nie.” Hebreërs 12:14. Dit sal u oortuig van sonde en die weg van saligheid duidelik aanwys. Luister daarna asof dit die stem van God is wat tot u spreek.

## (11) WAT DOEN GOD VIR ONS DEUR CHRISTUS DEUR DIE GAWE VAN BEKERING?

***…dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. (2 Korinthiërs5:19)***

As u sien hoe groot die sonde is, en as u uself sien soos u waarlik is, dan moet u nie moedeloos word nie. Christus het gekom om sondaars te red. Dit is nie nodig vir ons om God met ons te versoen nie, maar – o, wonderbaarlike liefde! – God het in Christus “die wêreld met Homself versoen.” 2 Korinthiërs 5:19. Deur Sy tere liefde trek Hy die hart van Sy afvallige kinders tot Hom. Geen aardse ouer kan ooit so geduldig wees met die foute en misstappe van sy kinders as wat God is teenoor diegene wat Hy graag wil red nie. Niemand kan ooit ernstiger pleit met die oortreder as Hy nie. Geen mens het nog ooit met groter teerheid die afgedwaaldes gesmeek om terug te keer as Hy nie. Al Sy beloftes, al Sy waarskuwings is slegs uitings van Sy onuitpreeklike liefde.

## (12) WIE HET JESUS KOM RED?

***Dit is ‘n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. (1 Timótheüs 1:15)***

As Satan kom om u te vertel hoe groot sondaar u is, vestig dan u oë op u Verlosser en noem Sy verdienstes. Dit sal u help om u oë op Sy lig te hou. Bely u sonde, maar sê aan die vyand dat “Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red”, en dat u ook deur Sy oneindige liefde gered kan word.

## (13) WIE IS DIE EEN WAT DIE HERE DIE MEESTE SAL LIEFHê?

Simon het geantwoord, “Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het.” En Hy antwoord hom: “Jy het reg geoordeel.” Daarom sê ek vir jou: “Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.” (Lukas 7:43, 47)

Jesus het aan Simon ‘n vraag gestel omtrent twee skuldenaars. Die een het aan sy heer ‘n klein bedraggie geskuld, terwyl die ander ‘n groter som geskuld het; maar hy het albei se skuld kwytgeskeld, en Christus het aan Simon gevra watter van die twee sy heer die meeste sou liefhê. Simon het geantwoord, “Die een aan wie die heer die meeste geskenk het.” Ons was ook groot sondaars, maar Christus het gesterf sodat ons vergifnis kan ontvang. Die verdienste van Sy soendood ten behoewe van ons is genoeg om die Vader tevrede te stel. Diegene wat Hy die meeste vergewe het, sal Hom ook die meeste liefhê en sal ook die naaste aan Sy troon staan om Hom lof toe te bring vir Sy groot liefde en oneindige offerande. Hoe meer ons die liefde van God besef, hoe meer sal ons die sondigheid van die sonde besef. Wanneer ons die lengte van die ketting sien wat neergelaat is om ons te red, as ons enigsins die oneindige opoffering besef wat Christus vir ons gemaak het, sal dit ons harte verbrysel en sag maak.

***Terwyl ek nader aan my Heiland kom, sien ek Sy geregtigheid. Ek besef dat my lewe en karakter onrein is en onheilig. Dit is my opregte begeerte om meer soos Hy te wees.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat bekering ware berou vir sonde is en nie net die vrees vir die straf wat dit mag bring nie.***
**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek dank Jesus vir die gawe van bekering wat Hy in my hart geplaas het, en ek het die keuse gemaak om daarop te reageer.***
**Omkring: Ja Besluitloos** __

---



# Les 5
# Belydenis van sonde

**(1) WAT IS DIE VOORWAARDES VIR ONS, AS SONDAARS, OM GENADE TE VERKRY?**

***Wie sy oortredings verswyg, sal nie voorspoedig wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang. (Spreuke 28:13 NLV)***

Die Here verwag nie dat ons iets smartliks moet doen om vergifnis van sonde te ontvang nie. Ons hoef nie lang pelgrimstogte en swaar boete te doen om ons by Hom aan te beveel, of die uitdelging van ons sondes te verkry nie; maar hy wat sy sonde bely en versaak, sal genade ontvang.

## (2) AAN WIE MOET ONS ONS FOUTE BELY?

***Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. (Jakobus 5:16)***
***My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe.***
***(Psalm 32:5)***

Bely julle sondes voor God wat dit alleen kan vergewe, en bely julle misdade vir mekaar. As u u vriend of buurman leed aangedoen het, moet u u skuld bely, en dit is sy plig om u te vergewe. Dan nog moet u God ook om vergifnis vra, want die broeder wat u leed aangedoen het, is die eiendom van God, en toe u hom benadeel het, het u ook teen sy Skepper en Verlosser gesondig. Die saak dien voor die enigste Middelaar, ons Groot Hoëpriester "wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde," en "wat met ons swakhede kan medelyde hê en ons van alle sonde kan reinig" (Hebreërs 4:15).

## (3) IN WATTER TOESTAND MOET ONS HART EN GEES WEES OM WARE VREDE EN NABYHEID AAN GOD TE ONDERVIND?

***Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. (Psalm 34:19)***

Diegene wat hulle nog nie voor die aangesig van God verootmoedig het en hulle sonde bely het nie, het nog nie die eerste voorwaarde van aanneming nagekom nie. As ons nog nie tot ‘n onberoulike bekering gekom het nie, en nog nie in ootmoed en met ‘n verslae gees ons sondes bely het en dit verafsku het nie, dan het ons nog nooit opreg om vergifnis gesoek nie, en as ons dit nog nooit gesoek het nie, het ons ook nog nooit die vrede van God gevind nie. Die enigste rede waarom ons sondes van die verlede nog nie vergewe is nie, is omdat ons nie gewillig is om ons hart te verootmoedig en te voldoen aan die voorwaardes van God se Woord nie.

## (4) HOE SPESIFIEK MOET ONS BELYDENIS VAN SONDE WEES?

***..as hy dan aan een van hierdie dinge skuldig is, moet hy bely waar hy teen gesondig het. (Levitikus 5:5)***

Wat ons moet doen, word duidelik omskryf. Belydenis van sonde, of dit in die openbaar of in die privaat is, moet vry en openhartig geskied. Dit moenie by die sondaar afgedwing word nie. Dit moet ook nie op ‘n ligsinnige, onverskillige manier gedoen word, of afgedwing word van diegene wat nie die afskuwelikheid van die sonde besef nie. Innige, opregte belydenis van sonde sal verhoor word deur die God van barmhartigheid. Opregte belydenis is nooit vaag nie; bepaalde sondes word by die naam genoem. Die sonde mag van so ‘n aard wees dat dit alleen voor God bely moet word; dit mag misdade wees wat bely moet word aan die persone wat daardeur leed aangedoen is; of die sonde mag van ‘n openbare aard wees wat in die openbaar bely moet word. Maar alle belydenis moet definitief wees en bepaalde sondes waaraan u skuldig is, moet bely word.

## (5) WATTER SPESIFIEKE SONDE HET DIE KINDERS VAN ISRAEL BELY?

***Daarom het die hele volk vir Samuel gesê: Bid tot die HERE u God vir u knegte, dat ons nie sterf nie, omdat ons by al ons sondes nog kwaad gedoen het deur 'n koning vir ons te begeer." (1 Samuel 12:19)***

In die dae van Samuel het die Israeliete van God afgedwaal. Hulle het gely as gevolg van hulle sonde, want hulle het hulle geloof in God versaak, Sy krag en wysheid om die volk te regeer, vergeet, en hulle vertroue in Sy bekwaamheid om hulle te beskerm, verloor. Hulle het hulle rug op die Groot Heerser van die heelal gekeer en 'n regeerder verlang soos dié van die nasies rondom hulle. Maar voordat hulle weer vrede gevind het, het hulle die volgende belydenis gedoen: "By al ons sondes het ons kwaad gedoen deur 'n koning vir ons te begeer." Die bepaalde sonde waaraan hulle skuldig was, moes hulle bely.

**(6) VIR ONS BELYDENIS OM AANVAARBAAR TE WEES VIR GOD, WAT MOET ONS DOEN OM ONS OPREGTE BEGEERTE VIR VERGIFNIS TE TOON?**

***Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg; hou op om kwaad te doen . (Jesaja 1:16)***

God sal belydenis van sonde nie aanneem nie as dit nie gepaard gaan met opregte berou en hervorming nie. Daar moet 'n bepaalde verandering van die lewe plaasvind; alles wat God mishaag moet versaak word, en dit sal bewerk word deur 'n opregte berou oor die sonde. Die werk wat van ons kant verlang word, word duidelik voor ons gestel in Jesaja 1:16, 17. In verband met die bekering sê die apostel Paulus, "Want kyk, juis dit dat julle bedroef geword het volgens die wil van God – hoe groot 'n ywer het dit in julle ge-werk, ja verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle gewys dat julle rein is in die saak." 2 Korinthiërs 7:11.

**(7) WANNEER DIT MOONTLIK IS, WAT MOET ONS VIR DIEGENE DOEN VIR WIE ONS TE NA GEKOM HET?**

***Gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, sodat hy geen onreg doen nie – dan***

***sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie." (Esegiël 33:15)***

## (8) VIR WIE HET ADAM EN EVA BLAMEER VIR HULLE DAAD WAT HUL BELYDENIS ONAANVAARBAAR VIR GOD GEMAAK HET?

***En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. (Genesis 3:12) Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet. (Genesis 3:13)***

Wanneer die sonde eers die sedelike gevoel verstomp het, dan sien die sondaar nie die gebreke van sy karakter nie en hy besef ook nie die grootheid van sy sonde nie; en as hy homself nie oorgee aan die werking van die Heilige Gees nie, sal hy blind wees vir die sonde. Sy belydenis is nie ernstig en opreg nie. Vir elke sonde wat hy bely, maak hy 'n verskoning, en sê dat as dit nie vir die omstandighede was nie hy nooit die sonde sou begaan het waarvan hy beskuldig is nie.

Nadat Adam en Eva van die verbode vrug geëet het, was hulle oorweldig deur die skande van hulle daad en hulle was met vrees bevange. Hulle eerste stap was om 'n verskoning te soek vir hulle sonde en om die doodsvonnis te ontwyk. Toe die Here met hulle gepraat het oor hulle sonde het Adam die skuld deels op God en deels op sy vrou geplaas: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het vir my van die boom gegee en ek het geëet." Genesis 3:12, 13. Die vrou het die skuld op die slang geplaas: "Die slang het my verlei en ek het geëet." Waarom het u die slang gemaak? Waarom het U hom in Eden toegelaat? Hierdie vrae word veronderstel in die verskoning wat sy vir haar sonde gemaak het, en dus word God verantwoordelik gehou vir hulle val. Die Gees van selfregverdiging het sy oorsprong gehad by die vader van die leuen, en dit word ook gesien by al die seuns en dogters van Adam. Sulke belydenis is nie ingegee deur die goddelike gees nie en God sal dit nie aanneem nie

## (9) HOE HET DIE TOLLENAAR HOMSELF GESIEN?

***En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig! (Lukas 18:13)***

Waar daar ware bekering is, aanvaar die mens self die skuld van sy oortredings en hy erken dit sonder bedrog of geveinsdheid. Net soos die arme tollenaar, sonder om selfs sy oë na die hemel te rig, sal hy uitroep: "O, God, wees my sondaar genadig." Diegene wat hul skuld beken, sal geregverdig word, want Jesus sal Sy bloed vir die boetvaardige siel pleit.

## (10) WAT HET BEIDE PAULUS EN DAWID GEDOEN WAT 'N AANDUIDING WAS VAN HUL WARE BEROU OOR HUL SONDE?

***Dit het ek ook in Jerusalem gedoen; en ek het baie van die heiliges in gevangenisse opgesluit, nadat ek van die owerpriesters volmag verkry het; en so dikwels as hulle omgebring is, het ek my toestemming gegee. En in al die sinagoges het ek hulle dikwels gestraf en gedwing om te laster en ek het uitermate teen hulle gewoed en hulle vervolg, self tot in die buitelandse stede. (Handelinge 26:10-11)***
***Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. (Psalm 51:5-6)***
**Voorbeelde van opregte belydenis:** Lukas 18:13, 14; 15:18-21; Psalm 51:3, 4; 2 Samuel 12:13; Daniël 9:3-12, 18; Jeremia 3:25
**Voorbeelde van vals belydenis:** Genesis 3:12, 13; 1 Samuel 15:22-26; Josua 7:19-21

In voorbeelde in God se Woord van opregte bekering en verootmoediging het diegene wat belydenis gedoen het van hulle sondes geen verskoning daarvoor gemaak, of probeer om hulleself te regverdig nie. Paulus het nie getrag om hom te verontskuldig nie; hy skilder sy sonde in die swartste kleure, sonder om dit te wil goedpraat. Hy aarsel nie om te verklaar dat: "Christus Jesus in die wêreld gekom

het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is" nie. 1 Timothéüs 1:15.

**(11) WATTER WONDERLIKE BELOFTE KAN ONS OPEIS AS ONS WAARLIK BEROU HET OOR ONS SONDE EN DIT AAN GOD BELY?**

***As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. (1 Johannes 1:9)***

Die verbryselde, boetvaardige hart, verootmoedig deur 'n opregte bekering, sal 'n besef kry van die liefde van God en die groot soenoffer op Golgota, en dit waardeer. Soos 'n kind wat sy sondes aan 'n liefdevolle vader bely, so sal diegene wat waarlik berou het, hulle sondes voor God bely.

***Ek loof die Here vir die gawe van bekering en ek kies om Sy leiding te volg en om my sonde te bely en te laat staan.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek begryp om genade te ontvang en ware vrede in my hart te hê waarna ek verlang, moet ek my spesifieke sondes aan God bely en waar moontlik aan die een wat ek te na gekom het.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Soos wat ek studeer en nader aan Christus kom besef ek dat daar in my verlede diegene was wat ek te na gekom het. Deur God se genade beloof ek om dinge reg te stel waar moontlik.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek vra vir sy kosbare bloed om die baie oortredinge wat ek teenoor Hom en diegene wat Hy geskape het gepleeg het te dek.***

**Omkring: Ja Besluitloos**


***My gebed is dat wanneer ek afdwaal , Hy my die gawe van bekering sal gee en my sal lei om my sondes te bely sodat ek in die pad van geregtigheid sal wandel ter wille van Sy Naam.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

___

___

___



# Les 6
# Toewyding

## (1) HOE MOET ONS DIE HERE SOEK OM HOM TE VIND EN IN SY BEELD HERSTEL TE WORD?

***Julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. (Jeremia 29:13)***

Ons sondige natuur skei ons van God maar die begeerte van Sy hart is dat ons Hom met alle erns sal soek. Dit is net wanneer die hele hart aan Hom oorgegee word dat ons in Sy ewebeeld herstel kan word.

## (2) WAT IS ONS TOESTAND SONDER GOD SE INTREDE?

***En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes. ( Efesiërs 2:1)***

Hierdie vers beskryf ons toestand sonder die Heilige Gees. God wil ons genees en vrymaak. Maar aangesien dit beteken dat ons heeltemal verander moet word, dat ons geheel en al herskep moet word, moet ons ons heeltemal aan Hom oorgee. (Jesaja 1:5; 2 Timothéüs 2:26)

Die stryd teen self is die felste stryd wat nog ooit gestry is. Die oorgawe van self, die oorgawe van die wil aan God, kos stryd; dog die siel moet aan God oorgegee word voordat dit in heiligheid herskep kan word.

## (3) WATTER UITNODIGING DEUR GOD WYS DAT HY ONS VRYHEID VAN KEUSE GEE?

***Kom nou en laat ons die saak uitmaak, Sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit soos purpur, dit sal word soos wol. (Jesaja 1:18)***

Die regering van God, soos Satan ons wil wysmaak, berus nie op blinde onderwerping en dit bestaan nie in onredelike oorheersing nie. Dit doen 'n beroep op ons verstand en gewete. "Kom nou en laat ons die saak uitmaak," is die uitnodiging van die Skepper aan ons (Jesaja 1:18). God dwing nie die wil van Sy skepsels nie. Hy kan nie aanbidding aanneem wat nie bereidwillig en op intelligente wyse geskied nie. 'n Gedwonge onderwerping sal die ware ontwikkeling van hart en karakter verhinder; dit sal van die mens 'n blote outomaat maak, en dit is nie die doel van die Skepper nie. Hy verlang dat die mens, die pronkstuk van die skepping, die hoogs moontlike ontwikkeling sal bereik. Hy stel voor ons die hoë peil waartoe Hy ons wil bring deur Sy genade. Hy versoek ons om onsself aan Hom oor te gee sodat Hy Sy wil in ons kan bewerk. Dit is aan ons oorgelaat om te kies of ons van die sonde vrygestel wil wees om die heerlike vryheid van die seuns van God deelagtig te word.

## (4) WAT MOET ONS GEWILLIG WEES OM TE DOEN WANNEER ONS ONSSELF AAN GOD OORGEE EN DISSIPELS VAN CHRISTUS WORD?

***So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, My dissipel wees nie. (Lukas 14:33)***

In ons oorgawe aan God moet ons noodwendig alles versaak wat ons van Hom skei. Alles wat die hart kan aftrek van God moet versaak word. Mammon is die afgod van vele. Liefde vir geld, die hunkering na rykdom, is die goue ketting wat hulle aan Satan vaskoppel. Reputasie en wêreldse eer word weer deur ‘n ander klas aanbid. ‘n Lewe van selfsugtige gemak en vryheid van verantwoordelikheid is die afgod van nog ander. Ons kan nie deels aan God en deels aan die wêreld behoort nie. Tensy ons nie heeltemal aan God behoort nie is ons nie Sy kinders nie.

## (5) WAAROM KAN ONS NIE VERLOSSING VERDIEN NIE?

***Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God. (Efesiërs 2:8)***

Daar is diegene wat voorgee om God te dien, terwyl hulle op hulle eie krag vertrou om Sy wet te gehoorsaam, ‘n regte karakter te vorm en die saligheid te verwerf. Hulle harte is nie getref deur die liefde van Christus nie, maar hulle trag om die pligte van die Christelike lewe na te kom as iets wat God van hulle verwag om sodoende die hemel te verdien. Sulke godsdiens beteken niks. As Christus in die hart woon sal die siel so vol van Sy liefde, en so vol van die vreugde van gemeenskap met Hom wees, dat hy sal vaskleef aan Hom. Deur Hom te aanskou, sal self vergeet word. Liefde vir Christus sal die dryfveer wees van alle dade. Diegene wat die dringende liefde van God voel, vra nie hoe min hulle moet gee om aan die eise van God te voldoen nie; hulle vra nie wat die laagste peil is nie, maar streef daarna om volkome volgens die wil van hulle Verlosser te lewe. Met die grootste bereidwilligheid gee hulle alles oor, en hulle belangstelling is volgens die waarde van die doel wat hulle nastreef.

‘n Belydenis van Chrisus, sonder hierdie groot liefde, is sommer net woorde, nuttelose vormdiens en slawerny.

**(6) HOE BESKRYF HIERDIE VERS DIE LYDING EN VERNEDERING WAT CHRISTUS VIR ONS VERLOSSING VERDUUR HET?**

***Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.... Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word en soos ‘n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie. (Jesaja 53:5, 7)***

Voel u dat dit ‘n te groot opoffering is om alles aan Christus oor te gee? Stel uself die vraag: “Wat het Christus vir my gegee?” Die Seun van God het alles gegee; Hy het gely, Sy lewe en liefde gegee, vir ons verlossing. En kan dit wees dat ons, onwaardige voorwerpe van sulke groot liefde, ons harte aan Hom sal weier? Elke oomblik van ons lewe, deel ons in die seëninge van Sy genade; en dit is juis om hierdie rede dat ons nie die dieptes van onkunde en ellende kan besef waarvan ons verlos is nie. Kan ons Hom aanskou wat as gevolg van ons sondes deurboor is, en nogtans Sy liefde en opoffering versmaai? As ons dink aan die groot vernedering wat die Here van die heerlikheid moes ondergaan, sal ons dan nog kla omdat ons die ewige lewe moet ingaan deur stryd en vernedering?

**(7) WATTER GROOT LAS HET CHRISTUS IN ONS PLEK GEDRA WAT SAL MAAK DAT ONS BEROU HET VIR ONS SONDES?**

***Daarom sal Ek Hom ‘n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het. (Jesaja 53:12)***

Menige trotse hart vra: “waarom moet ek my verootmoedig en verneder voordat ek die versekering mag hê dat God my aangeneem het?” Ek wys u op Christus. Hy was sondeloos, en nog meer, Hy was die Vors van die hemel; maar nogtans het Hy die sonde van die mensheid op Hom geneem. “Hy was saamgetel met die oortreders, terwyl Hy die sonde van baie gedra het en vir die oortreders gebid het.” Maar wat gee ons as ons alles gee? Net ‘n deur sonde besoedelde hart vir Jesus om deur Sy eie bloed te reinig en deur Sy grenslose liefde te red. En nogtans dink die mens dat dit swaar is om alles op te gee!

**(8) WAT MOET ONS DOEL IN ALLE DINGE WEES, EN WANNEER ONS DIT DOEN, WATTER BELOFTE KAN ONS OPEIS?**

***Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. (Mattheüs 6:33)***

God verwag nie dat ons enige iets sal opgee wat vir ons goed is nie. In al Sy handelinge dra Hy ons belange op die hart. Ek wens dat almal wat Christus nog nie aangeneem het nie, kon besef dat Hy iets oneindig beter het om te gee as wat hulle vir hulleself soek. Wanneer die mens teenstrydig met die wil van God dink en handel, berokken hy homself onberekenbare skade. Geen vreugde kan gevind word op die weg wat verbied is deur die Een wat beter weet as ons en wat gedurig die beste vir Sy skepsels soek nie. Die weg van die oortreder is die weg van ellende en die dood.

**(9) TERWYL ONS DIE KONINKRYK VAN GOD SOEK, OP WATTER BELOFTE KAN ONS STAATMAAK?**

***En verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertou op Hom, en Hy sal dit uitvoer. (Psalm 37:4-5)***

Ons begaan ‘n fout as ons dink dat God behae daarin skep om Sy kinders te sien ly. Die ganse hemel stel belang in die geluk van die mens. Ons hemelse Vader versper nie die weg van vreugde vir Sy

skepsels nie. God wil slegs hê dat ons die dinge sal vermy wat lyding en teleurstelling veroorsaak en wat die deur van geluk en die hemel vir ons sal sluit. Die Verlosser van die wêreld neem sondaars aan soos hulle is, met al hulle behoeftes, gebreke en swakhede; en Hy is nie slegs gewillig om ons van sonde te reinig en verlossing deur Sy bloed te skenk nie, maar Hy sal voldoen aan die begeertes van almal wat bereid is om in Sy juk te trek en Sy las te dra. Dit is Sy doel om rus en vrede te skenk aan almal wat na Hom kom om die brood van die lewe te ontvang. Hy verwag dat ons net daardie dinge sal doen wat ons tot ‘n hoër geluk sal voer – iets wat ongehoorsaamheid nooit aan ons sal kan gee nie. Die ware vreugde van die siel is om Christus te laat gestalte kry in die hart – Christus die hoop op die heerlikheid.

## (10) HOE KAN EK MYSELF HEELTEMAL AAN GOD OORGEE?

***Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien. (Josua 24:15)***

U begeer om uself aan Hom te gee, maar u is swak en ‘n slaaf van twyfelmoedigheid, en die sondige gewoonte oorheers u. U beloftes en voornemens is waardeloos. U kan u gedagtes en drifte en luste nie beheers nie. Die gedagte aan u gebroke beloftes en geloftes wat u nie nagekom het nie, verswak u geloof in u eie opregtheid, en laat u voel dat God u nie sal aanneem nie, maar u hoef nie moedeloos te word nie. Wat u nodig het, is om die ware krag van die wil te besef. Dit is die heersende krag in die hart van die mens; dit laat hom besluit en kies. Alles hang af van die regte gebruik van die wil. God het aan alle mense die vermoë gegee om te kies; hulle moet daardie krag beoefen. U kan u hart nie verander nie, u kan God nie uit u eie liefhê nie; maar u kan kies om Hom te dien. U kan u wil aan Hom onderwerp; Hy sal dan in u werk om te wil soewel as om te werk na Sy welbehae. Op hierdie manier sal u hele natuur onder die beheersing van die Gees

van Christus kom; u liefde sal in Hom sy middelpunt vind en u gedagtes sal in ooreenstemming met Hom wees.

Om te verlang om goed en heilig te wees, is goed in 'n sekere mate; maar as u daar ophou, sal dit niks baat nie. Baie wat maar net verlang en gehoop het om Christene te word, sal verlore gaan. Hulle het nooit tot die punt gekom waar hulle hulleself oorgegee het aan die wil van God nie. Hulle kies nie  om Christene te wees nie.

## (11)  WAT SAL DIE GEVOLG WEES WANNEER ONS ONS WIL EN LEWE TEN VOLLE AAN CHRISTUS OORGEGEE HET?

***Wees nie bevrees nie want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. (Jesaja 41:10)***

Deur die regte beoefening van u wil kan u hele lewe verander word. Deur u wil aan Christus oor te gee, verbind u uself met 'n mag wat sterker is as al die owerhede en magte. U sal krag van omhoog ontvang om u standvastig te maak, en dus sal u, deur gedurige oorgawe aan God, in staat gestel word om die nuwe lewe te leef, ja die lewe van geloof.

***Ek besef dat God se regering nie, soos Satan beweer, gegrond is op blinde  onderwerping en onredelike beheer nie.***

**Omkring:   Ja     Besluitloos**

***Ek is verbaas dat my Skepper alles gegee het–lewe en liefde en lyding–vir my verlossing en in my wil bly om die mag van sonde in my lewe te oorwin.***

**Omkring:   Ja     Besluitloos**

***Ek besef wanneer my wil onder Satan se beheer is, ek nie my gedagtes, neigings en toegeneenthede kan beheer nie; en my beloftes en voornemens om goed te doen is soos toue van sand.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek is dankbaar dat God sy skepsels nie dwing nie. Ek is bly dat Hy ons uitnooi om ons wil aan Hom oor te gee sodat Hy ons kan help om die hoogs moontlike ontwikkeling van verstand, liggaam en karakter te bereik.***


**Omkring: Ja Besluitloos**

***Nou dat ek ‘n duideliker begrip het van die afdwing van die wil, en besef dat die mag van keuse myne is, kies ek dat my wil deur die Gees van Christus beheer sal word.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

---

---



# Les 7
# Geloof en Aanvaarding

**(1) SOOS WAT ONS BEGEERTE OM VREDE EN HARMONIE MET GOD TE Hê GROEI, WAT SAL ONS GODGEGEWE REAKSIE WEES OP DIE BOOSHEID VAN ONS SONDES?**

***Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels. (Esegiël 36:31)***

Wanneer u gewete deur die Heilige Gees wakker gemaak is, het u tot ‘n sekere mate die boosheid van die sonde, die skuld en die ellende daarvan besef, en u verafsku dit. U voel dat die sonde u van God geskei het en dat u 'n slaaf in die mag van die bose is. Hoe meer u worstel om te ontvlug, hoe meer besef u u magteloosheid. U beweegredes is onrein; u hart is besoedel. U sien dat u lewe vol selfsug en sonde is. U verlang na vergifnis, reiniging en vryheid. Ooreenstemming met God, gelykvormigheid aan Hom – hoe sal u dit verkry? U smag na vrede.

**(2) AAN WIE BIED DIE HERE DIE LEWENDE WATER VAN VERGIFNIS EN VREDE AAN?**

***O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! (Jesaja 55:1)***

Dit is vrede wat u nodig het – die vergifnis van die hemel en vrede en liefde in u siel. Geld kan dit nie koop nie, geleerdheid kan dit nie verkry nie, wysheid kan dit nie bereik nie; u kan nooit hoop om dit deur u eie pogings of inspanning te verkry nie. Maar God bied dit vir u aan as 'n gawe, “sonder geld en sonder prys.”

Dit is u geskenk, as u maar net u hand sal uitsteek en dit neem. Die Here sê: “Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.” Jesaja 1:18.

**(3) IN ONS SOEKE NA VREDE, WATTER WONDERLIKE BELOFTE HET DIE HERE AAN ONS GEGEE OM OP TE EIS?**

***En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee. (Esegiël 36:26)***

U het u sondes bely en dit in u hart versaak. U het besluit om uself aan God oor te gee. Gaan nou na Hom toe en vra Hom om u te reinig van u sondes en u 'n nuwe hart te gee. Glo dat Hy dit gedoen het omdat Hy belowe het om dit te doen.

## (4) WAAROM WAS DIE TEKENS EN WONDERWERKE VAN CHRISTUS IN DIE BYBEL OPGETEKEN?

***Hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam. (Johannes 20:31)***

Jesus het die mense van hulle siektes genees toe hulle in Sy krag geglo het; Hy het hulle gehelp in die sigbare dinge en dus hulle geloof aangewakker in die dinge wat hulle nie kon sien nie; en dit het hulle gelei om te glo in Sy mag om sonde te vergewe.

## (5) WATTER DEEL HET ONS IN DIE ONTVANGS VAN VERGIFNIS VAN ONS SONDES?

***Daarom sê ek vir julle: alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. (Markus 11:24)***

Uit die eenvoudige Bybelse verhaal hoedat Jesus die siekes gesond gemaak het, leer ons hoe om in Hom te glo vir die vergifnis van sonde. Laat ons let op die verhaal van die genesing van die lam man van Betesda. Hy was hulpeloos; vir agt-en-dertig jaar het hy nie geloop nie, en nogtans gebied Jesus hom: “Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.” Die siek man kon gesê het, “Here, as U my eers gesond maak, dan sal ek U bevel gehoorsaam.” Maar nee, hy het Christus se woord geglo, hy het geglo dat hy gesond was, en hy het dadelik probeer om te loop; hy het sy wilskrag beoefen, en hy het geloop. Hy het op die woord van Christus gehandel, en God het hom die krag gegee. Hy is gesond gemaak.

## (6) WAAROM KAN ONS NIE DEUR ONS EIE POGING ONS HARTE HEILIG NIE?

***Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? (Jeremia 17:9)***

U is ewe-eens 'n sondaar. U kan nie versoening doen oor u sondes van die verlede nie; u kan u hart nie verander of uself heilig maak nie. Maar God belowe om dit alles vir u te doen deur Christus. U glo daardie belofte; u bely u sondes, en u gee uself oor aan God. U span u wilskrag in om Hom te dien. Net so gewis as u dit doen, sal God Sy woord aan u gestand doen. As u die belofte aanneem – glo dat u vergewe en gereinig is – sal God dit vir u waarmaak; u word gesond net soos die lam man aan wie Christus krag gegee het om te loop toe hy geglo het dat hy gesond gemaak is. Dit is so, as u dit glo.

Moenie wag om te voel dat u gesond is nie, maar sê, "Ek glo dit; dit is so, nie omdat ek dit voel nie, maar omdat God dit belowe het."

## (7) AS ONS IN GELOOF VERGIFNIS VAN GOD VRA, WAAROM KAN ONS VERTROU DAT ONS DIT ONTVANG HET?

***As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid! (Matthéüs 7:11)***

Die Here Jesus sê: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang, en julle sal dit verkry." Markus 11:24. Daar is 'n voorwaarde aan hierdie belofte verbonde, naamlik dat ons volgens die wil van God moet bid. Maar dit is die wil van God om ons van die sonde te reinig, om ons Sy kinders te maak en om ons in staat te stel om 'n heilige lewe te lei. Ons vra dus om hierdie seëninge, ons glo dat ons hulle ontvang, en dank die Here ons verkry hulle ook werklik. Dit is ons voorreg om na Jesus te gaan vir reiniging, en om voor die wet te staan sonder skaamte of verwyt. "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Romeine 8:1.

## (8) HOE KAN ONS, ONS VERHOUDING MET GOD HANDHAAF?

***“Aangesien julle dan Christus Jesus die Here aangeneem het, wandel in Hom.” Kolossense 2:6.***

Voortaan behoort u nie meer aan uself nie; want u is duur gekoop. “Julle is nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop nie, maar deur die kosbare bloed van Christus soos van 'n Lam sonder gebrek en vlekkeloos.” 1 Petrus 1:18, 19. Deur hierdie eenvoudige geloofsdaad het die Heilige Gees 'n nuwe lewe in u hart verwek. U is nou 'n kind van God, en Hy het u lief net soos Hy Sy Seun liefhet.

As u uself eenmaal aan die Here gegee het, moet dan nie weer terugtrek nie; moet Hom nie weer verlaat nie, maar sê elke dag: “Ek behoort aan Christus; ek het myself aan Hom gegee”; en vra Hom om Sy Gees aan u te gee en om u deur Sy genade te bewaar. Dit is wanneer u uself aan God oorgee en in Hom glo, dat u Sy kind word; en so moet u ook in Hom lewe.

## (9) WAT BIED CHRISTUS AAN ALMAL WAT KOM?

***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (Matthéüs 11:28)***

Sommige meen dat hulle 'n proeftyd moet deurmaak en bewys moet lewer dat hulle wel hervorm het, voordat hulle die seën van God kan toeëien. Maar hulle kan dadelik aanspraak maak op die seën van die Here. Hulle moet Sy genade hê – die Gees van Christus – om hulle in hulle swakheid te help, of hulle sal die bose nooit kan weerstaan nie. Jesus wil graag hê dat ons na Hom toe moet kom net soos ons is, vol sonde, hulpeloos en afhanklik. Ons mag kom met al ons swakhede, dwaashede, en sondigheid en aan Sy voete neerval. Dit is vir Hom die grootste genot om Sy arms van liefde om ons te slaan, ons wonde te verbind en ons van alle onreinheid te reinig.

## (10) WATTER VERSEKERING GEE GOD AAN ELKE BEROUVOLLE SONDAAR?

***Ek delg jou oortredinge uit soos ‘n newel en jou sondes soos ‘n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos. (Jesaja 44:22)***

Dis juis hier waar duisende skipbreuk ly: Hulle glo nie dat Jesus hulle persoonlik vergewe nie. Hulle neem Hom nie op Sy woord nie. Dit is die voorreg van almal wat die voorwaardes nakom, om die versekering te hê dat elke sonde uit vrye genade vergewe is. Verwerp die gedagte dat God se beloftes nie ook vir u geld nie; hulle is gegee aan elke boetvaardige sondaar. Daar is in Christus krag en genade vir elke gelowige, en dienende engele sal dit aan hulle bring. Niemand is te sondig om krag en reinheid en geregtigheid te vind in Jesus wat vir hulle gesterf het nie. Hy wag om hulle besoedelde klere uit te trek, en hulle te beklee met die wit klere van geregtigheid; Hy beveel hulle om te lewe en nie te sterf nie.

## (11) HOE HANDEL GOD MET ONS SONDEPROBLEEM AS ONS SY LEIDING TOT BEKERING VOLG?

***Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is Sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. (Psalm 103:10-12))***

God handel nie met ons soos sterflinge met mekaar handel nie. Sy gedagtes teenoor ons is gedagtes van genade, liefde en die teerste ontferming. Hy sê: “Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.” Jesaja 55:7. “Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk.” Jesaja 44:22. “Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here Here. Bekeer julle dan en lewe." Esegiël 18:32.

Satan staan gereed om die geseënde versekerings van God van ons weg te neem. Hy wil alle hoop en lig aan die siel ontneem; maar u moet hom nie toelaat om dit te doen nie. Moenie na die versoeker luister nie, maar sê: “Jesus het gesterwe sodat ek kan lewe. Hy het my lief en wil nie hê dat ek verlore moet gaan nie.

## (12) HOE BEHANDEL ONS HEMELSE VADER SY AFGEDWAALDE KINDERS WAT NA HOM TERUGKEER?

***En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. Toe hy nog ver weg was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. (Lukas 15:20)***

Ek het 'n ontfermende hemelse Vader; en ofskoon ek Sy liefde misbruik het, en alhoewel ek die seëninge wat Hy aan my gegee het, verwaarloos het, sal ek nogtans opstaan en tot my Vader gaan en aan Hom sê: “Ek het gesondig teen die hemel en voor U en ek is nie meer werd om U seun genoem te word nie; maak my as een van U huurlinge.” Die gelykenis vertel hoe die swerwer ontvang is. Maar selfs hierdie gelykenis, aandoenlik soos dit is, slaag nie daarin om die oneindige ontferming van die Vader uit te druk nie. Deur Sy profeet sê die Here: “Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.” Jeremia 31:3. Terwyl die sondaar nog ver van die Vader se huis af is, en sy goed in 'n vreemde land deurbring, verlang die Vader se hart na hom. Elke verlange in die hart van die sondaar is slegs die tere smeekstem van Sy Gees, wat die swerwer smeek en met liefde trek om terug te keer.

## (13) WATTER BELOFTE WORD AAN ALMAL GEGEE WAT DIE HERE SOEK?

***Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. (Johannes 6:37)***

Kan u nog twyfel, in weerwil van die heerlike beloftes van die Bybel? Kan u glo dat die Here die sondaar wat graag wil terugkom en wat verlang om sy sonde te versaak, op 'n wrede manier sal belet om in ootmoed aan Sy voete neer te val? Weg met sulke gedagtes! Niks kan u siel meer kwaad doen as om so oor God te dink nie. Hy haat die sonde, maar Hy het die sondaar lief, en in Christus het Hy Homself gegee, sodat almal wat wil, gered kan word en in Sy heerlike koninkryk ingaan. Kan daar sterker en liefderyker taal gebruik word om Sy liefde vir ons uit te druk? Hy vra:

“Kan ook 'n vrou haar suigeling vergeet dat sy haar nie sal ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie.” Jesaja 49:15.

Hef u oë op, u wat twyfel en vreesagtig is; want Jesus leef om vir ons in te tree. Dank God vir die gawe van Sy geliefde Seun, en bid dat Hy nie tevergeefs vir u mag gesterf het nie. Die Gees roep u vandag. Kom met u hele hart na Jesus en vra om Sy seën.

Waar u hierdie beloftes lees, onthou dat hulle die uitdrukking is van onuitspreeklike liefde en ontferming. Die oneindige liefde van God gaan met onbegrensde ontferming uit tot sondaars. “In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade.” Efesiërs 1:7. Glo net dat God u Helper is. Hy wil Sy beeld in die mens herstel. Waar u in bekering en belydenis tot Hom kom, sal Hy in genade neerbuig en u vergifnis skenk.

## (14) WATTER GESEëNDE BELOFTES KAN AL GOD’S KINDERS OPEIS?

***“Kan ook 'n vrou haar suigeling vergeet dat sy haar nie sal ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie.” (Jesaja 49:15.)***

***Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: EK SAL JOU NOOIT BEGEWE EN JOU NOOIT VERLAAT NIE. Hebreërs 13:5***

***Soos wat ek God’s woord bestudeer het, het ek gevoel hoe Sy Gees aan my hart se deur klop (Openbaring 3:20)***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat ek ‘n verlore sondaar is (Romeine 3:23).***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek is verbaas dat God Sy liefde demonstreer deur Sy Seun Jesus Christus te stuur om my van vernietiging te red (Johannes 3:16, 17) en ek weet dat Hy die enigste Deur na verlossing is (Johannes 10:9).***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat as ek met 'n opregte hart my sondes bely, Jesus se kosbare bloed my van alle ongeregtigheid sal reinig (1 Johannes 1:9).***

**Omkring: Ja Besluitloos**


As jy "Ja" geantwoord het op bogenoemde vrae, nooi ek jou uit om die belangrikste besluit van jou lewe te neem Deur geloof kan jy Jesus as jou persoonlike Verlosser aanneem en Sy groot vrede, mag en onwrikbare liefde in jou lewe onderving. (Johannes1:12) Herhaal eenvoudig hierdie volgende gebed met 'n opregte hart:

***"Onse Vader in die hemel, Ek weet dat ek 'n sondaar is en glo dat U, U Seun gestuur het om vir my te sterf. Ek vra in geloof, om Jesus as my Verlosser te ontvang en dat Sy kosbare bloed my menige sondes sal dek (wees so ver moontlik spesifiek). Ek kies om weg te draai van my sondige weë en vra dat U die HERE van my lewe sal word. In Jesus se Naam, Amen."***

Veels geluk! Jy mag dalk nie anders voel nie, maar omdat jy glo, IS jy 'n verloste kind van God en 'n nuwe skepsel in Christus (Handelinge 16:31)! Nou moet jy, soos 'n takkie wat vas is aan die wynstok elke oomblik in Hom bly (Johannes 15:1-8) en eendag sal Hy kom om jou saam met Hom te neem na jou nuwe tuiste in die hemel (Johannes 14:1-3).

____________________________________________

____________________________________________



# Les 8
# Die Toets van Dissipelskap

**(1) WAARMEE VERGELYK HIERDIE VERS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES?**

***Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. (Johannes 3:8)***

Mens mag miskien nie in staat wees om presies te sê waar en wanneer en hoe die bekering geskied het nie; maar dit is nog geen bewys dat jy nie bekeerd is nie. Christus het aan Nikodemus gesê, "Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." Johannes 3:8. Soos die wind wat onsigbaar is, maar waarvan die uitwerking duidelik gesien en gevoel kan word, is ook die werking van die Gees van God in die menslike hart. Die herskeppende krag, wat die menslike oog nie kan sien nie, verwek 'n nuwe lewe in die siel; dit skep 'n nuwe wese in die ewebeeld van God. Terwyl die werking van die Gees stil en onsigbaar is, kan mens nogtans die uitwerking daarvan duidelik sien. As die hart deur die Gees vernuwe is, sal die bewyse daarvan in die lewe gesien word.

## (2) HOE WORD DIE LEWE VERANDER EN DIE HART VERNUWE?

***As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan; kyk, dit het alles nuut geword. (2 Korinthiërs 5:17)***

Hoewel ons van onsself niks kan doen om ons hart te verander nie, of in ooreenstemming met God te bring nie; hoewel ons nie op onsself of op ons goeie werke moet vertrou nie, sal ons lewe nogtans toon of die genade van God in ons woon. Daar sal 'n verandering in ons leefwyse, karakter en werk gesien word. Die teenstelling tussen wat ons eers was en wat ons nou is, sal baie duidelik uitkom. Ons karakter word geopenbaar, nie deur goeie of slegte dade so nou en dan nie, maar deur ons alledaagse woorde en dade.

Dit is heeltemal moontlik dat daar 'n uiterlike goeie gedrag kan wees sonder die vernuwende krag van Christus. Die feit dat ons graag die goedkeuring van ander wil wegdra en hoog aangeskryf wil wees, mag ons beweeg om 'n goeie lewe te lei. Selfrespek mag ons noop om verkeerde dinge te vermy, en 'n selfsugtige hart mag goeie dade

verrig. Waaraan sal ons ons dan toets; hoe sal ons vasstel aan wie se kant ons staan?

Aan wie behoort die hart? Waar is u gedagtes? Van wie praat u graag? Aan wie bestee u u liefde en vir wie doen u die beste werk? As ons aan Christus behoort, sal ons oor Hom dink en ons soetste gedagtes sal van Hom wees. Al wat ons het en is, sal aan Hom toegewy wees. Ons sal verlang om Sy beeld te dra, Sy Gees te hê, Sy wil te doen en Hom in alles te behaag.

## (3) WATTER KARAKTER-EIENSKAPPE SAL IN ONS LEWE GESIEN WORD WANNEER ONS WAARLIK WEDERGEBORE IS?

***Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. (Galasiërs 5:22)***

Diegene wat nuwe skepsels in Christus Jesus word, sal die vrugte van die Gees voortbring Hulle sal die ou sondige lewe versaak, en deur die geloof van die Seun van God sal hulle Hom navolg, Sy karakter openbaar en hulleself reinig soos Hy rein is. Die dinge wat hulle eers gehaat het, sal hulle nou liefhê, en die dinge wat hulle eers liefgehad het, sal hulle nou haat. Diegene wat eers trots was, is nou nederig van hart. Diegene wat ydel was, is nou ernstig en beskeie. Die dronkaard laat die drank staan, en die losbandiges voer 'n rein lewe. Die ydele modes en gewoontes van die wêreld word versaak. Christene sal hulle nie toelê op uiterlike versiering nie, maar hulle sal soek om die verborge mens van die hart te versier met “'n sagmoedige en stille gees.” 1 Petrus 3:3, 4.

## (4) WAT SAL ONS GRAAG VIR DIEGENE WIL DOEN TEENOOR WIE ONS GESONDIG HET, NADAT ONS WEER GEBORE IS?

***Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes: en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug. (Lukas 19:8)***

Tensy daar 'n hervorming in die lewe plaasvind, is daar geen bewys van 'n opregte bekering nie. As hy sy beloftes nakom, diegene vergoed wat hy te kort gedoen het, sy sondes bely, God en sy naaste liefhet, kan die sondaar seker wees dat hy van die dood tot die lewe oorgegaan het.

Wanneer ons, as sondaars, tot Christus kom en Sy genade deelagtig word, wel daar liefde in ons hart op. Elke las is dan lig, want die juk van Christus is nie swaar nie. Plig word 'n vreugde, en opoffering 'n plesier. Die pad wat eers donker geskyn het, is nou bestraal deur die Son van Geregtigheid.

**(5) WIE IS DIE BRON VAN LIEFDE WAT DIE HART, WAT NUUT GEMAAK IS DEUR DIE GENADE VAN CHRISTUS, VERVUL EN VERANDER EN LIEFDE NA ANDERE LAAT UITVLOEI?**

***En mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is. (1 Thessalonicense 3:12)***

Die lieflikheid van Christus se karakter sal in Sy navolgers gesien word. Hy het daarin behae geskep om die wil van God te doen. Liefde tot God, ywer vir Sy heerlikheid – dit was die beheersende krag in die lewe van Christus. Liefde het al Sy dade mooi en edel gemaak. Liefde is uit God, en die hart wat nie toegewy is nie, kan dit nie voortbring nie. Dit word alleen in die hart gevind waar Jesus regeer. “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.” 1 Johannes 4:19.

In die hart wat vernuwe is deur goddelike genade, is liefde die dryfveer. Dit vorm die karakter, beheers die drifte, hou ons in bedwang en veredel ons lewe. Hierdie liefde, in die hart gekoester, maak die lewe soet en versprei 'n veredelende invloed rondom ons.

**(6) HOE SAL ONS ONS LIEFDE VIR GOD WIL BEWYS?**

***As julle My liefhet, bewaar my gebooie. (Johannes 14:15)***

**(7) WAAROM IS GEHOORSAAMHEID DEUR CHRISTUS SE KRAG NOODSAAKLIK IN ONS VERHOUDING MET HOM?**

***Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (1 Johannes 2:4)***

Daar is twee foute waarteen die kinders van God moet waak, veral diegene wat pas tot bekering gekom het. Die eerste wat ons alreeds bespreek het, is die vertroue op die werke om hulle in die guns van God te bring. Hy wat probeer om heilig te word deur sy eie pogings om die wet te hou, streef na 'n onmoontlikheid. Alles wat die mens kan doen sonder Christus, is met sonde en selfsug besoedel. Dit is die genade van Christus alleen, deur geloof, wat ons kan heilig maak.

Die ander, nie minder gevaarlike fout, is dat geloof in Christus ons vrystel van die onderhouding van God se wet, en dat ons werke, omdat ons alleen deur genade salig word, niks te doen het met ons verlossing nie. Ons moet egter daarop let dat gehoorsaamheid nie in uiterlike dade bestaan nie, maar dat dit uit liefde geskied.

## (8) WAT HET CHRISTUS BELOOF OM IN ONS TE DOEN WANNEER ONS WEDERGEBORE IS?

***Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit na die dae, spreek die Here: EK SAL MY WETTE GEE IN HULLE HART, EN IN HULLE VERSTAND SAL EK DIT INSKRYWE. (Hebreërs 10:16)***

Die wet van God is 'n uitdrukking van Sy natuur; dit is die beliggaming van liefde, en daarom ook is dit die grondslag van Sy regering in die hemel en op aarde. As ons harte herskep is in die ewebeeld van God, as goddelike liefde ons beheers, sal ons dan nie die wet uitleef nie? As ons deur liefde beheers en ons in die beeld van ons Skepper herskep is, sal die belofte van die nuwe verbond aan ons vervul word: “Ek sal My wette gee in hulle hart en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe.” Hebreërs 10:16. En as die wet in die hart ingeskrywe is, sal dit nie die lewe beïnvloed nie? Gehoorsaamheid – die bewys van liefde en trou – is die teken van ware dissipelskap. Derhalwe sê die Skrif: “Dit is die liefde van God, dat ons Sy gebooie bewaar.” 1 Johannes 5:3. “Hy wat sê: Ek ken Hom – en Sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.” 1

Johannes 2:4. In plaas daarvan dat geloof mens van gehoorsaamheid onthef, is dit geloof, en geloof alleen wat jou deur die genade van Christus in staat stel om te gehoorsaam.

## (9) WAT DUI AAN WATTER MEESTER ONS DIEN?

***Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! (Matthéüs 7:16)***

***So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken. (vers 20)***

Ons verdien nie die saligheid deur ons gehoorsaamheid nie; want die saligheid is 'n vrye gawe van God, wat ons deur die geloof aanneem. Maar gehoorsaamheid is die vrug van geloof. “Julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien nie en Hom nie geken nie.” 1 Johannes 3:5, 6.

Hier is die ware toets: As ons in Christus bly, en die liefde van God in ons woon, sal ons gevoelens, ons gedagtes, ons dade, in ooreenstemming met Sy wil wees, soos uitgedruk in Sy heilige wet. “My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.” 1 Johannes 3:7. God se heilige wet, soos op Sinai gegee, is 'n uiteensetting van geregtigheid.

## (10) WATTER TWEE ELEMENTE MOET GELYK TEENWOORDIG WEES IN ONS LEWE NADAT ONS ONS HART VIR DIE HERE GEGEE HET?

***Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. (Jakobus 2:17)***

Daardie sogenaamde geloof in Christus wat mens vrystel van gehoorsaamheid aan God, is nie geloof nie, maar vermetelheid. “Uit genade is julle gered deur die geloof.” Efesiërs 2:5. Maar “die geloof, as dit geen werke het nie, is in sigself dood.” Jakobus 2:17. Voordat Jesus na die aarde toe gekom het, het Hy van homself gesê: “Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen, U wet is binne-in My

ingewande." Psalm 40:9. En kort voor Hy na die hemel opgevaar het, het Hy gesê: "Ek het die gebooie van My Vader bewaar en bly in Sy liefde." Johannes 15:10. Die Skrif sê: "Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar. . . Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het."
1 Johannes 2:3-6.

**(11) WIE SE VOORBEELD MOET ONS NAVOLG IN ONS GELOOF EN LEWE VAN DIENS?**

***Want Christus het ook vir julle gely en 'n voorbeeld vir julle nagelaat, sodat julle Sy voetstappe kan navolg. (1 Petrus 2:21.)***

**(12) WATTER EIENSKAP MOET ONS SOEK WAT DEUR CHRISTUS BELOOF IS AAN DIEGENE WAT HONGER EN DORS DAARNA?**

***Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal verssadig word. (Matthéüs 5:6)***

Die voorwaarde vir die ewige lewe is vandag nog net wat dit altyd was – presies wat dit in die tuin van Eden was voor die val van ons eerste voorouers – naamlik, volkome gehoorsaamheid aan die wet van God – volmaakte geregtigheid. As die ewige lewe sou geskenk word sonder hierdie voorwaarde, sou dit die geluk van die ganse heelal in gevaar stel. Die weg vir die sonde met al sy droefheid en ellende sou dan geopen wees en verewig word.

**(13) WATTER VOORREG BIED GOD AAN ELKEEN VAN ONS?**

***Waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikehid in die wêreld is. 2 Petrus 1:4***

## (14) WATTER TWEELEDIGE GAWE WORD DEUR CHRISTUS SE BLOED VOORSIEN WAT DEUR SY GENADE AAN ONS GEREGTIGHEID GEE?

***In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade. (Efesiërs 1:4)***

Voor sy val was dit vir Adam moontlik om 'n regverdige karakter te vorm deur gehoorsaamheid aan God se wet. Maar hy het nie daarin geslaag nie, en weens sy sonde is ons natuur verdorwe en kan ons onsself nie regverdig maak nie. Aangesien ons sondig en onheilig is, kan ons die heilige wet nie volkome gehoorsaam nie. Ons het geen geregtigheid van ons eie wat aan die eise van God se wet kan voldoen nie. Maar Christus het vir ons 'n uitweg gemaak. Hy het te midde van versoekings en beproewings op, die aarde gelewe onder net sulke omstandighede as ons, maar Hy het nie gesondig nie. Hy het vir ons sondes gesterwe en nou bied Hy aan om ons sondes op Hom te neem en Sy geregtigheid aan ons te gee. As u uself aan Hom oorgee, en Hom aanneem as u Verlosser, dan word u om Sy ontwil regverdig verklaar, afgesien van die sonde wat u gedoen het. Christus se karakter geld in die plek van u karakter, en God neem u aan asof u nooit gesondig het nie.

## (15) NA ONS WEDERGEBOORTE-ONDERVINDING IN CHRISTUS, HOE HOU ONS AAN OM IN HOM TE BLY EN IN HOM TE GROEI?

***Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof van die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Galasiërs 2:20)***

Wanneer u wedergebore is, verander Christus u hart. Hy woon in u hart deur geloof. Hierdie verbinding met Christus moet gehandhaaf word deur geloof en deur 'n gedurige onderwerping van die wil aan Hom; solank as u dit doen, sal Hy in u werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae. Dan sal u kan sê: “Wat ek nou in die vlees

lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” Galasiërs 2:20. Daarom het Jesus ook aan Sy dissipels gesê: “Dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.” Matthéüs 10:20. As Christus dus in u werk, sal u dieselfde gees openbaar en dieselfde werke doen, naamlik, werke van geregtigheid en gehoorsaamheid.

Ons het niks in onsself om oor te roem nie; ons het geen grond vir selfverheffing nie. Ons enigste hoop is in die geregtigheid van Christus wat vir ons toegereken word en wat die Heilige Gees in en deur ons werk.

**(16) WATTER STELLING IN HIERDIE VERS OPENBAAR DAT GELOOF VERSKIL VAN OM TE GLO?**

***Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. (Jakobus 1:19)***

Waar ons van geloof praat, moet ons onthou dat daar twee soorte van geloof is: Daar is 'n soort geloof wat nie eintlik geloof in die Bybelse sin is nie. Die bestaan en die almag van God, en die betroubaarheid van Sy Woord is feite wat selfs Satan en sy engele nie kan betwis nie. Die Bybel sê: “Die duiwels glo dit ook en hulle sidder.” Jak. 2:19. Maar dit is nie geloof nie. Waar die geloof in God se Woord gepaard gaan met 'n onderwerping van die wil en 'n oorgawe van die hart aan Hom, daar is geloof – die geloof wat deur liefde werk en die siel reinig. Deur hierdie geloof word die hart in die ewebeeld van God herskep. Die hart wat nie herskape is en hom nie aan die wet van God onderwerp en ook nie kan nie, het nou behae in die gebooie van God, en roep saam met die psalmdigter uit: “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.” Psalm 119:97. En die geregtigheid van die wet word vervul in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (Romeine 8:1.)

**(17) HOE LANK SAL CHRISTUS GEDULDIG AANHOU OM ONS KARAKTERS TE VERFYN?**

***Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus. (Filippense 1:6)***

Daar is diegene wat kennis gemaak het met die vergewende liefde van Christus en wat regtig begeer om kinders van God te word, maar hulle besef dat hulle karakters onvolmaak is; hulle lewe is vol foute en hulle twyfel daaraan of hulle harte deur die Heilige Gees herskep is. Aan diesulkes wil ek graag sê: Moenie in wanhoop opgee nie. Dikwels sal ons aan die voete van Jesus moet neerval en ween oor ons foute en tekortkomings; maar ons moenie moed opgee nie. Al kry die vyand soms die oorhand, het God ons nie verwerp of verlaat nie.

## (18) WATTER WONDERLIKE BELOFTE KAN ONS OPEIS AS ONS IN SONDE VAL GEDURENDE HIERDIE LEWENSLANGE KARAKTERBOUPROSES?

***Hierdie dinge skryf ek aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus die, Regverdige. (Johannes 2:1)***

Christus is aan die regterhand van God waar Hy vir ons intree. En laat ons nie die woorde van Christus vergeet nie, "die Vader Self het julle lief." Johannes 16:27. Hy verlang om julle tot Hom terug te bring en om Sy eie reinheid en heiligheid in julle te sien. As julle julleself maar net aan Hom wil oorgee, sal Hy "wat 'n goeie werk in julle begin het, dit voleindig tot op, die dag van Jesus Christus." Bid vuriger en laat u geloof kragtiger wees. Laat ons, namate ons ons eie kragte wantrou, steeds meer op die krag van ons Verlosser steun, en dan sal ons stof tot dankbaarheid hê in Hom wat ons genees.

## (19) WAT SAL ONS BESEF NADAT ONS WEDERGEBORE EN IN DIE GROEIPROSES IS?

***En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6)***

Hoe digter u aan Jesus kom, hoe meer sal u u foute besef; want u sal dan beter kan sien en u onvolmaakthede sal duidelik afsteek by Sy volmaakte karakter. Dit is bewys dat die bedrieërye van Satan hulle krag verloor het, en dat die lewegewende Gees van God in u werk en u wakker maak.

Opregte liefde vir Christus woon nie in die hart wat nie sy eie sondigheid besef nie. Die siel wat deur die genade van Chris¬tus herskep is, sal Sy goddelike karakter bewonder; maar as ons nie ons eie sedelike onvolmaakthede kan sien nie, is dit gewis 'n bewys dat ons nog nie 'n blik gekry het op die skoonheid en uitnemendheid van die karakter van Christus nie.

Hoe minder ons van onsself dink, hoe meer sal ons die onbeskryflike reinheid en heerlikheid van ons Saligmaker waardeer. 'n Gesig van ons eie sondigheid sal ons tot Hom dryf om vergifnis; en wanneer die siel, onder 'n besef van sy eie hulpeloosheid, sy hand na Christus uitsteek, sal Hy Homself in Sy krag openbaar. Hoe meer die besef van ons behoefte ons tot Hom en die Woord van God dryf, hoe beter sal ons Sy karakter verstaan en hoe meer sal ons Sy beeld gelykvormig word.


***Ek kies, deur Sy genade, om in Christus se voetstappe te wandel en Hom as my Heer en Meester te volg.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***My gebed is dat die vrug van die Gees in my gesien sal word en dat Ek Sy regverdige en heilige karakter sal weerkaats.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

---
---
---



# Les 9
# Geestelike Groei

**(1) WAT MOET ONS BEGEERTE AS NUWE BABAS IN CHRISTUS WEES, SODAT ONS VERHOUDING MET CHRISTUS KAN ONTWIKKEL?**

***En verlang sterk soos pasgebore babas na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei. (1Petrus 2:2)***

Die verandering van hart waardeur ons kinders van God word, word in die Bybel wedergeboorte genoem. Dan weer word dit vergelyk met die ontkieming van die goeie saad wat deur die Boer gesaai word. Diegene wat net tot Christus bekeerd is, moet soos “pasgebore kindertjies” opgroei in Christus “tot 'n volwasse man en tot die mate van die volle grootte van Christus.” 1 Petrus 2:2; Efesiërs 4:13. Dit word ook vergelyk met saad wat in die land gesaai is en wat opskiet en graan voortbring. Jesaja sê dat hulle “eikebome" van geregtigheid is, 'n planting van die Here, tot Sy verheerliking." Jesaja 61:3. Aan die natuur word dus beelde ontleen om ons die verborge waarhede van die geestelike lewe beter te laat verstaan.

Die mens, met al sy wysheid en vernuf, kan nie die lewe van die kleinste diertjie voortbring nie. Dis alleen as gevolg van die lewe wat van God kom dat plante en diere kan lewe. Net so is dit ook alleen deur die lewe wat God gee dat daar geestelike lewe in die harte van mense kan ontstaan. Tensy 'n mens uit God gebore is, kan hy nie die lewe van Christus deelagtig word nie. Johannes 3:3

## (2) WAAROM KAN ONS NIE SELF ONS GEESTELIKE GROEI BEWERKSTELLIG NIE?

***Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.***
***(1 Korinthiërs 2:14))***

Dit gaan met die wasdom net soos met die lewe. Dit is God wat die bloeisels laat ontwikkel en die vrugte laat voortkom. Dit is deur Sy krag dat die saadjie ontwikkel, “eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.” Markus 4:28. Van Israel sê die profeet Hosea, “Hy sal bloei soos 'n lelie . . . sy lote sal uitsprei, en sy prag wees soos die van 'n olyfboom.” Hosea 14:6, 7. En Jesus beveel ons: “Kyk na die lelies, hoe hulle groei.” Lukas 12:2, 7.

Die plante en blomme groei nie deur hulle eie krag of sorg nie, maar deur die dinge op te neem wat God vir hulle groeikrag voorsien het. Die kind kan nie deur kwelling of deur sy eie pogings een duim langer groei nie. En net so min kan u deur u te kwel, of deur u eie kragsinspanning u geestelike groeikrag bevorder.

**(3) WATTER TWEE DINGE HET ‘N PLANT NODIG OM TE GROEI WAT SIMBOLIES IS IN HIERDIE VERSE OM DIE HERE SE INVLOED OP ONS GEESTELIKE GROEI VOOR TE STEL?**

***Want die Here God is ‘n son en ‘n skild; die Here sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie. Psalm 84:12***

***Ek sal vir Israel wees soos die dou, hy sal bloei soos ‘n lelie en sy wortels uitslaan soos die Libanon. Hosea 14:6***

Sowel plante as kinders groei deur die dinge op te neem wat hulle groeikrag sal bevorder, naamlik: lug, sonskyn en voedsel. Wat hierdie dinge vir die natuurlike lewe is, is Christus vir diegene wat op Hom vertrou. Hy is hulle “ewige lig” en “son en skild.” Jesaja 60:19; Psalm 84:12. “Hy is vir Israel soos die dou” en Hy sal op hulle “neerdaal soos reën op die grasveld, soos buie – 'n swaar reën op die aarde.” Hosea 14:6; Psalm 72:6. Hy is die lewende water, “die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.” Johannes 6:23.

In die onuitspreeklike gawe van Sy Seun het God die ganse aarde omhul in 'n atmosfeer van genade, net so werklik as die lug om die aardbol. Almal wat verkies om hierdie lewegewende atmosfeer in te asem, sal lewe en opgroei tot die mate van die volle grootte van Christus. Soos die blom hom na die son keer, sodat die helder sonstrale hom kan help om sy skoonheid en eweredigheid te vervolmaak, so moet ons ons ook na die Son van Geregtigheid draai, dat die hemelse lig ons kan bestraal en dat ons karakters ontwikkel kan word in die ewebeeld van Christus.

## (4) HOE KAN ONS AANHOU GROEI IN JESUS EN DIE DRAER VAN GOEIE VRUGTE WEES?

***Ek is die Wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5)***

U is net so afhanklik van Christus om 'n heilige lewe te lei as wat die loot van die wynstok is om vrugte te dra. Sonder Hom het u geen lewe nie. U het geen krag om versoeking te weerstaan, of om op te groei in genade en heiligheid nie. Deur in Hom te bly, sal u groei; en as u u lewe van Hom ontvang sal u nie verdor of sonder vrugte wees nie; u sal soos 'n boom wees wat langs 'n rivier staan. [Psalm 1:3]

## (5) WIE IS ONS BRON VAN GELOOF EN HOE GROEI DIT DEUR DIE LOOP VAN ONS CHRISTELIKE ONDERVINDING?

***Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. (Hebreërs 12:2)***

Baie mense reken dat hulle 'n deel van die werk self moet doen. Hulle het op Christus vertrou vir die vergifnis van sonde, maar nou trag hulle om deur hulle eie pogings reg te lewe: Dog alle dergelike pogings sal misluk, want Jesus sê, “sonder My kan julle niks doen nie.” Ons opwassing in genade, ons vreugde, ons bruikbaarheid – alles hang af van ons verbinding met Christus. Dit is deur gemeenskap met Hom, elke dag, elke uur – deur in Hom te bly – dat ons in genade moet opwas. Hy is nie alleen die Leidsman nie, maar ook die Voleinder van ons geloof. Dit is Christus eerste en altyd en laaste. Hy moet by ons wees, nie slegs aan die begin en einde van ons loopbaan nie, maar ook by elke stap wat ons doen. Dawid sê: “Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.” Psalm 16:8.

## (6) HOE HOU EK AAN OM IN CHRISTUS TE BLY?

***Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging. (Kolossense 2:6-7)***

Op dieselfde manier as wat u Hom in die begin aangeneem het, moet u in Hom bly. “Soos julle dan Christus aangeneem het, wandel in Hom.” Kolossense 2:6. “Die regverdige sal uit die geloof lewe.” Hebreërs 10:38.

U het uself heeltemal aan God oorgegee, om Hom te dien en te gehoorsaam en u het Christus aangeneem as u Verlosser. U kon nie self vir u sondes versoening doen of u hart verander nie; maar nadat u uself aan God oorgegee het, het u geglo dat Hy dit om Christus se wil alles vir u gedoen het. Deur geloof het u Christus se eiendom geword, en deur geloof moet u ook in Hom opgroei deur te gee en te neem. U moet alles gee, u hart, u wil, u diens; gee uself aan Hom om Sy bevele te gehoorsaam; en u moet alles neem – Christus, die volheid van seën, om in u hart te woon om u krag, u geregtigheid, u helper te wees, en om u krag te gee om te gehoorsaam.

## (7) WAAROM IS DIT SO BELANGRIK OM AAN DIE BEGIN VAN ELKE DAG GOD SE WYSHEID VIR ONS LEWENS TE SOEK?

***Ek het lief die wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind. Spreuke 8:17***

Wy uself in die oggend aan die Here toe; laat dit u eerste werk elke dag wees. Laat dit u gebed wees: “Neem my, o Here, as heeltemal u eie. Ek lê al my planne aan u voete. Gebruik my vandag in U diens. Bly by my, en laat al my werk in U wees.” Dit moet daagliks geskied. Wy uself elke môre aan die Here vir daardie dag. Gee al u planne aan Hom oor om uitgevoer of opgegee te word soos Hy mag lei. So kan u dag na dag u lewe in die hande van God stel; op hierdie manier sal u lewe steeds meer en meer in die ewebeeld van Christus gevorm word.

## (8) OP WATTER MANIER KAN ONS VREDE IN ONS HARTE Hê?

***U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Vertrou op die HERE vir ewig, want in die HERE HERE is 'n ewige rots. (Jesaja 26:3-4)***

***En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Korinthiërs 3:18)***

Die lewe in Christus is 'n vredevolle lewe. Daar sal miskien geen heerlike gevoel wees nie, maar daar behoort 'n blywende, vreedsame vertroue te wees. U hoop is nie in uself nie; dit is in Christus. U swakheid is verbind met Sy krag, u onkunde met Sy wysheid, en u nietigheid met Sy ewigdurende mag. U moet dus nie op uself vertrou of u oë op uself vestig nie, maar op Christus. Dink oor Sy liefde, Sy heerlikheid en die volmaaktheid van Sy karakter. Christus in Sy selfverloening, Christus in Sy vernedering, Christus in Sy reinheid en heiligheid, Christus in Sy weergalose liefde – dit is die dinge wat die hart moet bepeins. Dit is deur Hom lief te hê, Hom na te volg, heeltemal op Hom te vertrou dat u in Sy ewebeeld sal verander word.

## (9) WATTER UITDODIGING HET CHRISTUS AAN ALLE MENSE GEGEE?

***Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (Matthéüs 11:28)***

Jesus sê: "Bly in My." Hierdie woorde spreek van rus, sekerheid, vertroue. Hy sê ook: "Kom na My toe . . . en Ek sal julle rus gee." Matthéüs 11:28, 29. Die psalmdigter druk dieselfde gedagte uit in die volgende woorde: "Swyg voor die Here en verwag Hom." Psalm 37:7. Jesaja verseker ons, "In stilwees en vertroue bestaan julle krag." Jesaja 30:15. Hierdie rus word nie in ledigheid gevind nie; want die Heiland se uitnodiging in verband met rus gaan gepaard met 'n oproep

tot werk: “Neem My juk op julle . . . en julle sal rus vind.” Mattéüs 11:29. Die hart wat heeltemal in Christus rus gevind het, is die hart wat die vurigste vir Hom werk.

## (10) WATTER DRIE TOEGANGE GEBRUIK SATAN IN ‘N POGING OM ONS TE LAAT AFWYK VAN GEMEENSKAP MET CHRISTUS?

***En die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord en dit word onvrugbaar. (Markus 4:19)***

As u gedagtes met self besig is, is u oë van Christus, die Bron van lewe en sterkte, afgewend. Satan lê hom dus daarop toe om die oë van die gelowige van Christus af te hou en om sodoende die verbinding en gemeenskap van die siel met Hom te verhinder. Die genot van hierdie wêreld, die kwellings, moeilikhede en droefhede van die lewe, die foute van ander, u eie foute en onvolmaakthede – op sommige of al hierdie dinge sal hy die aandag vestig. Moenie deur sy listige planne verlei word nie.

## (11) HOE KAN ONS RUS IN DIE WETE DAT ONS DIE EWIGE LEWE HET?

***Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.***
***(1 Johannes 5:12-13)***

Baie wat opreg is en wat vir die Here wil lewe, bring hy dikwels daartoe om hulle oë op hulle eie foute en gebreke te vestig, en deur hulle op hierdie wyse van Christus te skei, hoop hy om die oorwinning te behaal. Ons moenie onsself die middelpunt van ons gedagtes maak en ons dan kwel of ons gered sal word of nie. Al hierdie dinge hou die siel weg van die Bron van ons krag. Vertrou u siel aan God toe en hoop op Hom. Praat en dink oor Jesus. Laat self in

Hom opgeneem word. Verwerp alle twyfel en vrees. Sê saam met die apostel Paulus: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” Galasiërs 2:20. Rus in die Here. Hy is magtig om die pand te bewaar wat u aan Hom toevertrou het. As u uself in Sy hande laat, sal Hy u meer as oorwinnaar maak deur Christus wat u liefgehad het.

## (12) WAT SAL GEBEUR MET DIE REGVERDIGES WAT KIES OM TERUG TE KEER NA HUL SONDIGE WEë?

***Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen – sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. (Esegiël 18:24)***

Toe Christus die menslike natuur opgeneem het, het Hy die mensheid met Homself verbind met 'n band van liefde wat nooit kan verbreek word deur enige mag behalwe uself nie. Satan sal dikwels probeer om ons te verlei om hierdie band te verbreek – om ons te beweeg om onsself van Christus te skei. Dis juis hier waar ons op ons hoede moet wees; ons moet stry en bid dat niks ons sal beweeg om 'n ander meester te kies nie; want ons staan altyd vry om dit te doen. Laat ons ons oë op Christus gevestig hou, en Hy sal ons bewaar. Met ons oë gevestig op Jesus is ons veilig; niks sal in staat wees om ons uit Sy hande te ruk nie. Deur Hom gedurig te aanskou, word ons “van gedaante verander na dieselfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.” 2 Korinthiërs 3:18.

## (13) HOE SAL ONS HOM VIND WANNEER ONS CHRISTUS SE OPROEP HOOR?

***En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. (Jeremia 29:13)***

Dit is op hierdie manier dat die eerste dissipels in die ewebeeld van die Heiland gevorm is. Toe daardie dissipels die woorde van Jesus gehoor het, het hulle hul behoefte aan Hom besef. Hulle het Hom gesoek, gevind en gevolg. Hulle het saam met Hom gewoon, geëet, gebid en gewandel. Hulle was by Hom soos leerlinge by hulle onderwyser, en daagliks het hulle van Sy lippe lesse van heilige waarheid ontvang. Hulle het tot Hom opgesien soos knegte tot hulle heer. Daardie dissipels "was mense net soos ons" (Jakobus 5:17).

**(14) WATTER STELLING IN HIERDIE VERS WYS DAT MANNE VAN GOD OOK GESTRY HET TEEN VERSOEKING?**

***Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. (Romeine 7:19)***

Die dissipels moes dieselfde stryd teen sonde stry, en hulle het dieselfde genade nodig gehad om 'n heilige lewe te lei. Selfs Johannes, die geliefde dissipel, die een wat die meeste soos die Heiland was, het nie van nature daardie lieflike karakter besit nie. Hy was nie slegs opdringerig en eersugtig nie, maar ook voortvarend en wraaksugtig. Maar namate die karakter van die goddelike Jesus aan hom geopenbaar is, het hy sy eie tekortkomings gesien, en die besef daarvan het hom nederig gemaak. Die krag en geduld en teerheid en die sagmoedigheid wat hy daagliks aanskou het in die lewe van die Seun van God, het sy siel met bewondering en liefde vervul. Hy het daagliks tot Christus aangetrokke gevoel totdat self in die liefde vir sy Meester uit die oog verloor is. Sy wraaksugtige, eersugtige natuur is deur die krag van Christus verander. Die invloed van die Heilige Gees het sy hart vernuwe. Die krag van die liefde van Christus het sy karakter verander. Dit is die gewisse uitwerking van verbinding met Christus. As Christus in die hart woon, word die hele karakter verander. Die Gees van Christus en Sy liefde versag die hart, bring die siel tot bedaring en trek die gedagtes en verlangens tot God en die hemel.

**(15) WATTER TROOSVOLLE BELOFTE HET JESUS AAN SY VOLGELINGE GEGEE MET SY HEMELVAART?**

***En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matthéüs 28:20)***

Na Christus se hemelvaart het Sy navolgers nog Sy teenwoordigheid gevoel. Dit was 'n persoonlike teenwoordigheid, vol liefde en lig. Jesus, die Heiland, wat saam met hulle gereis, gepraat en gebid het, en wat hulle harte bemoedig het, is terwyl Hy nog besig was om 'n seën op hulle uit te spreek, in die hemel opgeneem, en terwyl 'n wolk van engele Hom van hulle af wegneem, het hulle nog Sy stem gehoor: “Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” Matthéüs 28:20. Hy het in die gedaante van 'n mens na die hemel gevaar. Hulle het geweet dat Hy voor die troon van God nog hulle Vriend en Verlosser is; dat Sy hart teenoor hulle nie verander het nie, en dat Hy Hom nog met die lydende mensdom vereenselwig. Voor die troon van God pleit Hy Sy eie verdienstes en kosbare bloed; Hy toon Sy deurboorde hande en voete ter herinnering aan die losprys wat Hy vir Sy verlostes betaal het. Hulle het geweet dat Hy na die hemel is om vir hulle plek te gaan berei, en dat Hy weer sou kom om hulle na Hom toe te neem.

## (16) HOE IS JESUS IN STAAT OM ALTYD IN SY VOLGELINGE SE HARTE TE WEES?

***En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid. (Johannes 14:16)***

Toe Jesus se volgelinge na Sy hemelvaart bymekaar gekom het, was hulle begerig om hulle versoeke in die naam van Jesus aan die Vader voor te lê. In diepe eerbied het hulle in gebed neergebuig, en die versekering herhaal:

“Alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.” Johannes 16:23, 24.

Hulle het die hande van geloof hoër en hoër uitgestrek met die magtige argument: “Christus is dit wat gesterf het; ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.” Romeine 8:34. En op Pinksterdag het die Trooster gekom, van wie Christus gesê het: “Hy bly by julle.” Johannes 14:17. Van

daardie dag af sou Christus voortdurend in die harte van Sy kinders woon. Die band tussen hulle sou nouer getrek word as toe Hy persoonlik by hulle was. Die lig, die liefde, en die krag van die inwonende Heiland het deur hulle geskyn, sodat diegene wat dit gesien het, “verwonderd was en hulle is as metgeselle van Jesus herken.” Handelinge 4:13

## (17) VIR WIE HET JESUS NOG GEBID TOE HY VIR SY DISSIPELS GEBID HET?

***Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo. (Johannes 17:20)***

Alles wat Christus vir die eerste dissipels was, wil Hy ook vandag vir Sy kinders wees; want in Sy laaste gebed, met Sy dissipels om Hom geskaar, het Hy gesê: “Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo.” Johannes 17:20.

Jesus het vir ons gebid, en Hy het gevra dat ons een met Hom mag wees, net soos Hy een is met die Vader. Wat 'n vereniging! Van Homself het die Heiland gesê: “Die Seun kan niks uit Homself doen nie”; “maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.” Johannes 5:19; 14:10.

## (18) WAT SAL DIE GEVOLG WEES AS ONS DAAGLIKS IN CHRISTUS BLY EN MET HOM SAAMWERK OM DIE WAARHEID IN LIEFDE TE DEEL?

***Maar terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus. (Efesiërs 4:15)***

As Christus dan in ons harte woon, sal Hy in ons werk, “om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.” Filippense 2:13. Ons sal werk soos Hy gewerk het; ons sal dieselfde gees openbaar. En op hierdie manier sal ons, as ons Hom liefhet en in Hom bly, “opgroei in Hom wat die Hoof is naamlik, Christus” Efesiërs 4:15.

***Ek besef dat wanneer ek na Christus toe kom,  ek 'n groeiproses deurgaan wat Hy in my bewerk regdeur my lewe.***

**Omkring:   Ja         Besluitloos**

***In my verhouding met Christus is daar niks wat ek kan doen –  nie bekommernis of werke – wat my geestelike groei sal  bewerkstellig nie.***

**Omkring:   Ja         Besluitloos**

***Ek kies om my deel te doen om Hom te soek en myself in Sy lewegewende atmosfeer te plaas sodat Hy my sal help groei.***

**Omkring:   Ja         Besluitloos**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

_____________________________________________



# Les 10
# Die Werk en die Lewe

## (1) WATTER HEMELSE BEGINSELS VRA JESUS ONS OM TE VOLG?

***‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. (Johannes 13:34)***

God is die Bron van die lewe, die lig en die vreugde van die heelal. Soos die sonstrale, soos water uit 'n lewende fontein vloei, so vloei daar seëninge van Hom tot al Sy skepsels. En waar die lewe van God in die harte van mense is, sal dit ook uitgaan in liefde en seën tot

ander. Die Heiland het Hom daarin verheug om gevalle mense op te hef en te verlos. Hiervoor het Hy nie Sy eie lewe lief gehad nie, maar die kruis verdra en die skande verag. Op hierdie manier werk die engele ook gedurig ten behoewe van die geluk van ander. Dis vir hulle 'n vreugde. Dit wat selfsugtige harte as vernederende diens beskou, naamlik diens vir diegene wat veragtelik en in alle opsigte benede hulle is, is die werk van sondelose engele. Die gees van Christus se selfopofferende liefde is die gees wat in die hemel heers, en daarin bestaan die ware geluk van die hemel. Dit is ook die gees wat die navolgers van Christus sal besiel, en die werk wat hulle sal doen.

As die liefde van Christus in die hart woon, sal dit geopenbaar word soos 'n lieflike geur – dit sal nie kan bedek word nie. Die heilige invloed daarvan sal gevoel word deur almal met wie ons in aanraking kom. Die gees van Christus in die hart, is soos 'n waterfontein in die woestyn, wat almal verkwik, en wat diegene wat klaar is om te beswyk, gretig maak om van die water van die lewe te drink.

## (2) WAAROM HET JESUS NA DIE AARDE TOE GEKOM?

***Net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie. (Matthéüs 20:28)***

Liefde vir Jesus sal geopenbaar word in 'n begeerte om te werk soos Hy gewerk het vir die opheffing en seën van die mensdom. Dit sal mens met liefde, teerheid en medelyde vul teenoor alle skepsels.

Die Heiland se lewe op aarde was nie 'n lewe van gemak en eieliefde nie, maar Hy het ernstig en volhardend gewerk vir die redding van die verlore mensdom. Van die stal tot by Golgota het Hy die weg van selfverloëning bewandel; Hy het nie vrystelling gesoek van die moeilike werksaamhede, die vermoeiende reise en die afmattende werk nie. Hy het gesê: “Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy siel te gee as 'n losprys vir baie.” Matthéüs 20:28.

Dit was die een groot doel van Sy lewe; alle ander dinge het tweede plek ingeneem. Om die wil van God te doen en Sy werk te

voleindig, was soos voedsel en drank vir Hom. Eiebelang het geen plek in Sy werk gehad nie.

## (3) WATTER GETUIENIS SAL ONS DEUR DIE HEILIGE GEES GEE, WANNEER ONS SOOS JOHANNES DIE DOPER, DEELGENOTE VAN CHRISTUS SE GENADE WORD?

***Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde, van die wêreld wegneem! (Johannes 1:29)***

Diegene wat deelgenote is van die genade van Christus sal ook gereed wees om enige opoffering te maak, sodat ander vir wie Hy gesterf het, ook deel kan hê in die hemelse gawe. Hulle sal alles in hulle vermoë doen om die wêreld 'n aangenamer plek te maak deur hulle lewe. Hierdie gees is 'n gewisse teken van 'n waarlik bekeerde siel. Sodra iemand tot Christus kom, ontstaan daar in sy hart 'n begeerte om aan ander te vertel van die dierbare Vriend wat Jesus vir hom of haar geword het; hierdie reddende en heiligmakende waarheid kan nie in die hart verberg word nie. As ons met die geregtigheid van Christus beklee is en die vreugde van Sy inwonende Gees smaak, sal ons nie kan stilbly nie. As ons ondervind het dat die Here goed is, sal ons iets te sê hê. Net soos Filippus, toe hy die Here gevind het, sal ons ook ander na Hom toe bring. Ons sal die aantreklikhede van Christus aan hulle voorstel, en hulle vertel van die werklikheid van die lewe hierna. Daar sal 'n vurige begeerte wees om in die voetstappe van Jesus te volg, en daar sal 'n ernstige verlange wees dat diegene rondom ons ook die Lam van God sal sien, "wat die sonde van die wêreld wegneem."

## (4) WAT SAL DIE RESULTAAT WEES VAN ONSELFSUGTIGE LIEFDESWERK VIR ANDERE?

***Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf. (Spreuke 11:25)***

Die pogings wat ons aanwend om ander te seën, sal ons weer tot seën strek: en dit is juis die doel wat die Here voor oë het met die aandeel wat Hy ons in die verlossingsplan gee. Hy het aan die mens

die voorreg geskenk om 'n deelgenoot te word van die goddelike natuur, sodat hy op sy beurt 'n seën kan wees vir sy medemens. Hierdie is die grootste eer, die grootste vreugde wat God enigsins vir die mens kon gee. Diegene wat op hierdie wyse deel in die werk van liefde, kom die naaste aan hulle Skepper.

God kon net sowel die verkondiging van die evangelie en die diens van liefde aan die hemelse engele toevertrou het; Hy kon ander middels gebruik het om Sy doel te bereik. Maar in Sy groot liefde het Hy ons uitgekies as Sy medewerkers, saam met Christus en die engele, sodat ons ook in die seën, die vreugde, die geestelike opheffing kan deel wat voortspruit uit sulke onselfsugtige diens.

## (5) WATTER VOORBEELD VAN SELFOPOFFERING HET CHRISTUS GEGEE?

***Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word. (2 Korinthiërs 8:9)***

Deur in die lyding van Christus te deel, word ons nader aan Hom gebring. Elke opoffering en elke goeie daad vir ander, versterk in die hart van die gewer die gees van weldadigheid en bring hom nog nader aan die hart van die Verlosser van die wêreld, wat om ons ontwil arm geword het sodat ons deur Sy armoede ryk kan wees. Alleen namate ons op hierdie manier beantwoord aan die doel van ons skepping sal die lewe vir ons ‘n seën wees.

As u sou werk soos Christus bedoel het dat Sy dissipels moet werk, en siele vir Hom sou win, sou u u behoefte besef aan 'n dieper kennis en ondervinding van goddelike dinge, en u sal honger en dors na geregtigheid. Smeekbedes sal tot God opstyg, u geloof sal versterk word, en u siel sal drink uit die waterputte van die saligheid. Die teenstand en beproewings wat u sal ondervind, sal u tot die Bybel en tot gebed dryf. U sal opwas in genade en die kennis van Christus, en u sal ryke ervarings opdoen.

## (6) WIE GEE AAN ONS DIE BEGEERTE OM NA ANDER UIT TE REIK?

***Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae. (Filippense 2:13)***

## (7) WATTER SEëN ONTVANG DIEGENE WAT HULSELF TOEWY AAN ONSELFSUGTIGE DIENS VIR ANDERE?

***As jy jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag. En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie. (Jesaja 58:10-11)***

Die gees van onbaatsugtige diens vir ander sal u karakter sterk en soos die van Christus maak, en dit sal vrede en vreugde aan u bring. Al u strewe sal heilig wees, en daar sal geen plek wees vir luiheid en selfsug nie. Diegene wat op hierdie wyse die Christelike deugde in beoefening bring, sal opwas en sterk word in die werk van die Here. Hulle sal 'n heldere geestelike insig hê, 'n vaste, toenemende geloof, en groter vermoë om te bid. Die Gees van God in hulle hart sal heerlike musiek voortbring. Diegene wat hulle so toewy aan onbaatsugtige diens ten behoewe van ander, is gewis besig om hulle eie heil uit te werk.

## (8) WATTER TWEE DINGE, GESEëN DEUR DIE HEILIGE GEES SAL ONS GROOTSTE GEESTELIKE GROEI TOT GEVOLG Hê?

***Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. (Jakobus 1:25)***

Die enigste manier om op te was in genade is om op onselfsugtige wyse die werk te doen wat Christus aan ons gegee het, naamlik om tot die beste van ons vermoë diegene te help wat hulp nodig het. Krag kom deur oefening; bedrywigheid is die een voorwaarde van lewe. Diegene wat trag om hulle Christelike lewe aan die gang te hou deur stil te sit en maar net die seëninge wat van God kom, te geniet, en wat

niks vir Christus doen nie, probeer eenvoudig om te lewe deur te sit sonder om te werk. Die gevolge van so 'n handelswyse is agteruitgang en verval; dit is die geval op geestelike sowel as stoflike gebied. 'n Man wat weier om sy bene te gebruik, sal baie gou nie meer kan loop nie. Die Christen wat nie sy deur-God-gegewe kragte gebruik nie, sal nie slegs geen vordering maak in die Christelike lewe nie, maar hy sal ook die vermoëns wat hy alreeds besit, verloor.

## (9) WATTER SENDING HET CHRISTUS AAN SY KERK GEGEE?

***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matthéüs 28:19-20)***

Die kerk van Christus is die kanaal wat God daargestel het vir die redding van mense; sy roeping is om die evangelie aan die wêreld te bring. Hierdie verpligting rus op alle Christene. Elkeen moet volgens sy talente en die geleentheid wat hy het die opdrag van die Heiland uitvoer. Die liefde van Christus wat aan ons geopenbaar is, maak ons skuldenaars aan almal wat Hom nog nie ken nie. God het ons die lig gegee, nie vir onsself alleen nie, maar ook om op hulle te laat skyn.

As die navolgers van Christus hulle pligte sou besef soos hulle behoort, sou daar duisende wees wat die evangelie in heidense lande verkondig het, waar daar vandag maar een is; en almal wat nie persoonlik aan die werk kan deelneem nie sou dit deur hulle middele, hulle medelyde en hulle gebede ondersteun, en in Christenlande sou daar ook met groter erns gearbei word.

## (10) WAAR IS ONS SENDINGVELD, AS CHRISTENE?

***Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God. (1 Korinthiërs 7:24)***

Om vir Christus te werk hoef ons nie na heidenlande of selfs buite ons eie huislike kring te gaan as dit daar is waar ons werkkring is nie. Ons kan in ons eie huislike kring, in die kerk, en onder diegene met wie ons omgaan of sake doen, vir Christus werk.

Die Heiland het die grootste gedeelte van Sy aardse lewe in die timmermans-winkel op Nasaret deurgebring. Gedienstige engele het die Here vergesel waar Hy ongesien en ongeeerd met die ander mense gemeng het. Terwyl Hy by Sy skaafbank gewerk het, het Hy Sy dienste net so getrou vervul as toe Hy die siekes gesond gemaak het of op die meer van Galilea gewandel het. Ons kan dus, temidde van ons alledaagse pligte en in die nederigste werk op aarde met Christus wandel en saamwerk.

Die apostel sê: “Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroepe is, daarin bly by God.” 1 Korinthiërs 7:24. Die sakeman kan sy sake doen op 'n manier wat die Here sal verheerlik, deur opreg te wees. As hy 'n ware navolger van Christus is, sal hy sy godsdiens orals met hom saamneem en die gees van Christus openbaar. Die masjinis kan ook 'n getroue gesant van Hom wees wat daar tussen die berge van Galilea nederige werk verrig het. Elkeen wat die naam van Christus noem, behoort so te werk dat ander hulle goeie werke sal sien en hulle Skepper en Verlosser sal verheerlik.

## (11) WAAROM IS DIT SO BELANGRIK OM ONS TALENTE IN DIE DIENS VAN CHRISTUS TE GEBRUIK, AL DINK ONS DIS EENVOUDIG?

***Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. (Johannes 15:2)***

Baie het hulleself verskoon om vir Christus te werk omdat hulle meen dat ander meer begaafd is as hulle. Die mening is dat slegs diegene wat spesiale talente het onder verpligting is om hulle vermoëns aan die diens van God toe te wy. Baie is onder die indruk dat die talente net aan 'n spesiaal begunstigde klas gegee is, en dat die ander uitgesluit is en nie hoef te werk nie en ook nie deel sal hê aan die uiteindelike loon nie. Maar dit word nie so verduidelik in die

gelykenis nie. Toe die huisheer sy diensknegte geroep het, het hy aan elkeen sy werk gegee.

### (12) WANNEER LIEFDE VIR GOD ONS HARTE VUL, HOE SAL ONS DIE LEWE SE NEDERIGE TAKE AANSKOU?

***Nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie. (Efesiërs 6:6-7)***

In 'n gees van liefde kan ons die nederigste werk verrig “soos vir die Here.” Kolossense 3:23. As die liefde van God in die hart is, sal dit ook in die lewe geopenbaar word. Die lieflike geur van Christus sal ons omring, en deur ons invloed sal ander opgehef en geseën word.

### (13) AS ONS VERHOUDING MET GOD REG IS, WAT SAL ONS MOTIVERING IN ALLES WEES?

***En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie. (Kolossense 3:23)***

U moenie op groot geleenthede wag of buitengewone bekwaamhede verwag voordat u vir die Here begin werk nie. U hoef u nie te bekommer oor wat die wêreld van u sal dink nie. As u daaglikse lewe getuig van reinheid en van die opregtheid van u geloof, en as ander sien dat u hulle graag wil help, sal u pogings, nie tevergeefs wees nie.

### (14) WAT SAL DIE GEVOLG WEES VAN ‘N LEWE VAN GELOOF EN MEDEDELING?

***Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.***
***(2 Korinthiërs 9:6)***

Die armste en nederigste dissipel van Christus kan 'n seën vir ander wees. Hulle mag nie besef dat hulle enige goed doen nie, maar deur hulle stille invloed kan hulle strome van seëninge in beweging bring wat steeds dieper en wyer sal gaan, en dit mag wees dat hulle eers in die hiernamaals die gevolge van hulle werk sal sien. Hulle sal nie weet of voel dat hulle iets groots verrig nie, en dit word nie van hulle verwag dat hulle hulle sal bekommer oor sukses nie. Hulle moet stil voortgaan, die werk wat God hulle gee getrou verrig, en hulle lewe sal nie tevergeefs wees nie. Hulle eie siel sal meer en meer in die ewebeeld van Christus gevorm word; in hierdie lewe is hulle medewerkers van God en op hierdie manier maak hulle hulleself geskik vir die edeler werk in die hiernamaals.

***Ek is dankbaar dat Jesus die heeerlikheid van die hemel verlaat het om die behoeftes van die mensdom te bedien.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek bid dat die Heilige Gees my sal lei om Christus se voorbeeld van evangelisasie te volg: eerstens om met mense te meng en hulle te bevriend; tweedens om deernis te wys vir hul fisiese behoeftes en hul vertroue te win; en dan die goeie nuus van die evangelie te deel.***


**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat diegene wat andere bedien die rykste geestelike seëninge en groei sal verkry. Ek wy my lewe toe aan God se diens en bid dat Hy my sal lei in 'n bediening vir andere.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

________________________________________________________

________________________________________________________



# Les 11
# Kennis van God

## (1) WAT IS DIE ALTYD-TEENWOORDIGE BRON WAT GOD EN SY WONDERLIKE HEERLIKHEID OPENBAAR?

***Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande. (Psalm 19:1)***

God soek op baie maniere om Homself aan ons te openbaar en om ons in gemeenskap met Hom te bring. Die natuur spreek onophoudelik tot ons, en die hart wat oop is, sal indrukke ontvang van die liefde en heerlikheid van God soos geopenbaar in die dinge wat Hy gemaak het. Die oor wat luister, kan hoor hoedat God deur die

dinge wat Hy geskape het tot ons spreek. Die groen velde, die sierlike bome, die bloeisels, die blomme, die wolke, die reën, die riviere, die heerlikheid van die lug bo ons – al hierdie dinge spreek tot ons harte en nooi ons om kennis te maak met Hom wat alles geskape het.

Die Heiland het baie lesse uit die natuur aan ons geleer. Die bome, die voëls, die blomme, die berge, die mere en die blou lug daarbo, asook ons alledaagse omgewing – al hierdie dinge het Hy ingevleg in Sy gesprekke sodat ons die lesse kan onthou, selfs temidde van die sorge en swaar geswoeg van die lewe. God wil hê dat Sy kinders Sy werke sal waardeer en dat hulle hulle sal verheug in die eenvoudige skoonheid van hulle aardse tuiste. Hy het skoonheid lief, maar bo alles het Hy 'n mooi karakter lief; Hy wil hê dat ons die reinheid en skoonheid van die blomme sal aankweek.

## (2) HOE KAN ONS TE MIDDE VAN ONS BESIGE LEWE GOD TOT ONS HOOR PRAAT?

***Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil. (Psalm 4:5)***

As ons maar net wil luister, sal ons lesse van gehoorsaamheid en vertroue leer uit die dinge wat God geskape het. Die sterre wat eeu na eeu hulle baan deur die lugruim volg, en selfs die kleinste atoom – alles in die natuur is onderworpe aan die wil van die Skepper.

## (3) HOE OPENBAAR GOD SY SORG VIR ALLES WAT HY GESKAPE HET?

***Word twee mossies nie vir ‘n stuiwer verkoop nie? En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. (Matthéüs 10:29-30)***

God sorg vir alles en onderhou alles wat Hy geskape het. Hy wat die ontelbare wêrelde in stand hou, sorg ook vir die klein voëltjies wat sonder vrees hulle liedjies sing. As ons werk of bid of slaap of opstaan, is die oog van die hemelse Vader op ons. Die ryk man in sy oorvloed, en die arm man en sy kinders in hulle armoede – almal geniet die beskerming van die Vader in die hemel. Daar val geen traan

of God merk dit op, en daar is geen uiting van vreugde waarop Hy nie let nie.

**(4) WANNEER ONS DIE HERE LIEFHET, EN ONS LEWENS IN SY HANDE TOEVERTOU, WATTER VERSEKERING HET ONS DAN?**

***En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. (Romeine 8:29)***

As ons dit maar ten volle sou glo, sou ons geen onnodige kwelling hê nie. Ons lewens sou nie so vol teleurstelling wees soos nou nie; want alles, groot of klein, sou ons in die hande van God laat, wat nie in verleentheid gebring word deur ons menigvuldige sorge of daardeur oorweldig word nie. Ons sou dan 'n sielevrede geniet wat ons nie tevore geken het nie.

**(5) WAT SAL GOD MET "ALLES" DOEN TER WILLE VAN DIE VERLOSTES, WAT NOG MEER HEERLIK SAL WEES AS WANT ONS KAN DINK?**

***En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. (Openbaring 21:5)***

Namate ons ons in die skoonheid van die aarde verlustig, moet ons ook oor die nuwe aarde dink, wat die vloek van die sonde en die dood nooit sal ken nie, en waar die natuur nie meer die donker skaduwee van die vloek sal dra nie. Ons kan ons nooit verbeel hoe heerlik die tuiste van die verlostes sal wees nie. In die dinge wat ons in die natuur sien, het ons maar 'n baie flou voorstelling van die heerlikheid van God. Ons lees: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." 1 Korinthiërs 2:9.

Digters en natuurkundiges besing die skoonheid van die natuur, maar dis die Christen wat hierdie dinge die beste kan geniet, want hy sien daarin die handewerk van sy hemelse Vader, en in die blomme,

struikgewas en bome sien hy die liefde van God. Niemand kan die berge en vlaktes en riviere en see reg waardeer wat nie daarin 'n uitdrukking van God se liefde tot die mens sien nie.

**(6) WATTER LESSE OOR GOD WORD GEOPENBAAR WANNEER ONS IN OOREENSTEMMING MET SY GEES IS?**

***Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE. (Psalm 33:5)***

God spreek tot ons deur Sy voorsienigheid, en deur die invloed van Sy Gees op ons hart. In ons omstandighede en omgewing en in die dinge wat daagliks rondom ons gebeur, het ons kosbare lesse as ons harte maar net oop was om hulle te ontvang.

**(7) WAAROM IS DIE ONDERVINDINGS VAN DIE PATRIARGE EN PROFETE OPGESKRYF IN DIE SKRIFTE?**

***Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê .(Romeine 15:4)***

God spreek ook tot ons deur Sy woord. Hier het ons 'n duideliker openbaring van Sy karakter, van Sy handelinge met die mens, en van die groot verlossingswerk. Hier kry ons 'n blik op die geskiedenis van die patriarge, profete en ander heiliges van die outyd. Hulle was mense net soos ons. Ons sien hoedat hulle geworstel het met teleurstellings net soos die wat tot ons kom, hoe hulle in versoeking beswyk het net soos ons, en nogtans weer moed geskep en deur die genade van God oorwin het; die kennis hiervan bemoedig ons in ons strewe om die geregtigheid. Waar ons van hulle ervarings lees, en van die lig en liefde en seëninge wat hulle ontvang het, ontbrand daar in ons harte ook 'n vurige begeerte om hulle na te volg om ook soos hulle, met God te wandel.

**(8) WATTER TWEE SPESIALE SEëNINGE WORD DUIDELIK WANNEER ONS DIE SKRIFTE BESTUDEER?**

***Julle ondersoek die Skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. (Johannes 5:39)***

Van die Ou-Testamentiese geskrifte het Jesus gesê – en dis net so waar van die Nuwe Testament – "dit is die wat van My getuig," naamlik die Verlosser in wie al ons hoop is. Ja, die hele Bybel getuig van Christus. Van die begin van die skepping af, want "sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie," tot by die slot van die Bybel, "ja, Ek kom gou," lees ons van Sy werke en hoor ons Sy stem. As u die Heiland wil leer ken, ondersoek die Skrifte.

## (9) WAAROM IS DIT SO BELANGRIK OM DEUR DIE STUDIE EN BEPEINSING VAN SY WOORD, GOD TE LEER KEN?

***… die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Johannes 6:63)***

Vul u hart met die woorde van God. Hulle is die lewende water wat u dors sal les. Hulle is ook die lewende brood wat van die hemel kom. Jesus het gesê: "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie." Johannes 6:53. Hy het hierdie woorde as volg verduidelik: "Die woorde wat Ek vir julle sê, is gees en is lewe." Johannes 6:63. Ons liggame word opgebou uit wat ons eet en drink; en op geestelike gebied is dit ook so: dit is die dinge wat ons oorpeins wat ons geestelike lewe opbou.

## (10) BY WATTER HEERLIKE TEMA VAN DIE BYBEL MOET ONS, SOOS PAULUS, BLY EN DIT MEEDEEL?

***Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.***
***(1 Korinthiërs 2:2)***

Die engele is baie begerig om die verlossingsplan te verstaan; in die hiernamaals sal dit die onderwerp wees waaroor die verlostes gedurig sal praat en sing. Is dit dan nie nou ons noukeurige ondersoek

werd nie? Die oneindige genade en liefde van Jesus vir ons, is dinge wat ons ernstig behoort te oorpeins. Ons behoort diep na te dink oor die karakter van ons Verlosser en Voorbidder. Ons behoort te peins oor Sy sending, naamlik die verlossing van Sy volk van hulle sondes. As ons dan so oor hierdie onderwerpe nadink, sal ons geloof en liefde sterker word, en ons gebede sal aanneemliker wees by God omdat hulle steeds meer en meer geloof en liefde sal openbaar; hulle sal verstandig en vurig wees. Daar sal meer vertroue in Jesus wees, en ons sal Sy krag om diegene te verlos wat deur Hom tot God gaan, beter besef.

**(11) WAT MOET ONS, VOLGENS DIE SKRIFTE, BEDINK OM ONS KARAKTERS TE VERSTERK?**

***Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. (Filippense 4:8)***

**(12) TERWYL ONS GOD BETER LEER KEN DEUR SY WOORD EN DEUR SY HEILIGHEID TE BEPEINS, WATTER UITWERKING SAL DIT OP ONS Hê EN OP ONS GETUIENIS AAN ANDERE?**

***En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Korinthiërs 3:18).***

Namate ons die volmaakte karakter van die Heiland oorpeins, sal die begeerte by ons ontstaan om heeltemal te verander en in Sy ewebeeld herskep te word. Daar sal 'n honger en dors in die siel van die gelowige ontstaan om te word soos die Een wat hy aanbid. Hoe meer ons oor Christus dink, hoe meer sal ons met ander van Hom praat en Hom aan die wêreld voorstel.

**(13) VIR WIE SAL DIE WOORD VAN GOD VERLIG EN WYS MAAK?**

***Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë. (Psalm 19:8-9)***

Die Bybel is nie slegs vir geleerdes geskryf nie; maar dit is vir die volk oor die algemeen bedoel. Die groot waarhede wat nodig is vir die saligheid word baie duidelik verklaar, en niemand sal die pad verloor, behalwe diegene wat hulle eie weg volg in plaas van die geopenbaarde wil van God.

## (14) WAAROM IS PERSOONLIKE STUDIE VAN GOD SE WOORD SO NOODSAAKLIK?

***Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. (2 Timotheüs 2:15)***

Ons moenie die menings van ander oor die Skrifte aanneem nie, maar ons moet vir onsself die Woord van God ondersoek. As ons toelaat dat ander vir ons dink, sal dit ons vermoëns verswak. Die edele kragte van die verstand kan so verminder deur gebrek aan oefening dat die diepere betekenis van die woord nie verstaan sal word nie. Bybelondersoek en die vergelyking van die een skriftuur met die ander, en geestelike dinge met geestelike, sal die kennis vermeerder.

Daar is niks wat die verstand so ontwikkel as Bybelstudie nie. Geen ander boek kan die gedagtes so veredel en die geestesvermoëns so versterk, as die groot Bybelwaarhede nie. As die Woord van God ondersoek sou word soos dit behoort, sou die verstand ontwikkel en die karakter veredel word, en daar sou 'n standvastigheid wees soos maar min in ons dae gesien word.

## (15) UIT WATTER TIPE STUDIE SAL ONS DIE MEESTE VOORDEEL TREK?

***Ek het U Woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. (Psalm 119:11)***

Maar dit sal min help om die Skrifte op 'n haastige wyse te lees. Mens kan die hele Bybel deurlees sonder om die skoonheid en dieper betekenis daarvan te besef. As mens een gedeelte sou ondersoek totdat dit duidelik is en die verhouding daarvan tot die verlossingsplan besef word, sou dit van meer waarde wees as 'n hele aantal hoofstukke wat sommer doelloos gelees word sonder dat daar iets by geleer word. Hou altyd u Bybel by u, en as u kans kry, lees dit; leer die tekste van buite. Selfs as u op straat loop, kan u die tekse oorpeins.

**(16) HOE MOET ONS DIE BYBEL BENADER IN ONS STUDIE OM DIE DIEPSTE WAARHEDE REG TE ONDERSKEI?**

***Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ʻn bietjie, daar ʻn bietjie. (Jesaja 28:10)***

Ons kan nie kennis opdoen sonder ernstige studie en gebed nie. Sommige dele van die Skrif is so duidelik dat almal hulle kan verstaan; maar daar is ander dele waarvan die betekenis nie so voor die hand liggend is nie. Die een teks moet met die ander vergelyk word; daar moet sorgvuldige navorsing en biddende oorpeinsing wees. Sulke Bybelstudie sal ryklik beloon word. Net soos die mynwerker die kosbare are van goud onder die oppervlakte ontdek, so sal diegene wat die Skrifte volhardend ondersoek soos iemand wat na verborge skatte soek, ook die belangrike waarhede ontdek wat die onverskillige soeker nooit eens raaksien nie. Die oorpeinsing van die woorde van God in die hart, sal soos 'n stroom van lewende water wees.

**(17) WAAROM IS DIT SO BELANGRIK OM IN DIE GEBED TE VRA VIR DIE VERLIGTING VAN DIE HEILIGE GEES ALVORENS ONS DIE SKRIFTE BESTUDEER?**

***Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat  jy nie weet nie. (Jeremia 33:3)***

Die Bybel moet nooit sonder gebed ondersoek word nie. Voordat ons dit lees, moet ons eers om die lig van die Heilige Gees vra, en dit sal aan ons gegee word. Toe Natanael na Jesus gekom het, het die Heiland uitgeroep: “Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie!” Daarop het Natanael gevra: “Waarvandaan ken U my?” Jesus het geantwoord: “Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.” Johannes 1:47, 48. En Jesus sal ons ook sien waar ons in die geheim bid en Hom om lig vra sodat ons die waarheid kan verstaan. Engele van lig sal by diegene wees wat in ootmoed om leiding vra.

## (18)  DEUR WIE WORD GODDELIKE WAARHEID OPENBAAR?

***Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13)***

Die Heilige Gees verhef en verheerlik die Heiland. Dit is Sy werk om Christus, Sy geregtigheid, en die saligheid wat deur Hom verkry word, aan ons voor te stel. Van die Gees het Jesus gesê: “Hy sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.” Johannes 16:14. Die Gees van Waarheid is die enigste doeltreffende leraar van die waarheid. Dink daaraan hoe hoog God die mensekinders skat, want Hy het Sy Seun gegee om vir hulle te sterf, en die Heilige Gees om hulle te leer en te lei.

***In God’s Woord vind ek lering, geduld, troos en hoop. Ek vra Hom vir ‘n brandende begeerte om dit te bestudeer sodat ek Sy waarheid in my hart sal bêre en nie teen Hom sal sondig nie.***

**Omkring:   Ja   Besluitloos**

***Ek bid vir dit Heilige Gees om my onderwyser te wees en om my ‘n nederige hart te gee. Ek bid vir wysheid sodat ek met reg reël op reël kan plaas en gebod op gebod om waarheid te verstaan.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Dit is my doel om die Here te soek met my hele hart, siel, en verstand. Dit is my begeerte om die leiding van die Heilige Gees te verstaan sodat ek die lig wat die Skrifte op die pad van die ewige lewe skyn, kan volg.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

---



# Les 12
# Die Voorreg van Gebed

## (1) WAAROM IS KONTAK MET GOD DEUR GEBED SO BELANGRIK?

***Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. (Jeremia 29:12)***

God spreek tot ons deur die natuur en deur Sy Woord, deur Sy voorsienigheid en deur die invloed van sy Gees. Maar hierdie dinge is nie genoeg nie; ons moet ook ons hart voor Hom uitstort. Ten einde geestelike lewe en krag te hê moet ons werklike gemeenskap met onse hemelse Vader beoefen. Ons mag oor Hom dink; ons mag Sy werke, Sy barmhartighede en Sy seëninge bepeins; maar dit is nie

gemeenskap met Hom in die regte sin van die woord nie. Om met God gemeenskap te beoefen, moet ons iets hê om aan Hom te sê aangaande ons eie lewe. Gebed is die uitstorting van ons hart tot God soos tot ‘n vriend. Nie dat dit nodig is om aan God bekend te maak wat ons is nie, maar dit is om ons in staat te stel om Hom aan te neem. Gebed bring God nie tot ons af nie, maar dit neem ons op tot Hom.

### (2) WAT NOOI JESUS ONS UIT OM TE DOEN WANNEER ONS TOT HOM GAAN IN DIE GEBED?

***Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle. (1 Petrus 5:7)***

Toe Jesus op aarde was, het Hy Sy dissipels geleer hoe om te bid. Hy het hulle geleer om hulle daaglikse behoeftes aan God bekend te maak, en al hulle sorge op Hom te werp. En die versekering wat Hy aan hulle gegee het dat hulle gebede verhoor sou word, is ook 'n versekering aan ons.

### (3) TOE CHRISTUS OP AARDE GEBLY HET, WATTER VOORBEELD HET HY GEGEE VAN GEMEENSKAP MET DIE VADER IN GEBED?

***En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na ‘n eensame plek vertrek en daar gebid. (Markus 1:35)***

Jesus Self het dikwels gebid terwyl Hy op aarde onder die mense gewandel het. Ons Heiland het Hom met ons behoeftes en swakhede vereenselwig deur 'n smeker en bidder te word, en van die Vader nuwe krag te vra vir Sy werk en die beproewings wat Hy moes deurmaak. Hy is ons voorbeeld in alle dinge. Hy is 'n Broeder in ons swakhede, en was “in alle opsigte versoek net soos ons, maar sonder sonde;” dog as die een wat sondeloos was, het Hy 'n afkeer gehad van die kwaad; en in 'n wêreld van sonde moes Hy 'n groot sielestryd deurmaak. Sy menswording het gebed 'n noodsaaklikheid en 'n voorreg gemaak. Hy het troos en blydskap gevind in gemeenskap met

Sy Vader. En as die Verlosser van die mens, ja die Seun van God, behoefte gehad het aan gebed, hoeveel te meer behoort swakke, sondige sterwelinge hulle behoefte te besef aan vurige, aanhoudende gebed!

## (4) HOE MOET ONS GOD NADER IN DIE GEBED?

***Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. (Hebreërs 4:16)***

Ons hemelse Vader wag om die volheid van Sy seëninge op ons uit te stort. Dit is ons voorreg om diep te drink uit die fontein van Sy oneindige liefde. Hoe verbasend dat ons so min bid! God is bereid en gewillig om die opregte gebed van die nederigste van Sy kinders te verhoor, en tog is daar so 'n traagheid van ons kant om ons behoeftes aan Hom bekend te maak. Wat moet die engele van die hemel dink van arme, hulpelose mensekinders wat blootgestel is aan versoeking en tog so min bid en so min geloof het, terwyl die hart van God, vol oneindige liefde, verlang na hulle, en bereid is om aan hulle te gee meer as wat hulle ooit kan bid of dink? Die engele skep behae daarin om hulle voor God neer te buig; hulle wil graag naby Hom wees. Hulle beskou gemeenskap met God as hulle hoogste genot, en nogtans skyn dit asof die kinders van die aarde, wat die hulp wat God alleen kan gee so nodig het, tevrede is om sonder die lig van Sy Gees en die gemeenskap van Sy teenwoordigheid te wandel!

## (5) WAT IS TWEE NOODSAAKLIKHEDE OM VERSOEKING TE OORKOM?

***Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. (Matthéüs 26:41)***

Die duisternis van die Bose bedek diegene wat nalaat om te bid. Die influistering van die vyand verlei hulle tot sonde; en dit alleen omdat hulle nie gebruik maak van die voorregte wat God hulle deur gebed wil skenk nie. Waarom moet die seuns en dogters van God

traag wees om te bid, wanneer gebed die sleutel in die hand van die gelowige is wat die skatkamers van die hemel oopsluit, waar die onbeperkte rykdom van die Almagtige gebêre is? Sonder gedurige gebed en waaksaamheid, loop ons gevaar om agterlosig te word en van die regte pad of te dwaal. Die teenstander is gedurig daarop uit om die weg tot die genadetroon te versper sodat ons nie deur vurige gebed en geloof genade en krag kan ontvang om versoeking te weerstaan nie.

## (6) SOOS DAWID, WAT MOET ONS GEESTELIKE TOESTAND WEES VIR GOD OM ONS GEBEDE TE BEANTWOORD?

***O God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor land, sonder water. (Psalm 63:2)***

Daar is sekere voorwaardes waarop ons kan verwag dat God ons gebede sal verhoor. Die eerste is dat ons ons behoefte aan Sy hulp sal besef. Hy het belowe, "Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond." Jesaja 44:3. Diegene wat honger en dors na geregtigheid, wat verlang na God, mag seker wees dat hulle versadig sal word. Die hart moet oopgestel word vir die invloed van die Gees, of anders kan God se seën nie ontvang word nie.

## (7) WATTER DRIE STAPPE MOET ONS NEEM OM ANTWOORDE OP ONS GEBEDE TE ONTVANG?

***En ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. (Lukas 11:9)***

Ons groot behoefte is op sigself 'n pleidooi wat op die welsprekendste wyse vir ons pleit. Maar die aangesig van die Here moet gesoek word om hierdie dinge vir ons te doen. Hy sê: "Bid, en vir julle sal gegee word," Matthéüs 7:7."Hy wat selfs, sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ook nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" Romeine 8:32.

## (8) HOE BEïNVLOED REBELLIE ONS GEBEDE?

***Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel (Spreuke 28:9)***

As ons ongeregtigheid in ons hart koester, as ons vasklem aan iets wat ons weet wat sonde is, sal die Here ons nie verhoor nie. Maar die gebed van 'n boetvaardige, gebroke hart word altyd verhoor. As ons al die verkeerde dinge waarvan ons bewus is, reggemaak het, mag ons glo dat God ons gebede sal verhoor. Ons eie verdienste sal ons nie by God aanbeveel nie; dit is die verdienste van Jesus wat ons sal red, en Sy bloed wat ons sal reinig, maar ons moet die voorwaardes van aanneming nakom.

## (9) WAT IS DIE VOLGENDE KRITIESE ELEMENT OM ANTWOORDE OP ONS GEBEDE TE ONTVANG?

***Daarom sê Ek vir julle: alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. (Markus 11:24)***

'n Ander voorvereiste vir gebedsverhoring is geloof. “Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.” Hebreërs 11:6. Jesus het aan Sy dissipels gesê, “Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang, en julle sal dit verkry.” Markus 11:24. Neem ons Hom op Sy woord?

Die versekering is veelomvattend en onbeperk, en Hy is getrou wat dit beloof het. As ons nie dadelik ontvang wat ons gevra het nie, moet ons nogtans glo dat die Here ons verhoor en dat Hy ons gebede sal antwoord. Ons is so sondig en kortsigtig dat ons soms om dinge vra wat ons nie tot seën sal strek nie, maar in Sy liefde skenk ons hemelse Vader ons net die dinge wat vir ons die beste sal wees — juis wat ons self sou begeer het as ons sake kon sien soos hulle werklik is. Wanneer dit skyn asof ons gebede nie verhoor word nie, moet ons aan die belofte vasklem; want die antwoord sal gewis kom en ons sal die seën ontvang wat ons die nodigste het. Maar om te dink dat ons gebede sekerlik verhoor sal word, en dat ons juis die dinge sal ontvang waarvoor ons gevra het, en langs die weg wat ons gereken het, is vermetelheid. God is te wys om 'n fout te begaan en te goed om

enige goeie ding te onthou aan diegene wat opreg voor hom wandel. Moenie bang wees om die Here te vertrou nie, al sien u nie dadelik die antwoord op u gebede nie. Steun op Sy onwankelbare belofte: “Bid, en vir julle sal gegee word.” Matthéüs 7:7.

## (10) WATTER GROOT BELOFTE KAN ONS OPEIS AS ONS IN NEDERIGE GELOOFSVERTROUE ONS BEHOEFTES AAN GOD BEKENDMAAK?

***En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het. (1 Johannes 5:14-15)***

As ons toegee aan vrees en twyfel en probeer om alles te verstaan voordat ons glo, sal ons net ons moeilikhede groter en erger maak. Maar as ons tot God kom, ons hulpeloosheid en afhanklikheid besef en in ootmoedige geloof ons behoeftes bekend maak aan Hom wat alwys is en alles sien en alles bestuur, sal Hy ons roepstem verhoor en Sy lig in ons harte laat skyn. Deur opregte gebed tree ons in verbinding met die Ewige. Ons mag op die oomblik geen bewys hê dat die aangesig van ons Verlosser ons in liefde en ontferming betrag nie; maar dit is tog so. Ons mag nie voel dat Hy ons aanraak nie, maar Sy hand rus op ons in liefde en medelydende teerheid.

## (11) HOE WORD ONS VERGIFNIS DEUR GOD BEPAAL?

***Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie. (Matthéüs 6:14-15)***

As ons tot God kom en om genade en seëninge vra, moet daar 'n gees van liefde en vergewensgesindheid in ons eie harte wees. Hoe kan ons bid, “Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe” Matthéüs 6:12, en nogtans 'n gees van onvergewensgesindheid koester? As ons verwag dat ons eie gebede

verhoor moet word, moet ons ander vergewe op dieselfde wyse en in dieselfde mate as wat ons verwag om vergifnis te ontvang.

## (12) HOE DIKWELS MOET ONS HARTE EEN MET GOD WEES IN DIE GEES VAN GEBED?

***Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging. (Kolossense 4:2)***

Volharding is een van die voorwaardes van gebedsverhoring. Ons moet gedurig bid as ons wil toeneem in geloof en geestelik opwas. Ons moet “volhard in die gebed,” en “daarin waak met danksegging.” Romeine 12:12; Kolossense 4:2. Petrus vermaan die gelowiges “Wees dan ingetoë en nugter om te kan bid.” 1 Petrus 4:7. Paulus skryf: “Laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.” Filippense 4:6.

“Maar julle, geliefdes,” sê Judas, “moet . . . in die Heilige Gees bid en julleself bewaar in die liefde van God.” Judas 20, 21. Onophoudelike gebed beteken die onafgebroke gemeenskap van die siel met God, sodat die lewe van God in ons lewe kan instroom, en daar uit ons lewe weer reinheid en heiligheid kan terugvloei tot God.

Daar is behoefte aan ywer in ons gebede; laat niks u hinder nie. Doen alles in u vermoë om die gemeenskap tussen u siel en Jesus ongestoord te hou. Neem elke geleentheid te baat om na die gewone bidplek te gaan. Diegene wat waarlik gemeenskap met God soek, sal by die biduur gesien word, getrou om hulle plig te doen, en sal gretig en ernstig wees om alle seëninge te ontvang. Hulle sal elke geleentheid te baat neem om te gaan waar hulle die ligstrale uit die hemel kan ontvang.

***Ek is dankbaar vir die wonderlike voorreg wat God aan my gee om enige tyd deur Christus na Hom te kom in die gebed.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat kontak met die Here in gebed ons lewenslyn na die hemel is. Dit is my begeerte om gedurig met Hom in kontak te wees en Sy blywende vrede te ondervind deur die gawe van gebed.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek vertrou en glo dat God my gebede sal beantwoord op Sy perfekte tyd en volgens Sy wil.***


**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek aanvaar God se uitnodiging om met "vrymoedigheid na die troon van genade" in gebed te gaan om die nodige hulp, genade en barmhartigheid te ontvang in my daaglikse wandel met Hom.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

________________________________________________________

______________________________________________________



# Les 13
# Die Krag van Gebed

## (1) WAT IS DIE GEVOLG VAN PRIVATE GEBED?

***Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.***
***(Matthéüs 6:6)***

Ons behoort by die huisaltaar te bid, en ons moet veral nie die gebed in die binnekamer verwaarloos nie, want dit is die lewe van die siel. Dit is onmoontlik vir die siel om vordering te maak as gebed verwaarloos word. Huislike of openbare gebed alleen is nie voldoende

nie. In die verborge moet die hart vir die ondersoekende oog van God blootgestel word. Ons gebede in die verborge is alleen vir die oor van die gebedverhorende God. Geen nuuskierige oor moet sulke gebede hoor nie. In die verborge is die siel vry van die invloede van die omgewing en vry van opwinding. Kalm, dog vurig sal hy tot God roep. Soet en blywend is die invloed wat uitgaan van Hom wat in die verborge sien, Wie se oor oop is vir die gebed wat uit die diepte van die hart kom. Deur 'n kalme, eenvoudige geloof, hou die siel gemeenskap met God en neem hy die strale van goddelike lig in homself op om hom in die stryd met Satan te versterk en te ondersteun. Bid in u binnekamer, en laat u hart dikwels in u werk tot God opgehef word. So het Henog met God gewandel. Sulke stille gebede gaan soos wierook op tot die genadetroon. Satan kan nie die hart wat so op God vertrou, oorwin nie.

**(2) WATTER INSTRUKSIES IN HIERDIE VERS, VERSTERK DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED?**

***Bid sonder ophou. (1 Thessalonicense 5:17)***

Geen tyd of plek is ongeskik om 'n gebed tot God te laat opstyg nie. Daar is niks wat ons kan belet om ons hart in die gees op te hef in ernstige gebed nie. Net soos Nehemia sy versoek aan koning Artasasta gerig het, kan ons ook in die gewoel van die straat, of in ons besigheid, 'n gebed tot God opstuur. Ons kan orals waar ons is, 'n binnekamer vind. Die deur van ons hart behoort gedurig oop te wees, met die uitnodiging aan Jesus om in ons hart te kom woon as 'n hemelse gas.

Al word ons omring van 'n verderflike atmosfeer, hoef ons dit nie in te asem nie; maar ons kan in die reine atmosfeer van die hemel lewe. Ons kan alle onheilige verbeeldings en onreine gedagtes verban, as ons deur opregte gebed in die teen-woordigheid van God bly. Diegene wat ontvanklike harte het vir die seën en hulp van God, sal in 'n heiliger atmosfeer wandel as die van hierdie aarde, en hulle sal onafgebroke gemeenskap met die hemel hê.

## (3) WAT SAL DIE GEVOLG WEES WANNEER ONS IN GEDURIGE KOMMUNIKASIE MET CHRISTUS IS?

***U bewaar elkeen wat op U vertrou in vrede, die mense wie se gedagtes op U gerig is. (Jesaja 26:3; NLV)***

Ons behoort Jesus duideliker te sien en die ewige dinge beter te verstaan. Die hart van God se kinders behoort vol te wees van die sieraad van heiligheid; en om dit te bewerkstellig, behoort ons te soek na goddelike openbarings van hemelse dinge.

Laat ons siel na omhoog getrek word, dat ons van God 'n teug van die hemelse atmosfeer mag ontvang. Ons kan so na aan God lewe dat ons gedagtes in elke onverwagte beproewing tot Hom sal uitgaan, net so natuurlik as die blom wat na die son toe draai.

## (4) WATTER BELOFTE GEE GOD SO GENADIGLIK AAN DIE GEBROKENES VAN HART?

***Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde. (Psalm 146:3)***

Maak u behoeftes, u vreugde, u droefheid, u sorge en u vrees aan God bekend. U kan Hom nie daarmee belas of vermoei nie. Hy wat die hare van u hoof tel, is nie onverskillig omtrent die behoeftes van Sy kinders nie. “Die Here is vol medelyde en ontferming.” Jakobus 5:11.

Ons smarte, ja selfs die mededeling daarvan, pynig Sy liefdevolle hart. Neem al u moeilikhede na Hom. Niks is te groot vir Hom om te dra nie, want Hy hou die wêrelde in stand en Hy heers oor die ganse heelal. Niks wat ons vrede aanraak, is te gering vir Hom om op te merk nie. Daar is geen hoofstuk in ons lewe wat vir Hom te duister is om te lees nie; daar is geen moeilikheid te groot vir Hom om op te los nie. Geen ramp kan die geringste van Sy kinders tref nie, geen angs kan hulle siel kwel nie, geen blydskap kan hulle bemoedig nie, geen opregte gebed kan hulle lippe ontval nie, waarvan ons hemelse Vader nie kennis neem nie, of waarin Hy nie onmiddellik belangstel nie.

"Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde." Psalm 147:3.

Die Here se belangstelling in elke siel is so volkome asof daar geen ander siel op aarde was wat Sy sorg nodig het, of vir wie Hy Sy geliefde Seun gegee het nie!

## (5) IN WIE SE NAAM MOET ONS BID?

***Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee. (Johannes 15:16)***

Jesus het gesê, "In daardie dag sal julle in My naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader self het julle lief." Maar om in die naam van Jesus te bid, beteken meer as om slegs daardie naam te noem aan die begin en einde van die gebed. Dit beteken om met die gesindheid en gees van Jesus te bid, terwyl ons Sy beloftes aanneem, op Sy genade steun, en Sy werke doen.

## (6) WATTER DADE VAN PRAKTIESE CHRISTELIKHEID MOET MET ONS GEBEDE EN AANBIDDING GEKOMBINEER WORD?

***Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:27)***

***En een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit? (Jakobus 2:16).***

Dit is nie die oogmerk van God dat ons kluisenaars of monnike moet word nie, of dat ons ons van die wereld moet onttrek ten einde ons aan, aanbidding te wy nie. Ons lewe moet soos die lewe van Christus wees – tussen die berg en die skare. Hy wat niks anders doen as bid nie, sal gou ophou om te bid, of sy gebede sal ontaard in 'n

formele roetine. Wanneer mense hulleself aan die gemeenskaplike lewe onttrek – weg van hulle kruis en Christelike pligte; wanneer hulle ophou om ernstig te arbei vir hulle Meester wat so getrou vir hulle gearbei het, verloor hulle alle stof tot gebed en is daar geen aansporing meer tot godsdiens nie. Hulle gebede word persoonlik en selfsugtig. Hulle kan nie bid vir die behoeftes van die mensdom nie, of vir die opbouing van die koninkryk van Christus, of om krag om te arbei nie.

## (7) WAT IS DIE DOEL VAN CHRISTENKAMERAADSKAP?

***En laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. (Hebreërs 10:25)***

Ons ly 'n verlies as ons die voorreg verwaarloos om saam te leef en om mekaar in die diens van God te versterk en te bemoedig. Die waarhede van God se woord verloor hulle helderheid en belangrikheid in ons gemoed. Ons hart word nie meer verlig en opgewek deur hulle heiligmakende invloed nie, en ons gaan agteruit op, geestelike gebied. In ons omgang met ander verloor ons, as Christene, baie deur gebrek aan medelyde met mekaar. Hy wat homself in homself terugtrek, vul nie die plek wat God vir hom bedoel het nie. Die behoorlike ontwikkeling van die sosiale sy van ons lewe help ons om medelyde te hê met ander, en dis ook 'n middel tot opwassing en krag in die diens van God.

As Christene meer omgang met mekaar sou hê, met mekaar oor die liefde van God en die heerlike waarhede van verlossing sou praat, sou hulle eie harte verkwik word en sou hulle mekaar opbeur. Ons kan daagliks meer van ons hemelse Vader leer en meer van Sy genade geniet; dan sal ons ook graag van Sy liefde praat, en namate ons dit doen sal ons harte warm gemaak en bemoedig word. As ons meer van Jesus sou praat en dink, en minder van onsself, sou ons baie meer van Sy teenwoordigheid geniet.

## (8) WAAR OM MOET ONS GEDAGTES EN TOEGENEëNTHEDE DRAAI OM BLYWENDE VREDE TE Hê?

***U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Vertrou op die HERE vir ewig, want in die HERE HERE is 'n ewige rots. (Jesaja 26:3-4)***

***Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. (Kolossense 3:2)***

As ons net so dikwels aan God dink as wat ons bewyse van Sy beskerming het, sal Hy gedurig in ons gedagtes wees, en sal ons ons daarin verbly om Hom te loof en van Hom te praat. Ons praat oor die tydelike dinge omdat ons daarin belang stel. Ons praat van ons vriende omdat ons hulle liefhet – omdat ons saam die vreugde en die leed van die lewe deurmaak. Nogtans het ons oneindig veel meer rede om God lief te hê as ons aardse vriende; en dit behoort die natuurlikste ding in die wêreld te wees dat Hy die eerste plek in ons hart inneem, en dat ons van Sy goedheid en krag sal praat. God het nie bedoel dat die kostelike gawes wat Hy ons skenk ons hart en liefde so in beslag sal neem dat ons niks sal hê om aan Hom te gee nie; hulle moet dien om ons gedurig aan Hom te laat dink en ons met bande van liefde en dankbaarheid aan ons hemelse Weldoener te bind. Ons leef te na aan die aarde. Laat ons ons oë ophef na die oop deur van die heiligdom daarbo, waar die lig van die heerlikheid van God skyn in die aangesig van Christus, wat "volkome red die wat deur Hom tot God gaan." Hebreërs 7:25.

## (9) WATTER BELANGRIKE ELEMENT SAL INGESLUIT WORD IN ONS GEBEDE?

***Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging. (Kolossense 4:2)***

Ons behoort God meer te loof "vir Sy goedertierenheid en vir Sy wonderdade aan die mensekinders." Psalm 107:8. Ons godsdiens

moet nie net bestaan uit vra en ontvang nie. Laat ons nie gedurig aan ons behoeftes, en nooit aan die gawes wat ons ontvang, dink nie. Ons bid nie juis te veel nie, maar ons is te spaarsaam met ons dankseggings. Ons ontvang gedurig die seëninge van God, en tog hoe min toon ons ons dankbaarheid, hoe min loof ons Hom vir wat Hy vir ons doen.

**(10) WAT SAL UIT DIE HARTE VAN DIEGENE VLOEI WAT MET BLYE HARTE HUL LEWENS EN MIDDELE AAN HOM TOEVERTROU HET?**

***En daar moet julle voor die aangesig van die HERE julle God eet en vrolik wees, julle en jul huisgesinne, oor alles waar julle jul hand aan slaan, waarin die HERE jou God jou geseën het. (Deuteronómium 12:7)***

In die ou dae, toe Israel bymekaargekom het, het God gesê hoe belangrik dit was om die Here met ‘n blye hart te dien. Wat ons ter ere van God doen moet met blymoedigheid gedoen word, met lofliedere en danksegging en nie met swaarmoedigheid en neerslagtigheid nie.

Ons God is 'n tere, barmhartige Vader. Sy diens moet nie beskou word as iets wat die hart treurig maak en ontstel nie. Dit behoort 'n genot te wees om die Here te aanbid en deel te neem aan Sy werk. Die Here wil nie hê dat Sy kinders, wat Hy so duur gekoop het, moet handel asof Hy 'n harde, veeleisende heer is nie. Hy is hulle beste vriend, en as hulle Hom aanbid, sal Hy by hulle wees om hulle te seën, te vertroos en hulle harte met vreugde en liefde te vervul. Die Here verlang dat Sy kinders vertroosting in Sy diens sal vind, asook meer genot as ontbering in Sy werk. Hy wil hê dat diegene wat kom om Hom te aanbid, die diens sal verlaat met vertroostende gedagtes van sorg en liefde, sodat hulle goedsmoeds kan wees in hulle daaglikse werk, en dat hulle genade mag ontvang om eerlik en getrou te handel in alle dinge.

**(11) WANNEER ONS GEDAGTES, GESPREKKE EN GEBEDE GOD LOOF EN VERHEERLIK, WAT SAL OPENBAAR WORD?**

***Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet. (Psalm 50:23)***

Ons moet ons rondom die kruis skaar. Christus die gekruisigde moet die onderwerp van ons oorpeinsing en gesprekke wees, en dit moet ons gemoed met blydskap vervul. Ons moet elke seën wat ons van God ontvang in gedagtenis hou, en as ons Sy groot liefde besef, behoort ons gewillig te wees om alles toe te vertrou aan die hand wat vir ons aan die kruis genael is.

## (12) WAT MOET ALTYD OP ONS LIPPE WEES OMDAT ONS GOD SE GOEDHEID SIEN?

***Laat hulle die HERE loof om Sy goedertierenheid en om Sy wonderdade aan die mensekinders; en laat hulle lofoffers bring en met gejubel Sy werke vertel. (Psalm 107:21-22)***

Op die vleuels van danksegging kan die siel nader aan die hemel kom. In die hemelse howe word God aanbid met gesang en musiek, en waar ons onse dankbaarheid betuig, stem ons aanbidding in 'n mate ooreen met die van die hemelse leërskare. “Die een wat dank offer, eer My.” Psalm 50:2”. Laat ons dan met eerbiedige vreugde tot ons Skepper nader met “danksegging en die klank van liedere.” Jesaja 51:3.

***Ek besef die behoefte aan gedurige verbinding met God deur beide private en openbare gebed in my daaglikse ondervinding met Hom.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef die belangrikheid daarvan om God te dank en te loof in gebed vir sy goedheid en genade in my lewe.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek is dankbaar vir die voorreg om deur gebed tot Gods troon te kom en te vra vir Sy wonderbare krag in my lewe en in die lewens van andere vir wie ek bid.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________



# Les 14
# Wat om met Twyfel te doen

## (1) WATTER ANTWOORD HET JESUS AAN DIEGENE GEGEE WAT SKEPTIES WAS OOR SY GODDELIKHEID?

***Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. (Matthéüs 12:38-39)***

Daar is baie, veral diegene wat net so pas die Christelike geloof aangeneem het, wat met tye ongelukkig is omdat hulle twyfel. In die Bybel is daar baie dinge wat hulle nie kan verklaar of verstaan nie, en Satan maak daarvan gebruik om hulle geloof in die Skrifte te ondermyn. Hulle vra: "Hoe sal ek weet wat die regte pad is? As die Bybel inderdaad die woord van God is, hoe kan ek bevry word van hierdie verwarring en twyfelinge?"

Die Here vra ons nooit om te glo sonder om ons genoegsame bewys te gee om ons geloof op te grond nie. Sy bestaan, Sy karakter, die waarheid van Sy woord – al hierdie dinge berus op, getuienis wat ons kan aanneem; en hierdie getuienis is oorvloedig. Maar God het nie die moontlikheid van twyfel weggeneem nie. Ons geloof moet op bewyse berus, nie demonstrasies nie.

Diegene wat graag wil twyfel, sal baie geleentheid daartoe hê; terwyl diegene wat waarlik begeer om te glo, baie bewyse sal vind as grondslag vir hulle geloof.

## (2) WAAROM KAN DIE MENS NIE GOD SE WEë BEGRYP NIE?

***Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes. (Jesaja 55:8-9)***

Dit is onmoontlik vir die beperkte menseverstand om die karakter en werke van die Ewige God ten volle te begryp. Vir die grootste en die mees ontwikkelde verstand sal daardie heilige Wese altyd in

verborgenheid gehul wees. “Kan jy die dieptes, van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige? Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen? Dieper as die doderyk – wat kan jy weet?” Job 11:7, 8.

Die apostel Paulus roep uit: “O Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë!” Romeine 11:33.

Maar hoewel “wolke en donkerheid rondom Hom is,” is “geregtigheid en oordeel die grondslag van Sy troon.” Ons kan Sy handelinge met ons en die beweegredes ten grondslag daarvan tot so 'n mate besef dat ons eindelose liefde verenig met grenslose mag kan bespeur. Ons kan net soveel van die handelinge van God verstaan as wat vir ons goed is; verder as dit moet ons maar net die hand wat almagtig en die hart wat vol liefde is, vertrou.

## (3) OP WATTER WAARSKUWING MOET ONS AG SLAAN WANNEER ONS NIE DIE SKRIFTE VERSTAAN NIE?

***...net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf. Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op julle hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. (2 Petrus 3:16-17)***

Die Woord van God, soos die karakter van Sy goddelike Outeur bevat verborgenhede wat nooit ten volle deur die beperkte menseverstand begryp kan word nie. Die koms van die sonde in die wêreld, die vleeswording van Christus, die wedergeboorte, die opstanding, en nog baie van die ander Bybelse onderwerpe, is verborgenhede te diep vir die menslike verstand om te verstaan of te verklaar. Maar daar is geen rede waarom ons aan God se Woord moet twyfel omdat ons nie al Sy verborgenhede verstaan nie. In die natuur is daar gedurig verborgenhede wat ons nie kan verklaar nie. Selfs die laagste vorms van lewe bevat geheime wat die grootste wysgere nie kan verklaar nie. Orals is daar wondere wat ons nie kan verstaan nie.

Moet ons dan verwonderd wees as daar op geestelike gebied ook verborgenhede is wat ons verstand te bowe gaan? Die fout lê eenvoudig by die swakheid van die beperkte menslike verstand. In die Skrifte het God ons genoeg bewys gegee van die goddelike karakter daarvan, en ons moenie aan Sy Woord twyfel omdat ons nie al Sy verborgenhede kan verstaan nie.

Die apostel Petrus sê dat daar in die Skrifte dinge is wat “swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai . . . tot hulle eie verderf.” 2 Petrus 3:16. Ongelowiges het die moeilikhede in die Skrifte aangevoer as 'n argument teen die Bybel; maar hierdie dinge is eerder 'n bewys van die goddelike ingewing daarvan. As die Bybel maar net dinge sou bevat het wat ons maklik kon verstaan; as die grootheid en majesteit van God deur die menslike verstand begryp sou kon word, dan sou die Bybel nie onomstootlike bewys bevat het van sy goddelike ingewing nie. Juis die heerlikheid en verborgenheid van die onderwerpe daarin behoort ons met geloof te besiel dat dit die Woord van God is.

## (4) WAAROM KAN DIE WYSHEID VAN HIERDIE WêRELD NIE DIE SKRIF VERKLAAR NIE?

***Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. (1 Korinthiërs 2:14)***

Die Bybel verklaar die waarheid op so 'n eenvoudige manier en dit word op so 'n doeltreffende wyse aangepas by die behoeftes en verlangens van die menslike hart dat dit selfs die geleerdste mense verbaas, en terselfdertyd die weg van die saligheid aan die eenvoudigste openbaar. En tog handel hierdie waarhede, so eenvoudig uitgedruk, oor onderwerpe wat so hoog en diep en so ver bokant die menslike verstand is dat ons hulle aanneem slegs omdat hulle van God kom. Op hierdie manier word die weg van saligheid aan ons geopenbaar sodat elkeen kan sien watter stappe hy moet doen om hom tot God te bekeer en hoe om Jesus Christus aan te neem om salig te word; en nogtans bevat hierdie waarhede wat ons so maklik verstaan, verborgenhede waarin die heerlikheid van God skuil –verborgenhede

wat bokant die menslike verstand is, maar wat tog die opregte soeker na die waarheid met eerbied en geloof vervul. Hoe meer hy die Bybel ondersoek, hoe sterker is hy oortuig daarvan dat dit die woord van die lewende God is; en die menslike verstand buig neer voor die majesteit van die goddelike Woord.

Om te erken dat ons nie die groot waarhede van die Bybel ten volle kan verstaan nie, beteken slegs om te erken dat die beperkte menslike verstand nie die ewige dinge kan verstaan nie; dat die mens met sy beperkte kennis nie die Alwyse kan begryp nie.

## (5) WAARTEEN WORD ONS GEWAARSKU OM NIE IN ONS HARTE TOE TE LAAT NIE?

***Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. (Hebreërs 3:12)***

Omdat hulle nie die verborgenhede daarvan kan deurgrond nie, verwerp die twyfelaars en ongelowiges die Woord van God; en nie almal wat voorgee om God se Woord te glo, is vry van gevaar in hierdie opsig nie. Die apostel waarsku: “Sorg, daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.”

Dit is heeltemal reg om die leerstellings van die Bybel noukeurig te ondersoek en om die “dieptes van God,” sover hulle in die Skrifte geopenbaar is, na te speur. Terwyl “die verborge dinge vir die Here onse God is,” is “die geopenbaarde dinge vir ons.” Deuteronómium 29:29. Maar Satan is daarop uit om die navorsingskragte van die verstand in die verkeerde rigting te stuur. 'n Sekere mate van hoogmoed gaan gepaard met die ondersoek van Bybelse waarhede, en dit maak die mens ongeduldig en hy voel dat hy 'n neerlaag ly as hy nie elke deel van die Skrif kan verklaar nie. Dit is te vernederend vir hom om te erken dat hy nie die ingegewe woord kan verstaan nie. Hy is nie bereid om geduldig te wag totdat dit God behaag om die waarhede aan hom te openbaar nie. Sulke mense meen dat hulle verstand, sonder goddelike hulp, voldoende is om die Skrifte te verstaan, en as hulle nie daarin slaag nie, verwerp hulle feitelik die

gesag daarvan. Dit is waar dat baie teorieë en leerstellings wat volgens die beskouing van vele op Bybelse grond berus, geen Bybelse gesag het nie en inderwaarheid teenstrydig met die Bybel is. Hierdie dinge het baie tot vertwyfeling gebring. Hulle berus egter nie op die gesag van God se Woord nie, maar is verdraaiings daarvan.

## (6) WAAROM SAL ONS NOOIT IN STAAT WEES OM GOD TEN VOLLE TE BEGRYP NIE?

***Die verborge dinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. (Deuteronómium 29:29)***

As dit moontlik was vir geskape wesens om God en Sy werke ten volle te begryp, sou daar vir hulle, wanneer hulle hierdie stadium bereik, geen verdere waarhede en kennis wees om op te doen, en geen verdere ontwikkeling van hart en verstand wees nie. God sou dan nie meer die Opperwese wees nie; en die mens, daar hy die perke van sy ontwikkeling bereik het, sou dan geen vordering meer maak nie. Laat ons die Here dank dat dit nie die geval is nie. God is ewig; dit is in Hom wat “al die skatte van wysheid en kennis verborge is.” Kolossense 2:3. En deur die ewigheid heen sal die mens naspeur en leer, maar nooit die skatte van Sy wysheid, Sy goedheid en Sy krag uitput nie.

## (7) WAAR ALLEEN KAN GODDELIKE WYSHEID VERKRY WORD?

***Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. (1 Korinthiërs 2:12)***

Dit is die doel van God dat die waarhede van Sy woord selfs in hierdie lewe steeds meer en meer aan Sy volk geopenbaar sal word. Daar is slegs een manier waarop hierdie kennis opgedoen kan word. Ons kan God se woord verstaan alleen deur die verligting van die Gees deur middel waarvan die woord ingegee is. “So weet ook

niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God,” “maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.” 1 Korinthiërs 2:11, 10.

## (8) WAT SAL ONS ONTDEK WANNEER ONS DIE HEILIGE GEES TOELAAT OM ONS TE LEI WANNEER ONS STUDEER?

***Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13)***

God wil hê dat die mens Sy verstand moet gebruik; en daar is niks wat die verstand so versterk en laat ontwikkel as 'n ondersoek van die Bybel nie. Ons moet egter oppas dat ons nie 'n god van die verstand, wat onderhewig is aan die swakhede van die mens, maak nie. As ons wil hê dat die Skrifte nie ons verstand moet benewel sodat ons selfs die eenvoudigste waarhede nie sal verstaan nie, moet ons die eenvoud en geloof van 'n kind hê, bereid om te leer en gewillig om die hulp van die Heilige Gees in te roep. 'n Besef van die krag en wysheid van God, en van ons onbekwaamheid om Sy grootheid te verstaan, behoort ons ootmoedig te maak; en ons behoort Sy woord te lees en voor Sy aangesig te kom met 'n heilige vrees. Waar ons die Bybel ondersoek, moet ons 'n gesag hoër as onsself erken, en hart en verstand moet neerbuig voor die Almagtige “EK IS.”

## (9) WIE IS ONS BRON VAN WYSHEID?

***En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. Jakobus 1:5***

Daar is baie dinge wat oënskynlik duister of moeilik is, maar wat God sal verduidelik aan diegene wat begerig is om hulle te verstaan. Dog sonder die leiding van die Heilige Gees loop ons gedurig gevaar om die Skrifte uit verband te ruk en verkeerd te verklaar. Daar is baie

gevalle waar die Bybel sonder voordeel gelees word, en in sommige gevalle tot groot nadeel. Waar die Woord van God sonder eerbied en gebed gelees word; wanneer die gedagtes en die hart nie op God gevestig en in harmonie met Sy wil is nie, sal die verstand deur twyfeling benewel word; en by elke ondersoek van die Skrifte sal skeptisisme toeneem. Die vyand beheers die gedagtes en hy gee verkeerde verklarings aan die hand. Waar mense nie soek om in woorde en dade in harmonie met God te kom nie, al is hulle ook hoe geleerd, loop hulle gevaar om die Skrifte verkeerd te verstaan, en dis nie veilig om hulle uitleg daarvan aan te neem nie. Diegene wat die Skrifte ondersoek net om foute daarin te ontdek, ly gebrek aan geestelike insig. Met 'n verdraaide insig sal hulle baie rede vind om te twyfel aan dinge wat inderwaarheid duidelik en eenvoudig is.

**(10) HOE BEïNVLOED DIT ONS VERHOUDING MET GOD WANNEER ONS BLATANT VOORTGAAN MET DIT WAT ONS WEET VERKEERD IS?**

***Maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. (Jesaja 59:2)***

Hulle kan dit maar bedek soos hulle wil, maar die ware rede vir twyfel en skeptisisme is in die meeste gevalle 'n liefde vir die sonde. Die onderrig, en die beperkings wat God se Woord oplê, is onwelkom vir die hoogmoedige hart wat die sonde liefhet, en diegene wat onwillig is om aan die eise van die Woord te voldoen, is ook altyd gereed om te twyfel aan die gesag daarvan. Om tot 'n kennis van die waarheid te kom, moet daar 'n opregte begeerte wees om die waarheid te ken, asook 'n gewilligheid om dit te gehoorsaam. Almal wat in hierdie gees kom om die Bybel te ondersoek, sal oorvloedige bewys vind dat dit God se Woord is, en hulle sal 'n begrip van die waarheid opdoen wat hulle wys sal maak tot die saligheid.

**(11) WAT VEREIS GOD VOORDAT HY NUWE LIG AAN ONS SAL OPENBAAR?**

***As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek. (Johannes 7:17)***

In pleks daarvan om te redekawel en die dinge wat u nie verstaan nie, in twyfel te trek, moet u liewer die lig aanneem wat reeds op u pad skyn, en u sal meer lig ontvang. Wees, deur die genade van Christus, gehoorsaam aan elke plig wat vir u duidelik geword het, en dan sal u in staat gestel word om die waaraan u tans twyfel, te verstaan en uit te voer.

Daar is 'n getuienis wat almal kan aanneem – die geleerdstes sowel as die ongeleerdstes – naamlik die getuienis van die ondervinding. Die Here nooi ons om vir onsself die waarheid van Sy Woord en van Sy beloftes op die proef te stel. Hy gebied ons: "Smaak en sien dat die Here goed is." Psalm 34:9.

Pleks om ons te verlaat op die gesegdes van ander, moet ons persoonlike ondervinding opdoen. Hy sê: "Bid en julle sal ontvang." Johannes 16:24. Hy sal Sy beloftes gestand doen. Hulle het nog nooit gefaal nie en sal ook nie. Namate ons nader aan die Here Jesus kom, ons verheug in die volheid van Sy liefde, sal alle twyfel en duisternis opklaar in die lig van Sy aanskyn.

## (12) WAT SAL ONS GETUIENIS WEES SOOS WAT ONS VERHOUDING MET JESUS ONTWIKKEL?

***Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde. (Kolossense 1:13)***

Die apostel Paulus sê dat God, "ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde." Kolossense 1:13. En elkeen wat oorgegaan het van die dood tot die lewe, "het sy seël daarop gesit dat God waar is." Johannes 3:33. Hy kan die volgende getuienis aflê: "Ek het behoefte gehad aan hulp en het dit in Jesus gevind. Daar is in elke behoefte voorsien; my sielehonger is versadig, en nou is die Bybel vir my 'n openbaring van Jesus Christus. Vra u waarom ek in Jesus glo? Omdat Hy vir my 'n goddelike Verlosser is. Waarom glo ek in die Bybel? Omdat ek gevind het dat dit die stem van God tot my siel is." Ons kan in onsself die

getuienis hê dat die Bybel waar is, en dat Christus die Seun van God is. Ons weet dat ons nie verdigte fabels navolg nie.

## (13) WATTER UITWERKING SAL DIT OP ONS GEESTELIKE REIS Hê WANNEER ONS DIE LIG VOLG WAT AAN ONS GEGEE WORD?

***Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op julle hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jule eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen. (2 Petrus 3:17-18)***

Petrus het sy broeders vermaan om toe te neem, "in die genade en kennis van onse Here en Verlosser, Jesus Christus." Wanneer die volk van God toeneem in genade, sal hulle steeds meer en meer 'n beter begrip van Sy woord verkry. Hulle sal nuwe lig en skoonheid in die heilige waarhede daarvan sien. Dit was waar van die kerk in alle eeue, en so sal dit wees tot die einde toe. "Die pad van die regverdiges is soos die môreglans, wat al helderder word tot die volle middag toe." Spreuke 4:18

## (14) HOE BESKRYF HIERDIE TEKSVERS ONS TOEKOMSTIGE VERMOë OM GOD SE VOORSIENIGHEID TE BEGRYP?

***Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. (1 Korinthiërs 13:12)***

In geloof kan ons die hiernamaals tegemoet gaan en die belofte van God aanneem dat ons verstand sal ontwikkel, die menslike vermoëns verenig met die goddelike, en dat al die kragte van die siel in regstreekse kontak sal kom met die Bron van lig. Ons mag ons daarin verheug dat alles wat ons in hierdie lewe verbyster het, daar verklaar sal word; die dinge wat hier moeilik was om te verstaan, sal dan

opgelos word; en waar ons beperkte verstand slegs verwarring en mislukking gesien het, sal ons die volmaakste skoonheid en harmonie bespeur.

***Ek besef dat baie in die finale dae van die aarde se geskiedenis skepties sal wees oor God. Ek kies om my geloof te basseer op die bewyse wat Hy voorsien het en in Hom te glo.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Dit is verstroostend om te weet dat God se wysheid nie deur enige mens begryp kan word nie. Ek kan my lewe in Sy hande plaas wetende dat Hy in beheer van alles is.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek besef dat alhoewel ek nie alles kan verstaan wat die Bybel oor God sê nie, dit selfs 'n groter bewys is van Sy grootheid. Dit is duidelik dat die Bybel deur Hom geïnspireer is.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek kies om alle twyfel aangaande God en Sy Woord, wat die versoeker in my gedagtes plaas, mee weg te doen. Ek kies om die lig te volg soos wat God dit aan my openbaar.***

**Omkring: Ja Besluitloos**



# Les 15
# Vreugde in die Here!

## (1) AS CHRISTENE, AAN WIE MOET ONS CHRISTUS SE GOEDHEID, GENADE EN LIEFDE VOORSTEL?

***En julle sal in dié dag sê: Dank die HERE, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is! Psalmsing tot eer van die HERE, want Hy het heerlike dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde. (Jesaja 12:4-5)***

Die kinders van God is geroep om Christus te verteenwoordig, om Sy goedheid en genade te verkondig. Net soos Jesus aan ons die ware karakter van die Vader geopenbaar het, moet ons ook Christus openbaar aan 'n wêreld wat onbekend is met Sy ontfermende, medelydende liefde. "Soos U My gestuur het in die wêreld," het Jesus

gesê, “het Ek ook hulle gestuur in die wêreld.” “Ek in hulle en U in My, . . . dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het.” Johannes 17:18, 23.

## (2) WATTER ROL MOET ONS VERVUL WANNEER ONS CHRISTUS AANNEEM EN VOLG?

***Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense; omdat julle duidelik ‘n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart. (2 Korinthiërs 3:2-3)***

Jesus stuur in elkeen van Sy kinders ‘n brief aan die wêreld. As u ‘n navolger van Christus is dan stuur Hy in u ‘n brief aan die huisgenote, die dorp, die straat, waar u woon. Jesus, in u, is begerig om tot die harte van diegene te spreek wat Hom nie ken nie. Miskien lees hulle nie die Bybel nie, en hoor nooit die stem wat in daardie bladsye tot hulle spreek nie; hulle bespeur nie die liefde van God in Sy werke nie; maar as u 'n ware verteenwoordiger van Jesus is, dan kan dit gebeur dat hulle deur u tot 'n besef van Sy goedheid sal kom en tot Hom gewin sal word om Hom lief te hê en te dien.

## (3) WATTER TWEE KARAKTEREIENSKAPPE SAL ONS WEERKAATS IN ONS LEWENS, TERWYL ONS IN CHRISTUS SE DIENS LIG UITDRA NA DIE WêRELD?

***Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is groot wins. (1 Timótheüs 6:6)***

Christene is die lampe op die pad na die hemel. Hulle moet aan die wêreld die lig wat van Christus op hulle skyn, weerkaats. Hulle lewe en karakter behoort so te wees dat ander 'n regte begrip van Christus en Sy diens sal kry.

As ons Christus wel verteenwoordig, sal ons Sy diens so aantreklik maak soos dit werklik is. Christene wat swaarmoedig en somber is en wat murmureer en kla gee aan ander 'n valse voorstelling van God en die Christelike lewe. Hulle gee die indruk dat God nie graag Sy

kinders opgeruimd wil sien nie en hierin lê hulle valse getuienis af teen onse hemelse Vader.

**(4) WAT IS DIE GRONDBEGINSEL, WAT ONGELOOF, MISMOEDIGHEID, EN SATAN SE WANVOORSTELLINGS OOR GOD SAL VOORKOM, AS DIT VASGELê IS IN ONS GEDAGTES?**

***Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid. (Psalm 125:1)***

Satan is maar te bly as hy die kinders van God ongelowig en neerslagtig kan maak. Dit behaag hom as ons God wantrou en twyfel aan Sy gewilligheid en krag om ons te verlos. Hy wil graag hê dat ons moet dink dat die Here ons sal kwaaddoen. Dit is die werk van Satan om die Here voor te stel as iemand sonder medelyde en ontferming. Hy stel die Here verkeerd voor. Hy vul die hart met valse idees omtrent God, en in stede dat ons die waarheid aangaande onse hemelse Vader oorpeins, dink ons te dikwels aan die wanvoorstellings van Satan en onteer ons God deur Hom te wantrou en teen Hom te murmureer. Satan is gedurig daarop uit om die Christelike lewe 'n lewe van somberheid te maak. Hy wil dit graag as swaar en moeilik voorstel; en wanneer die Christen so 'n voorstelling gee van die godsdiens, bevestig hy, deur sy ongeloof, die leuens van Satan.

**(5) WAT BEHOORT ONS REAKSIE TE WEES, (SOOS PAULUS), WANNEER ONS MOEILIKHEDE OP ONS LEWENSPAD ONDERVIND?**

***En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk. (2 Korinthiërs 12:9-10)***

Baie op die lewensweg dink te veel aan hulle foute, mislukkings en teleurstellings, en hulle is hartseer en ontmoedig. Toe ek in Europa

was, het 'n suster wat haar gewoonlik hieraan oorgegee het, en wat baie ontmoedig was, aan my geskryf en gevra om 'n woordjie van aanmoediging. Die nag na ek haar brief ontvang het, het ek gedroom dat ek in 'n tuin was, en iemand, waarskynlik die eienaar, het my rondgeneem. Ek was besig om blomme te pluk en hulle soete geur te geniet, toe hierdie suster wat langs my geloop het my aandag gevestig het op 'n klomp doringstruike wat haar weg versper het. Daar het sy gestaan en haar lot bekla. Sy het nie in die paadjie agter die gids aangeloop nie, maar tussen die dorings. “O,” het sy gekerm, “is dit nie jammer dat hierdie pragtige tuin deur dorings moet ontsier word nie?” Toe sê die gids aan haar: “Laat staan die dorings, hulle sal jou net steek. Pluk die rose en die ander mooi blomme.”

Was daar nie aangename dinge in u lewe nie? Was daar nie tye toe u hart gejubel het van vreugde as gevolg van die werkinge van God se Gees nie? As u terugkyk op u lewe, vind u geen aangename dinge nie? Is die beloftes van God nie soos lieflike blomme op u lewenspad nie? Sal u nie toelaat dat hulle skoonheid en geur u hart met vreugde vul nie?

## (6) WAT SAL DIE GETUIENIS VAN ‘N ONWAARDIGE SONDAAR WEES WANNEER HY DIE PRENTJIE VAN VERLOSSING SNAP?

***En julle sal in dié dag sê: Dank die HERE, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is! (Jesaja 12:4)***

Dank die Here vir die aangename dinge van die lewe. Laat ons dink aan die baie versekerings van Sy liefde; laat ons dit gedurig voor oë hou. Dink daaraan hoedat die Seun van God die troon van Sy Vader verlaat het en mens geword het sodat Hy die mens kon verlos uit die mag van Satan; hoedat Hy vir ons die oorwinning behaal het, die hemel vir ons geopen het sodat ons 'n blik kan kry op die heerlikheid van God; hoedat die gevalle menslike geslag opgehef is uit die kuil van die sonde en weer in aanraking met die ewige God gebring is, sodat hulle, deur geloof in die Verlosser, met die geregtigheid van Christus beklee kan word en verhoog kan word tot

Sy troon – dit is die prentjies waarop God wil hê dat ons, ons aandag moet vestig en oorpeins en met ander moet deel.

## (7) HOE HET GOD SY LIEFDE SONDER ENIGE TWYFEL AAN ONS BEWYS??

***Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam mt Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? (Romeine 8:32)***

Wanneer dit skyn of ons aan God se liefde twyfel en Sy beloftes wantrou, onteer ons Hom en bedroef ons Sy Heilige Gees. Hoe sou 'n moeder voel as haar kinders gedurig oor haar kla, nes of sy hulle nie goedgesind is nie, terwyl dit haar een doel in die lewe is om hulle belange te bevorder en hulle te versorg? Veronderstel dat hulle aan haar liefde sou twyfel; dit sou haar baie ongelukkig maak. Hoe sou enige ouer voel as sy kinders hom so sou behandel? En wat sou ons hemelse Vader van ons dink as ons aan Sy liefde twyfel – die liefde wat Hom beweeg het om Sy eniggebore Seun te gee sodat ons die ewige lewe mag hê? En tog, hoeveel is daar nie wat deur hulle handelwyse, so nie in woorde nie, sê "Die liefde van die Here is nie vir my nie. Miskien het Hy ander lief, maar Hy het my nie lief nie."

## (8) WAAROM MOET ONS NIE BLY TWYFEL NIE, EN OOK NIE ENIGE TWYFEL AANGAANDE 'N GEESTELIKE SAAK MET ANDERE DEEL NIE?

***Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. (Romeine 14:7)***
***Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liewer, om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie. (Romeine 12:14)***
***Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie. (1 Korithiërs 8:9)***
***Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus. (1 Korinthiërs 8:12)***

Sulke dinge doen u eie siel kwaad; want elke keer as u twyfel, is dit 'n uitlokking van die versoekings van Satan; dit versterk die neiging om te twyfel, en dit lei u weg van u dienende engele. Wanneer Satan u versoek, moet u nie aan God twyfel nie. As u gehoor gee aan sy influisterings, sal hy u hart met agterdog en twyfel vul. As u u gevoelens lug, sal elke woord van twyfel wat u uiter nie slegs op u reageer nie, maar dit is soos 'n saadjie wat opskiet en vrugte dra in die lewens van ander, en dit mag heeltemal onmoontlik wees om later die slegte invloed onskadelik te maak. U mag die versoeking van Satan self te bowe kom, maar ander wat deur u woorde beinvloed is, mag nie aan die ongeloof wat u gesaai het, ontkom nie. Hoe noodsaaklik is dit om slegs woorde te spreek wat geestelike krag sal bring in die lewens van ander!

## (9) WAT MOET ONS GESPREKKE BEVAT WAT GOD SE VERLOSSING SAL OPENBAAR?

***Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet. (Psalm 50:23)***

Die engele luister om te hoor watter rapport u aangaande u hemelse Meester lewer. Laat u gesprekke wees oor Hom wat gedurig by die Vader vir u intree. Wanneer u 'n vriend 'n handdruk gee, laat u lippe en u hart vol lof wees vir God —dit sal sy aandag op Jesus vestig.

## (10) WATTER RAAD GEE DIE BYBEL ONS OOR TWYFEL EN MOEDELOOSHEID?

***Doen alles sonder murmurering en teëspraak (Filippense 2:14)***

Almal het met beproewings en moeilikhede te kampe; en almal het versoekings wat swaar is om te weerstaan. Moenie u medemens met u moeilikhede belas nie, maar maak alles aan God bekend deur gebed. Maak dit 'n lewensreël om nooit woorde van twyfel en moedeloosheid te uiter nie. Deur woorde van hoop en bemoediging kan u baie doen om die lewens van ander op te beur en hulle te versterk.

Daar is menige moedige siel wat, geteister deur versoeking, op die punt staan om die stryd teen self en die bose magte op te gee. Moenie so 'n persoon verder ontmoedig in sy felle stryd nie. Bemoedig hom met woorde van hoop wat hom sal help op sy weg. Op hierdie manier sal die lig van Christus van u straal. “Niemand van ons leef vir homself nie.” Romeine 14:7. Deur u onbewuste invloed mag ander bemoedig en versterk word, of u kan hulle ontmoedig en 'n afsku laat kry aan Christus en die waarheid.

## (11) IN WIE SE TEENWOORDIGHEID WORD VOLLE VREUGDE EN BLYDSKAP GEVIND?

***Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie. (Psalm 16:8)***
***U wys vir my die lewenspad; in U teenwoordigheid is vreugde, en aan u regterhand is daar blydskap vir altyd. (Psalm 16:11 NLV)***

Daar is baie wat 'n verkeerde begrip het van die lewe en karakter van Christus. Hulle dink dat daar geen warmte en sonskyn in Sy lewe was nie, en dat Hy stroef, hard en sonder vreugde was. In baie gevalle word die hele godsdienstige lewe deur hierdie droefgeestige sienswyse beinvloed.

Ons hoor dikwels dat Jesus geween het, maar nooit gelag het nie. Dit is waar, onse Heiland was 'n man van smarte en iemand wat droefheid geken het, want Hy het die droefheid van die ganse mensheid op Hom geneem. Dog, hoewel Sy lewe vol selfopoffering en pyn was, was Sy gees nie ontmoedig nie. Sy gesig het nie die tekens van droefheid en ontevredenheid getoon nie, maar van vrede en kalmte. Sy hart was 'n bron van lewe; en waar Hy ook gegaan het, het Hy rus, vrede, vreugde en blydskap versprei.

Ons Heiland was baie ernstig en ywerig, maar nooit droefgeestig of nors nie. Die lewe van diegene wat in Sy voetstappe volg, sal doelbewus en ernstig wees; hulle sal onder 'n diepe besef van persoonlike verantwoordelikheid verkeer. Hulle sal ligsinnigheid versaak; daar sal geen uitgelatenheid of growwe grappe wees nie. Die godsdiens van Jesus bring vrede; dit onderdruk nie vreugde of opgeruimdheid nie, en maak nie 'n sonnige, opgeruimde gelaat

somber nie. Christus het gekom, nie om gedien te word nie, maar om te dien, en as Sy liefde in ons harte is, sal ons ook Sy voorbeeld volg.

***Dankie my God en Vader dat U, u liefde sonder twyfel aan my bewys het in die gawe van U Seun vir my verlossing. Ek kies om in Jesus te bly sodat ek die volle vreugde en blydskap wat Hy aan my wil gee, kan ondervind.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek aanvaar die eer om die naam "Christen" te dra en kies om aan andere die vreugde, vrede en geluk wat kom deur in Hom te bly, te openbaar.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek kies om die Here te vertrou want ek besef dat dit my enigste beskerming teen Satan se leuens en ongeloof is.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Dit is my doel om diegene om my op te hef en te bemoedig sodat hulle nie mismoedig sal word en twyfel nie.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

---



# Les 16
# Vreugde Nou en vir Ewig!

## (1) WAT MOET ONS DOEN WANNEER ANDER MENSE ONS TE NA KOM?

***Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. (Efesiërs 4:32)***
***Die verstand van 'n mens maak hom lankmoedig, en dit is vir hom 'n eer om die oortreding te vergewe. (Spreuke 19:11)***

As ons gedurig dink aan die onvriendelike en onregverdige dade van ander, sal dit vir ons onmoontlik wees om hulle lief te hê soos Christus ons liefgehad het; maar as ons gedagtes gevestig is op die wonderbaarlike liefde en ontferming van Christus vir ons, sal dieselfde gees van ons uitgaan na ander. Ons behoort mekaar lief te hê en te respekteer, nieteenstaande die foute en gebreke wat ons in ander bespeur. So 'n gees sal alle selfsug uitroei en ons harte groot en milddadig maak.

## (2) WAT MOET ONS DOEN OM TE VERHOED DAT DIE AANSTEEKLIKHEID VAN MISMOEDIGHEID SAL VERSPREI?

***Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. (Spreuke 3:5)***

Die psalmis sê: “Vertrou op die Here, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid; . . . dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.” Psalm 37:3, 4.

Elke dag het sy eie laste, sorge en moeilikhede; en hoe graag praat ons nie van ons moeilikhede en beproewings as ons mekaar ontmoet nie. Daar is soveel gewaande moeilikhede, soveel vrees en soveel angs word getoon, dat mens nooit sal sê dat daar 'n liefdevolle, ontfermende Heiland is wat graag ons gebede wil verhoor en ons tot hulp wil wees in elke nood nie.

## (3) WATTER BELOFTE VERSEKER ONS DAT GOD ONS NIE SAL VERLAAT IN ENIGE SITUASIE NIE?

***Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees . Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. (Hebreërs 13:5)***

Daar is sommige wat gedurig bevrees is vir moeilikhede wat kan kom. Elke dag is hulle omring van God se liefde; elke dag geniet hulle Sy seëninge, maar hulle is blind vir hierdie seëninge. Hulle dink gedurig oor onaangename dinge wat moontlik kan gebeur; of daar

mag 'n werklike moeilikheid wees, wat hoewel dit nie groot is nie, tog hulle oë verblind vir die baie seëninge waarvoor hulle dankbaar behoort te wees. In plaas daarvan dat die moeilikhede wat hulle teëkom hulle tot God bring, die enigste bron van hulp, skei dit hulle van Hom omdat onrus en ontevredenheid daardeur veroorsaak. word.

Is dit goed om so ongelowig te wees? Waarom moet ons ondankbaar en wantrouig wees? Jesus is ons vriend; die ganse hemel stel belang in ons welsyn. Ons moet nie toelaat dat die moeilikhede en kwellings van die alledaagse lewe ons swaarmoedig maak nie. As dit die geval is, sal daar gedurig iets voorval om ons oor te kwel en ergerlik te maak. Ons moet ons nie aan kwellings oorgee wat ons uitput, maar tog nie help om ons beproewings te dra nie.

## (4) WAT SAL DIE HERE VIR ONS DOEN AS ONS HOM IN ALLES KEN EN VERTROU?

***Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak. (Spreuke 3:6)***

U mag besigheidskwellings hê; sake mag al hoe moeiliker word en u mag bedreig word deur verliese; maar moenie moedeloos word nie; werp al u kommernisse op die Here, en bly kalm en bedaard. Bid om wysheid om u sake te bestuur en verhoed op daardie manier verliese of mislukking. Doen alles wat u kan van u kant of om die beste resultate te verkry. Jesus het ons Sy hulp belowe, dog nie sonder ons eie pogings nie. As u, vertrouende op u Helper, alles in u vermoë gedoen het, berus u dan blymoedig in u lot.

## (5) WATTER AANMOEDIGING GEE DIE HERE ONS WANNEER ONS MOEILIKHEDE ERVAAR?

***Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Johannes 16:33)***

God wil nie dat Sy volk gebuk sal gaan onder kwellings nie, dog terselfdertyd wil die Here ons nie onder 'n verkeerde indruk laat verkeer nie. Hy sê nie aan ons: “Moenie vrees nie; daar skuil geen

gevare op u weg nie." Hy weet dat daar beproewings en gevare is, en Hy handel openlik met ons. Dit is nie Sy plan om Sy volk te verwyder uit hierdie sondige en bose wêreld nie, maar Hy wys ons op 'n veilige skuilplek.

## (6) WATTER BELOFTE KAN ONS OPEIS VIR ONS DAAGLIKSE BEHOEFTES?

***Maar soek eers die koninktyk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. (Matthéüs* 6:33)**

In Sy bergpredikasie, het Christus kosbare lesse aan Sy dissipels gegee aangaande die noodsaaklikheid om op God te vertrou. Hierdie lesse is bedoel om die kinders van God deur die eeue heen te bemoedig, en vir ons vandag is hulle baie leersaam en vol vertroosting. Die Heiland het die aandag van Sy navolgers op die voëltjies gevestig, wat sonder kwellings en sorge hulle lofliedjies sing, want "hulle saai nie en hulle maai nie;" en nogtans voorsien die Vader in hulle behoeftes. Die Heiland vra: "Is julle nie baie meer werd as hulle nie?" Matthéüs 6:26. Die Een wat voorsien in die behoeftes van mens en dier, maak Sy hand oop en sorg vir al Sy skepsels. Die voeltjies is nie te gering vir Hom om op te merk nie. Hy gooi nie die voedsel in hulle bekkies, nie, maar Hy voorsien in hulle behoeftes. Hulle moet die saadjies gaan soek wat Hy vir hulle gestrooi het. Hulle moet hulle eie nessies maak. Hulle moet self hulle kleintjies voer. Hulle gaan al singende voort met hulle werk, want julle hemelse Vader voed hulle. En "is julle nie baie meer werd as hulle nie?" Is julle, as intelligente, geestelike aanbidders, nie meer werd as die voëltjies van die hemel nie? Sal ons Skepper, die Bewaarder van ons lewe, die Een wat ons na Sy eie beeld gemaak het, nie in al ons behoeftes voorsien as ons Hom maar net wil vertrou nie?

## (7) WAAROP MOET ONS LET AS VERSEKERING VAN CHRISTUS SE LIEFDEVOLLE SORG?

***En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat***

***selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. (Matthéüs 6:28-29)***

Christus het Sy dissipels gewys op die veldblomme, wat weelderig gegroei het in die eenvoudige skoonheid waarmee die hemelse Vader hulle beklee het, as 'n bewys van Sy liefde vir die mens. Hy het gesê: “Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei.” Die skoonheid en eenvoud van hierdie natuurlike blomme het die heerlikheid van Salomo ver oortref. Die pragtigste klere wat die mens kan vervaardig, kan nie vergelyk word met die natuurlike skoonheid en heerlikheid van die blomme wat God geskape het nie. Jesus vra: “As God dan die gras van die veld wat vandag daar is en môre in ‘n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?” Matthéüs 6:28, 30. As die Here, die goddelike kunstenaar, aan die eenvoudige, verganklike blomme die sagte, skoon kleure gee, hoeveel groter sal Sy sorg nie wees vir diegene wat in Sy eie beeld geskape is nie? Hierdie onderwysing van Christus is 'n bestraffing vir alle kwellings, vreesagtigheid en twyfelmoedigheid van 'n ongelowige hart.

Die Here wil hê dat al Sy seuns en dogters, gelukkig, vol vrede, en gehoorsaam sal wees. Jesus sê: “Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek vir julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.” Johannes 14:27. “Dit het Ek vir julle gesê, dat My blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan wees.” Johannes 15:11.

**(8) WAT IS SES PRAKTIESE OPOFFERENDE DADE VAN DIENS WAT ONS IN LIEFDE VIR GOD KAN DOEN OM ANDERE TE HELP EN SODOENDE WARE VERVULLING EN GELUK TE VERKRY?**

***Is dit nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie: As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? (Jesaja 58:6-7)***

Geluk wat verkry word as gevolg van selfsugtige motiewe, en nie langs die regte weg nie, is onbevredigend en onbestendig; dit verdwyn en laat die siel in eensaamheid en verdriet; maar daar is vreugde en bevrediging in die diens van God; die Christen word nie alleen gelaat op 'n onsekere weg nie; daar is geen wroeging en teleurstellings nie. As ons nie die vreugde van hierdie lewe kan geniet nie, kan ons darem nog blymoedig uitsien na die lewe hierna.

**(9) WANNEER ONS GEMEENSKAP MET CHRISTUS GENIET EN DIE EVANGELIE DEEL, WATTER BELOFTE VAN TROOS IS DAAR VIR ONS?**

***... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matthéüs 28:19-20)***

Maar selfs in hierdie lewe mag Christene die vreugde van gemeenskap met Christus smaak; hulle mag die lig van Sy liefde hê en die gedurige vertroosting van Sy teenwoordigheid. Elke stap op die lewensweg kan ons digter aan Jesus bring, ons meer van Sy liefde laat ondervind en ons steeds nader bring aan die salige tuiste van vrede. Laat ons dus nie ons vrymoedigheid wegwerp nie, maar laat ons sterker vertrou as ooit tevore. “Tot hiertoe het die Here ons gehelp,” 1 Samuel 7:12 . En Hy sal ons bystaan tot die einde toe.

**(10) WAAROM MOET ONS GOD SE SEëNINGE VAN DIE VERLEDE ALTYD VARS IN ONS GEHEUE HOU?**

***Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak. (Deuteronómium 4:9)***

Laat ons na die monumente langs die pad kyk, wat ons herinner aan wat die Here gedoen het om ons te vertroos en te verlos uit die hand van die verwoester. Laat ons gedurig dink aan die seëninge aan ons geskenk – die trane wat Hy gedroog het, die pyne wat Hy gelenig

het, die kwellings wat Hy weggeneem het, die sorge wat Hy verwyder het, die behoeftes waarin Hy voorsien het, al die seëninge wat Hy gegee het; en laat ons onsself sodoende sterk vir alles wat nog voorlê op die lewensweg.

## (11) OP WATTER BELOFTES KAN ONS STAATMAAK TERWYL ONS DIE BEPROEWINGS EN VERSOEKINGS VAN DIE KOMENDE KRISIS BINNEGAAN?

***Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. (1 Korinthiërs10:13)***

Ons moet natuurlik nuwe moeilikhede verwag in die aanstaande stryd, maar ons kan terug kyk op die verlede en die toekoms tegemoetgaan en sê: "Tot hiertoe het die Here ons gehelp." "Jou sterkte [sal] soos jou dae wees." Deuteronómium 33:25. Die beproewings sal nie ons kragte te bowe gaan nie. Laat ons dan voortgaan met ons werk en glo dat wat ook al gebeur, ons genoeg krag sal hê vir elke beproewing.

## (12) ALHOEWEL ONS BEPROEWINGS MAG SIEN EN ONDERVIND WAT SWAAR IS OM TE DRA, WAARIN KAN ONS VREUGDE EN TROOS VIND?

***En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. (Romeine 8:28)***

## (13) AS OORWINNAARS DEUR GOD SE GENADE, NA WATTER WONDERLIKE WOORDE KAN ONS UITSIEN?

***Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê: Kom julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. (Matthéüs 25:34)***

En eerlank sal die poorte van die hemel oopgaan om God se kinders binne te laat. Dan sal die verlostes verwelkom word in daardie

tuiste wat Jesus tans vir hulle berei. Hulle metgeselle daar sal nie die gemenes van die aarde, die leuenaars, afgodedienaars, onreines en ongelowiges wees nie; maar hulle sal omgang hê met diegene wat die oorwinning oor Satan behaal het, en deur goddelike genade volmaakte karakters gevorm het. Elke sondige neiging, elke onvolmaaktheid waaraan hulle hier onderhewig was, is weggeneem deur die bloed van Christus, en die glans van Sy heerlikheid, wat die glans van die son ver oortref, word aan hulle meegedeel. Die sedelike skoonheid en volmaaktheid van Sy karakter straal deur hulle. Hulle staan sonder gebrek voor die groot wit troon, en deel in die waardigheid en voorregte van die engele.

**(14) TERWYL DIE GROOT STRYD TUSSEN GOED EN KWAAD TOT 'N EINDE KOM – WATTER BELANGRIKE VRAE MOET ONS ONSSELF AFVRA?**

***Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? (Matthéüs 16:26)***

Met die oog op hierdie heerlike erfenis wat hy kan hê, “wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?” Matthéüs 16:26. Hy mag arm wees, maar nogtans besit hy in homself 'n rykdom en 'n waardigheid wat die wêreld nooit kan gee nie. Die siel wat verlos en van sonde gereinig is, en wat met al sy edele eienskappe aan die diens van God toegewy is, het oneindige waarde; en daar is blydskap in die hemel by God en die heilige engele oor een siel wat verlos is – 'n blydskap wat uiting vind in heilige oorwinningsliedere.

***Ek besef dat as ek in my eie wysheid en begrip vertrou, ek verdoem is tot teleurstelling. Ek is dankbaar vir Sy getroue belofte om my in Sy Koninkryk in te lei.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek kies om altyd die seëninge van die verlede te onthou sodat ek nie Sy leiding nou en in die toekoms sal betwyfel nie. Ek is dankbaar vir***

***Sy troos en aanwysing terwyl ek deur die lewenspad se moeilikhede en beproewings reis.***

**Omkring: Ja Besluitloos**

***Ek is dankbaar dat God die stappe geopenbaar het wat ek kan kies om nader aan Hom te kom in hierdie Bybelstudie reeks, en ek sien uit daarna om daardie wonderlike woorde te hoor: "Mooi so goeie en getroue dienskneg, welkom na die tuiste wat ek voorberei het vir jou."***

**Omkring: Ja Besluitloos**

---

***INFORMATION FOR GOOGLE AD***
***Please leave the black headers and English below so I can see what I am using for the ad. Just add a line below each one for your translation.***

***This Language Name in English and the name as known in your language:***
*Afrikaans*

***STUDY GUIDE NAME:***

*Steps to Christ Bible Study Guide*
*Skrede na Christus Bybelstudiegids*

***HEADLINES:***
*Free Bible Studies*
*Gratis Bybelstudies*

*Download Free PDF's*
*Laai Gratis PDF's af*

*Jesus offers you peace*
*Jesus bied u vrede aan*

*Find peace within*
*Vind vrede in u hart*

***LONG HEADLINE:***
*"Come to Me, all you who labor and are heavy laden, and I will give you rest."*
*“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”*

***DESCRIPTIONS:***

*Find peace in a world full of chaos*
*Vind vrede in ‘n wêreld vol chaos*

*Get to know the One who can give you peace*
*Leer ken die Een wie aan u vrede kan gee*

*He loves you with an indescribable love*
*Hy het jou lief met ‘n onbeskryflike liefde*

***BUSINESS NAME:***
*Revelation Publications*
*Openbaring Publikasies*